

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

stadskrif.

*'n Ondersoek na die moontlikhede van teks as ontwerp-gereedskap
en verryker van ruimtelike ervaring, toegepas in 'n Pretoria
middestedelike konteks.*

DIE LAASTE AFRIKAANSE SKRIPSIE

deur

JOHAN PRINSLOO.

gelei deur

Mnr. Piet Vosloo.

VOLUME I.

MET VERSKEIE ILLUSTRASIES.

PRETORIA:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, DEPARTEMENT ARGITEKTUUR

*Ter gedeeltelike vervulling van die graad Magister in
Landskapsargitektuur (Professioneel) in die fakulteit
Ingenieurswese, Bou-Omgewing en Inligtingtegnologie.*

2006.

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

PROLOOG

vierhonderd keer het ek vir jou gesê ek weet nie wat is landskapargitektuur nie en vierhonderd keer het ek daarna gaan soek. oor berge en ou grotte, skatkaarte gevolg en pieke geklim. elke keer vind ek iets wat in die lug hang waarna ek gryp om in 'n woord te bêre maar die woorde was diep en ek kon hulle nie vind nie. dit was iets in 'n ou stad, 'n ou man en sy hond en rokerige oggende en koerantpapierhuise. gestap deur liefde en hartstog om te vergeet en te dink oor dinge. but it was nowhere to be found. slegs die aanwesigheid van niks en sulke philosophy niks soos dit.

die ergste is nou is ek gatvol en lus om te quit om even te try dit te vind. so hard probeer ek en so hard misluk hierdie attempts tot diepte en poetry. selfs om so engels te gebruik is fake en pretentious (nie te praat van kleinletters nie) unlike gertvloknel en jan blohm. miskien moet ek hulle vra om 'n song te skryf oor die landskap: Beautiful West en sunnyside sidewalks saam met die herinnering van ons mooiste troebadoer, koos du plessis. so diep kon hy praat en so mooi kon hy beskryf en kweek daai gevoel van verlange na plekke – dis dalk 'n beter landskapargitektuur, want die landskap kannie design word nie.

I SAMEVATTING

Die studie behels 'n ondersoek na teks as 'n nie-grafiese notasie-stelsel in die ontwerpproses, en middel waardeur waarde aan die landskap toegevoeg kan word [Deel 1]. Die motivering vir die studie is gegrond in kritiek oor landskapontwerp wat óf oorwegend beeld-gedrewe, óf beginsel-gedrewe is – geskiedkundige en huidige voorbeelde is bespreek ter illustrasie. 'n Moontlike oorsaak van die probleem is geïdentifiseer as tekortkominge van die grafiese notasie-stelsels wat daarom die ondersoek na 'n nie-grafiese notasie-stelsel noop. Gebruike van teks is afgelei uit literatuur oor die onderwerp en toepaslike praktiese voorbeelde.

Die bevindinge het aanleiding gegee tot die formulering van 'n hipotese dat teks 'n belangrike rol kan speel in die vormskep-proses en lewe van die ontwerp ná konstruksie [Deel 2]. Die hipotese is in die vorm van 'n diagrammatiese ontwerpproses voorgestel.

Die hipotese is toegepas in die ontwerp van ses buiteruimtes in die middestad van Pretoria in afgeskepte en tussen-in ruimtes. [Deel 3]

Een van die ontwerpe is gekies vir 'n volledige tegniese ondersoek [Deel 4].

I
ABSTRACT

This study is an investigation into text as a non-graphical notation system within the design process, and way of adding value to the landscape [*Deel 1*]. The motivation for the study is rooted in a critique of landscape design as generally being either image or principle driven – a brief discussion of historical and contemporary examples serve to illustrate. The uses of text are extracted from relevant literature and practical examples.

The conclusions were interpreted into a hypothesis stating the important role that text can play in the form giving process and post-construction existence of a place [*Deel 2*]. The hypothesis is summarised as a diagrammatically represented design process.

In order to test the validity of the hypothesis, the formulated design process was applied in the design of six left-over outside spaces in the city centre of Pretoria [*Deel 3*].

A complete technical investigation was conducted for one of the designs [*Deel 4*].

INHOUDSOPGAWE

I: SAMEVATTING	6
LYS VAN FIGURE	14
DEEL 1: DIE FORMULERING VAN DIE HIPOTESE	19
II: DIE BEELD - BEGINSSEL DUALISME	19
1) INLEIDING	19
2) DIE BEELD - BEGINSSEL DUALISME IN LANDSKAPSARGITEKTUUR	19
2.1 <i>Moderne beweging</i>	19
2.2 <i>Ekologiese ontwerp</i>	20
2.3 <i>(Modern-) Post-Moderne ontwerp</i>	20
2.4 <i>Huidige Suid-Afrikaanse ontwerp</i>	20
3) 'N SOEKE NA 'N TUSSEN	20
4) GEVOLGTREKKING	21
III: 'N OORSAAK VAN DIE STRYDVRAAG - GRAFIESE- NOTASIE	23
1) INLEIDING	23
2) TEKENING ONDERSTEUN DIE BEELD - BEGINSSEL DUALISME	23
2.1 <i>Beeld-gedrewe tekeninge</i>	23
2.2 <i>Beginsel-gedrewe tekeninge</i>	24
3) GEVOLGTREKKING	26

IV: 'N ANTWOORD – VAN BEGINSELS NA TEKS NA BEELD	27
1) INLEIDING	27
2) DIE GEBRUIKE VAN TEKS	27
2.1 <i>Die ontbloting van ontwerp</i>	27
2.1.1 <i>Bespreking</i>	27
2.1.2 <i>Voorbeelde</i>	28
2.2 <i>Verryking van die landskap</i>	28
2.2.1 <i>Bespreking</i>	30
2.2.2 <i>Voorbeelde</i>	30
2.3 <i>Die verandering van persepsie</i>	33
2.3.1 <i>Bespreking</i>	33
2.3.2 <i>Voorbeeld</i>	33
2.4 <i>Die wegdoen van leë sinjale</i>	33
2.4.1 <i>Bespreking</i>	33
2.4.2 <i>Voorbeeld</i>	34
2.5 <i>Die grafiese gebruik van teks</i>	36
2.5.1 <i>Bespreking</i>	36
2.5.2 <i>Voorbeelde</i>	36
3) DIE TEKORTKOMINGE VAN TEKS	38
4) GEVOLGTREKKING	38
DEEL 2: DIE HIPOTESE – LANDSKRIF	39
V: BESKRYWING VAN DIE HIPOTESE	39

1) INLEIDING	39
2) RELAAS	39
3) FENOMENOLOGIESE TEKS	40
4) SINTESE	40
5) POST-ONTWERP TEKSTE	41
6) GEVOLGTREKKING	42
DEEL 3: TOEPASSING VAN DIE HIPOTESE - PRETORIA- STORIE	45
VI: PROJEK BESKRYWING	45
1) INLEIDING	45
2) ALGEMENE PROBLEEM	45
3) AGTERGROND VAN DIE PROBLEEM	45
4) TERREIN KEUSES	47
5) KLIËNTE EN BEHOEFTE	50
6) BEPERKINGS	50
7) STUDIE DOELWITTE	50
8) GEVOLGTREKKING	51
VII: DIE SKRYF VAN DIE RELAAS	52
1) INLEIDING	52
2) KWALITATIEWE BEGINSELS	52
2.1 Algemene skaal	52
2.2 Pretoria skaal	53
2.3 Terreine skaal	53

3) DIE RELAAS	55
4) GEVOLGTREKKING	65
VIII: DIE SKRYF VAN DIE FENOMENOLOGIESE TEKSTE	66
1) INLEIDING	66
2) VOORBEELDE, ONTWERP-BEGINSELS, TERREIN-ANALISES EN FENOMENOLOGIESE TEKSTE	66
2.1 <i>Departement van Publieke Werke</i>	66
2.1.1 <i>Voorbeelde</i>	66
2.1.2 <i>Ontwerpbeginsels</i>	67
2.1.3 <i>Terrein-analise</i>	68
2.1.4 <i>Fenomenologiese teks</i>	70
2.2 <i>Poskantoor</i>	71
2.2.1 <i>Voorbeelde</i>	71
2.2.2 <i>Ontwerpbeginsels</i>	71
2.2.3 <i>Terrein-analise</i>	71
2.2.4 <i>Fenomenologiese teks</i>	74
2.3 <i>Rentbel-dakruimte</i>	75
2.3.1 <i>Voorbeelde</i>	75
2.3.2 <i>Ontwerpbeginsels</i>	75
2.3.3 <i>Terrein-analise</i>	76
2.3.4 <i>Fenomenologiese teks</i>	78
IX: VAN TEKS NA VORM (en vice versa) – DIE ONTWERPE	81
1) INLEDING - KERKPLEIN	81
2) DEPARTEMENT VAN PUBLIEKE WERKE BINNEHOF	83
2.1 <i>Beskrywing van ontwerp</i>	83
2.2 <i>Ontbloting van ontwerp: die vertaling van ‘n ruimtelike beskrywing</i>	83

3) POSKANTOOR KNAPSAKPARK	89
3.1 <i>Beskrywing van ontwerp</i>	89
3.2 <i>Wegdoen van leë sinjale: die vertaling van 'n beeldryke teks</i>	89
4) NASIONALE BIBLIOTEEK DOOIE MUUR	95
4.1 <i>Beskrywing van ontwerp</i>	95
4.2 <i>Verryking van landskap (pre-ontwerp teks)</i>	95
5) TUDOR CHAMBERS STEEG	99
5.1 <i>Beskrywing van ontwerp</i>	99
5.2 <i>Verandering van persepsie: die inspirasie vir stedelike vernuwing vanuit 'n storie</i>	99
6) RENTBEL-GEBOU DAKRUIMTE	103
6.1 <i>VBeskrywing van ontwerp</i>	103
6.2 <i>Verryking van landskap (post-ontwerp teks): die komplementering van 'n plek deur die woorde van 'n digter</i>	103
7) OPERA-PLAZA DAKWOORDE	113
7.1 <i>Die grafiese gebruik van teks: die uitbreiding van plek na buite die terrein</i>	113
7.2 <i>Beskrywing van die ontwerp</i>	119
8) GEVOLGTREKKING - CAFÉ RICHE AGTERRUIMTE	121
X: BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	123
BRONNELYS	126
BEDANKINGS	131

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

LYS VAN FIGURE

Voorblad: *stadskrif*. 2006. Outeur. Ink op hout.

FIG. 1: *The betrayal of images*. 1929. Rene Magritte. Olie op doek.

FIG. 2: *Die ossillerende patroon van ontwerp-paradigmas in die geskiedenis van landskapsargitektuur*. 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 3: *Beginsel-gedrewe ontwerp lei dikwels tot gebrekkige beeld*. 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 4: *Beeld-gedrewe ontwerp lei dikwels tot die gebrekkige ondersoek van beginsels*. 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 5: *Beeld-gedrewe ontwerp word ondersteun deur grafiese notasies soos krabbels en collages*. 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 6: *Beginsel-gedrewe ontwerp word ondersteun deur grafiese notasies soos diagramme en abstrakte sinjale wat direk na vorm geïnterpreteer word*. 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 7: *Voorbeeld van 'n kwalitatiewe-beginsel-gedrewe ontwerp-proses*.

FIG. 8: *Foto van Isama Noguchi en voorbeelde van sy werk*. (Weilacher 1999: 49).

FIG. 9: *CDLT huis*. Silverlake, Kalifornië. 1989. Morphosis: 'n voorbeeld van 'n ontwerp wat sonder enige tekeninge geskep is, maar slegs deur verbale instruksies. (Forty 2005: 36).

FIG. 10: *Karooopad*. Carnarvon, Suid-Afrika. 2005. Die outeur. Kleur digitale foto.

FIG. 11: *Karoosomervlug*. 2006. Teks en foto deur outeur : die teks komplementeer die beeld. Digitaal gemanipuleerde beeld.

FIG. 12: *'n Hutspot van style*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van verskeie tuin advertensies.

FIG. 13: *Tikvlek* uit *KykAfrikaans*. 1977 – 80. Willem Boshoff. Ink op papier. (Vladislavic 2005: 23).

FIG. 14: *Garden of words II*. 1999. Willem Boshoff. Plastiek op hout. (Vladislavic 2005: voorblad).

FIG. 15: *Teks as beeld*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van foto's van lettertypes in Pretoria.

FIG. 16: *Voorbeeld van 'n tipiese terrein-analise*. Kwantitatiewe inligting soos windrigting word meer suksesvol voorgestel deur grafiese notasies.

FIG. 17: *Teks as 'n brug tussen beginsels en beeld*. 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 18: *Die hipotese: landskrif*. 2006. Die outeur. Diagramatiese voorstelling van die hipotese.

FIG. 19: *Bestaande publieke buiteruimtes in die middestad van Pretoria*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde beeld.

FIG. 20: *Gebruike van agterafruimtes in die middestad van Pretoria*. 2006. Die outeur. Digitale foto's.

FIG. 21: *Dak- en grondlandskap*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde lugfoto's.

FIG. 22: *Terreinkeuses*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde planne en digitale foto's van terreine.

FIG. 23: *Die ontwerpproses tot aanleiding van die relaas*. 2006. Die outeur.

FIG. 24: *Pretoriageskrifte*. 2006. Die outeur. Grafiese uitbeelding van Pretoria- verwante tekste se invloed op die outeur.

FIG. 25: *shhhh*. 2006. Die outeur. Karikatuur. Ink op papier.

FIG. 26: *Die doolhof*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die DPW binnehof. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 27: *Die verlore brief*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die Poskantoor. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 28: *Die letters ontsnap*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die Nasionale Biblioteek.

FIG. 29: *Jazzkatte*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die *Tudor Chambers* steeg. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 30: *Ete met die engele*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die daklandskap om die Rentbel-gebou. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 31: *Die ontwerpproses tot aanleiding van die fenomenologiese teks*. 2006. Die outeur.

FIG. 32: *Grafiese analise van DPW-binnehof*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde fotos. Fotos deur outeur behalwe die van *Two Plateaux*, Parys, Frankryk deur Daniel Buren (

Brayer *et al* 2004: 174).

FIG. 33: *Grafiese analise van die Poskantoor*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde fotos. Fotos deur outeur behalwe die van *Capitol Plaza*, New York, New York, VSA deur Thomas Balsley (Freeman 2005: 161 – 169).

FIG. 34: *Grafiese analise van die Rentbel-dakruimte*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde fotos. Fotos deur outeur behalwe die van *Maria McVarish* daktuin, San Francisco, Kalifornië, VSA (Carlock 2005: 108 – 113).

FIG. 35: *Betonoerwoud: Van teks na vorm*. 2006. Outeur. Houtskool op papier.

FIG. 36: *DPW binnehof*. 2006. Outeur. Collage.

FIG. 37: *Sketsontwikkeling van DPW-binnehof*. 2006. Outeur. Ink op papier.

FIG. 38 : *Sintese van fenomenologiese-teks en relaas*. 2006. Outeur. Ink op papier.

FIG. 39: *Collage aansig van finale ontwerp nagelang tegniese ondersoek*. 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 40: *Poskantoor knapsakpark*. 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 41: *Konseptontwikkeling vir die poskantoor knapsakpark*. 2006. Outeur. Ink en grafiet op papier.

FIG. 42: *'n See van teks*. 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 43: *Sketsplan van poskantoor knapsakpark*. 2006. Outeur. Rekenaar genereerde plan.

FIG. 44: *Nasionale Biblioteek dooie muur*. 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 45: *Digitale reën: die vertoning van digitale reks teen dooie muur*. 2006. Outeur. Digitale foto's van rekenaarskerm.

FIG. 46: *Breinvlug: kognitiewe waardering van die landskap deur teks*. 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 47: *Tudor chambers steeg*. 2006. Digitale collage.

FIG. 48: *Sketsvoorstelling van ontwerp*. 2006. Outeur. Ink en potlood op papier.

FIG. 49: *Leadbelly*. Onbekend. Op *The best of Leadbelly*.

FIG. 50: *Kafka*. Onbekend. Digitaal gemanipuleerde foto. (in *Encarta '95*).

- FIG. 51: *Dylan Thomas*. Onbekend. Digitaal gemanipuleerde foto. (in *Encarta '95*).
- FIG. 52: *Rembrandt*. 1669. Digitaal gemanipuleerde foto van self-portret. (in *Encarta '95*).
- FIG. 53: *Rentbel dakruimte*. 2006. Outeur. Digitale collage.
- FIG. 54: *voorstelling van Rentbel-uitkykdek*. 2006. Outeur. Collage.
- FIG. 55: *voorstelling van Rentbel-uitkykdek in die nag*. 2006. Outeur. Collage.
- FIG. 56: *Sketsplan van Rentbel-uitkykdek*. 2006. Outeur. Collage.
- FIG. 57: *Opera-plaza dakruimte*. 2006. Outeur. Digitale collage.
- FIG. 58: *Taalkaart I*. 2006. Outeur en Cilna Van Wijk. Digitale collage.
- FIG. 59: *Taalkaart II*. 2006. Outeur en Cilna Van Wijk. Digitale collage.
- FIG. 60: *Taalkaart III*. 2006. Outeur en Cilna Van Wijk. Digitale collage.
- FIG. 61: *Taalkaart IV*. 2006. Outeur en Cilna Van Wijk. Digitale collage.
- FIG. 62: *Cafe Riche agterruimte*. 2006. Outeur. Digitale collage.
- FIG. 63: *'n Gathering in die nag*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde collage van die ruimte agter die *Cafe Riche*-gebou. (Alle foto's deur die outeur.)
- FIG. 64: *Die mooi is in die straat* (*'La beauté est dans la rue.'*) ca. 1960. Plakkaat gebruik tydens studente-optogte in Parys. (in Ford 2006)
- FIG. 65: *Cafe Riche collage*. 2006. Outeur.



Hierdie is nie 'n pyp nie.
FIG. 1: *The betrayal of images.* 1929.
Rene Magritte. Olie op doek.

DEEL 1: DIE FORMULERING VAN DIE HIPOTESE

II DIE BEELD - BEGINSEL DUALISME

Definisie van terme:

- 'beeld': *image*; die skyn van die ontwerp; die estetika; die vorm; alles op die oppervlak; in Duits *gestalt* (Forty 2005: 149) – objekte soos deur die sintuie beskou; **simbole** [draer van betekenis].
templaar

- 'beginsel': dit wat onderliggend aan die ontwerp staan; onder andere funksie, ekologie en konsep; **semiotiek** [betekenis van simbole]; **sintaksis** [struktuur van taal; taalreëls].

- 'dualisme': teenoorgesteldes in verhouding, byvoorbeeld manlik – vroulik

[1] INLEIDING

Die landskapontwerp-geskiedenis volg 'n ossillerende patroon waar die belangrikheid van beeld en beginsel afgewissel word. (Fig. 2) Landskapsargitektuur as sulks, gebore in die laat negentiende eeu (Pregill 1999: 502), vertoon hierdie dualistiese spel kortliks as die verwerping van beeld met die Moderne-beweging, en die aangryping van beeld met die Post-Moderne. 'n Balans en hegte verband tussen beeld en beginsel ontwyk egter.

[2] DIE BEELD - BEGINSEL DUALISME IN LANDSKAPSARGITEKTUUR

2.1 Moderne beweging:

Die Moderne-beweging landskapsargitekthe soos Garrett Eckbo het gestreef na ontwerpe wat nie vir betekenis in simbole hunker nie, maar wat groei vanuit gebruik (Trieb 1995, in Swaffield 2002: 89) – vergelykend met die Moderne argitekthe se 'vorm volg funksie' credo. Die titel van Eckbo se publikasie, *Landscapes for living* (1950), spreek self van hierdie ideaal. Beeld word dus 'n blote gevolg van die beginsels van die ontwerp. Daar moet genoem word dat, soos in die argitektuur, die beeld van Moderne-beweging voorbeelde gou deur ontwerpers nageboots is sonder om die beginsels noodwendig te verstaan (Van Rensburg 2003, persoonlike kommunikasie), en sodoende is die wanbalans omgekeer.

2.2 Ekologiese ontwerp:

Die 1960's stempel die begin van die ekologies-gedrewe denkskool wat moontlik in die mite van terugkeer [‘n verlange na ‘n geïdealiseerde primitiewe verlede, soos bespreek deur Myrcae Eliade (1966) in *Myth of the eternal return*] gewortel is. Landskapsargitektuur se bydra tot die tydsgees is in Ian McHarg (1966) se *Design with Nature* [hoofletter ‘n’ in oorspronklike titel] geëpitomiseer. Ekologies-gedrewe ontwerp plaas sterk klem op beginsel, en beeld word slegs ‘n uitdrukking van natuurlike prosesse (Pregill 1999: 661) – “McHarg’s method insinuated that if the process were correct, the form would be good, almost as if an aesthetic automatically resulted from the **objective** study.” (Trieb in Swaffield 2002: 91) Weereens ontbreek balans. Die landskapargitek verantwoordelik vir die daktuin van die onlangse hernuwing van die *Museum of Modern Art* [MoMA] in New York, Ken Smith (in Hines 2005: 115), kritiseer huidige landskapsargitek (in die VSA) juis hieroor – dat landskapontwerp leeg is van kultuur en **subjektiewe** uitdrukking.

2.3 (Modern-) Post-Moderne ontwerp:

Volgens Trieb (in Swaffield 2002: 91), het sekere jong landskapargitek soos Martha Schwartz aan die einde van die 1970's en gedurende die 80's, wel teen die bo-bespreekte anti-estetiese houding gereageer. Hy klassifiseer ontwerpe wat gedurende hierdie tydperk uitgevoer is (*ibid.* p.92) as uitdrukkings van neo-argaeïese tekens, die genus van plek, die tydsgees, die plaaslike [*vernacular*] landskap of as didaktiese [lerende] landskappe – waarvan die meeste pogings volgens sy oorsig (*ibid.* p.92 – 101) blote grypinge na vorige simbole was en sodanig is betekenis in die landskap afgedwing. Die oppervlakkigheid van die beginsels agter die beelde het dus leë sinjale tot vorm gebring.

2.4 Huidige Suid-Afrikaanse ontwerp

SACLAP [*South African Council for the Landscape Architecture Profession*] het in hierdie jaar [2006] ‘n reeks forums gereël (onder leiding van Clinton Hines, landskapsargitektuur-lektor aan die Universiteit van Pretoria) om die huidige stand van landskapsargitektuur in Suid-Afrika te bespreek. Vanuit waarnemings wat deur praktyklede gemaak is (per geleentheid op 20/04/2006 te Universiteit van Pretoria), wil dit blyk of die meerderheid huidige landskapsargitek in Suid-Afrika beginsel-gedrewe ontwerp ondersteun, met die fokus op ekologiese beginsels. Die ganse volhoubaarheids-paradigma spreek ook van hierdie ideaal.

[3]

‘N SOEKE NA ‘N TUSSEN

Die ossilerende tweestryd tussen dualismes is 'n patroon wat, volgens Hegel (Gaarder 1995: 474), deur die geskiedenis herhaal: 'n tesis word gevolg deur 'n antitesis, waarna 'n sintese bereik word. Die sintese word dan die tesis en die proses word herhaal. As ons hiervolgens die Moderne-beweging beskou as 'n tesis, word Modern-Post-Modernisme die antitesis: die verwerping van beeld word beantwoord met 'n aangryping daarvan.




FIG.2 Die ossilerende patroon van ontwerp-paradigmas in die geskiedenis van landskapsargitektuur. (Die outeur, 2006)

Die Dekonstruktiewe-beweging poog hierop om 'n sintese te vind – 'n tussen-in; 'n middeweg tussen beeld en beginsel; dit wat teenoorgesteldes moontlik maak; Derrida se *chora*; 'n neutrale geslag – nóg manlik, nóg vroulik. (Taylor 1992: 266)

In sy ontwerp vir die Wexner sentrum vir die visuele kunste op die Ohio kampus in die VSA, poog Peter Eisenmann om die *chora* te skep: die ruitenet [*grid*], geassosieer met geometriese abstraksie, word onderbreek en figuurlik [as vorm] gebruik. (Taylor 1992: 261) 'n Idee wat dus geassosieer word met beginsel-gedrewe ontwerp, word beeld – die ruimte bevat albei teenoorgesteldes.

Dit kan wel gevra word of die filosofie van Dekonstruksie toepaslik is vir landskapsargitektuur (of argitektuur): is die ervaring van 'n tussen-in nie 'n onvermydelike kenmerk van menslike bestaan nie? 'n Renaissance villa-tuin, uitgelê met geometriese beginsels, gaan steeds nie 'n persoon dryf na 'n suiwer oorpeinsing van die absolute nie: die hitte van die dag, die bloedsoep van die vorige aand...die normale gang van die lewe dekonstrueer vanself enige ervaring van ruimte.

[4]
GEVOLGTREKKING

Uit die bespreking is afgelei dat vorige en huidige praktyke in landskapsargitektuur in die geheel nie daarin slaag om 'n gebalanseerde verband tussen beeld en beginsel te vind nie.* Die sukses van die Dekonstruktiviste se taak om wel 'n balans te vind, is bevraagteken. Ten einde 'n alternatiewe oplossing te vind, gaan 'n oorsaak van die beeld-beginsel dualisme in die volgende hoofstuk bespreek word.

*Die stelling is natuurlik 'n veralgemening en is daar voorbeelde van projekte wat genoegsame



FIG. 3: Beginsel-gedrewe ontwerp lei dikwels tot gebrekkige beeld.
(Outeur, 2006)




FIG. 4: Beeld-gedrewe ontwerp lei dikwels tot die gebrekkige ondersoek van beginsles. (Outeur, 2006)

fokus aan beide aspekte verleen.

III

‘N OORSAAK VAN DIE STRYDVRAAG - GRAFIESE-NOTASIE

’n Tesis...

“The hand, like a seismograph, records and transcribes the feelings and emotions of the building, which in turn comes alive.” (Coop Himmelbl(1)au in Brayer *et al* 2004: 184)

[1]

INLEIDING

Tekeninge as gereedskap van die landskapargitek word as vanselfsprekend aanvaar. Dit is egter eers met die Italiaanse Renaissance dat grafiese-notasie ’n deel van die bou-proses begin word het. (Forty 2005: 29) Hierdie tydperk merk dan ook, volgens die Suid-Afrikaanse argitektuur-filosoof Jean-Pierre de la Porte (2005: persoonlike kommunikasie), die begin van ontwerp geskoei op beeld – ’n egalige evolusie van argitektuur word onderbreek deur ’n gegryp na vorige ideale; ’n beelde-nabootsing van die Antieke tyd. Tekeninge het dit egter ook moontlik gemaak om geometriese beginsels in ontwerp toe te pas, en sodoende argitektuur te onderskei as ’n intellektuele- eerder as ’n fisiese-taak. (Forty 2005: 30) **Tekening kan dus beide beeld- en beginsel-gedrewe ontwerp ondersteun.**

[2]

TEKENING ONDERSTEUN DIE BEELD - BEGINSSEL DUALISME

2.1 Beeld-gedrewe tekeninge

Beeld gedrewe ontwerp word meestal deur perspektiewe, sketse, krabbels [*doodlings*], abstrakte modelle (fig. 8), rekenaar-genererde *collages*, en ander kunsinnige notasies tot vorm gebring. Sulke sinjale is egter ’n onvoldoende voorstelling van die idee [beginsel] van ’n ontwerp (Forty 2005: 31) en dien dikwels as ’n dekmantel waar agter ’n onvoldoende ondersoek na die beginsels van ontwerp skuil; **beelde wat mooi as twee-dimensionele komposisies in sigself heet, vertaal nie noodwendig suksesvol as ruimtes nie.**




FIG. 5: Beeld-gedrewe ontwerp word ondersteun deur grafiese notasies soos krabbels en *collages*. (Outeur, 2006)

2.2 Beginsel-gedrewe tekeninge

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen **kwantitatiewe** beginsels en **kwalitatiewe** beginsels: eersgenoemde is daardie meetbare beginsels wat byvoorbeeld tydens 'n tipiese terreinanalise ondersoek word, byvoorbeeld die verhouding tussen funksies, ekologiese-stelsels, die vloei van menslike-beweging en invalshoeke van die son.

Hierdie inligting word grafies deur diagramme voorgestel waaruit sekere afleidings gemaak kan word; beeld-onafhanklike beginsels word ondersoek – daar word dus na objektiwiteit gepoog. Egter, “Reams of analysis and overlays will establish the parameters for making a garden...but they will hardly provide the design.” (Trieb in Swaffield 2002: 91) Vanuit die outeur se persoonlike ervaring, word hierdie waarheid dikwels misgekyk en **word die ontwerp 'n direkte vertaling van die diagramme na drie-dimensionele vergestaltings**. Sulke ontwerpe is onder andere funksioneel en ekologies gesond, maar skort estetiese wonder en inspirasie; skort mooi beeld (fig. 7).

Kwalitatiewe beginsels is meer subjektief van aard, byvoorbeeld die gees van die tyd, die kultuur van die ontwerper of die sekere *je ne sais quoi* van 'n ruimte. Juis omdat hierdie idees moeilik vergestalt word, vind ons dat dit óf geïgnoreer word (aandag word oorwegend aan kwantitatiewe beginsels geskenk), óf **uiters kru vertaal word na 'n grafiese sinjaal en dan letterlik na fisiese vorm**: in 'n onlangse ontwerpvoorstelling vir 'n publieke ruimte in Johannesburg, is die beginsel van *ubuntu* byvoorbeeld vertaal as 'n sirkel en toe letterlik as 'n silindriese gebou – 'n vorm wat mynentweë uitsluit, en daarom loodreg teen die oorspronklike beginsel staan:



Dit wil blyk of die sprong van beginsels na beeld telkens direk en letterlik gedoen word, met gebrekkige ontwerp die gevolg. Dit mag wees dat die gebruiklike grafiese notasie-stelsels tot hierdie kru sprong bydra, omrede grafieka (selfs in die mees abstrakte vorme) die illusie van ontwerp skyn (fig. 1).




FIG. 6: Beginsel-gedrewe ontwerp word ondersteun deur grafiese notasies soos diagramme en abstrakte sinjale wat direk na vorm ge-interpreteer word.
(Outeur, 2006)




FIG. 7: dui op 'n tipiese kwantitatiewe-beginsel-gedrewe landskapontwerp-proses: vorm word die rasionele reaksie op 'feite' wat vanuit 'n terrein-analise verkry word. Let hoe die diagramatiese voorstelling van idees letterlik na die finale ontwerp vertaal word.




FIG. 8: Die beeldhouwerker, Isama Noguchi (1904 – 1988), het die ontwerp van landskappe benader soos die skep van 'n beeldwerk: 'n Goeie voorbeeld van beeld-gedrewe ontwerp. Anders as die bostaande voorbeeld, is die plekke nie geskep as 'n reaksie op analise nie, maar eerder vanuit 'n intuïtiewe kerf van vorm. Sy projek, *California scenario*, word deur Weilacher (1999: 49) beskryf as 'n plek met 'n "meditative, almost mythical atmosphere." Die plek is egter deur landskapargitekte gekritiseer, omdat dit nie aan al die funksionele vereistes van die terrein voldoen nie. (*ibid.*) Die suksesvolle uitvoering van beeld het gepaard gegaan met 'n onvoldoende ondersoek van en reaksie op beginsels.

[3]
GEVOLGTREKKING

Die uiteraardse gebruik van grafiese notasies in die ontwerpproses, is in sekere opsigte onvoldoende. Dit noop 'n ondersoek na nie-grafiese notasies. Om rede word die gebruik van teks navolgend as ontwerpgereedskap ondersoek.

IV

‘N ANTWOORD - VAN BEGINSELS NA TEKS NA BEELD

...’n anti-tesis...

“I have no need whatsoever to draw my designs. Good architecture, how something is to be built, can be written. One can write the Parthenon.” (Adolf Loos 1924 in Forty 2005: 29)

[1]

INLEIDING

Om ‘n hipotese te formuleer waarin teks voorgestel word as ‘n ontwerphulpmiddel, is daar gekyk na verskeie verhoudings tussen teks en ruimte – gebruike van teks as deel van die skep van landskap is hieruit afgelei. Die ondersoek is ondersteun deur geskiedkundige- en huidige-voorbeelde waar hierdie gebruike toegepas is.

[2]

DIE GEBRUIKE VAN TEKS

2.1 Die ontbloting van ontwerp

2.1.1 Bespreking

Die betekenis van teks kan nie agter beelde skuil nie. Tekeninge aan die ander kant, kan die illusie van die plek sêlf op die papier skep; die gaping tussen simbool en betekenis vervaag:

“More particularly, both projections [ortogonaal en perspektief], like all drawings, presuppose that one is outside the object...its exteriority to us requires us to suppose that perception, as well as the thing perceived lied outside the mind. Language places no such demands upon us: the words themselves carry no illusions, but act directly upon the mind; language allows perception to happen where it belongs, within the mind.” (Forty 2005: 41)

Sielkundiges soos Goldstein en Scheerer gaan so ver om te stel dat denke deur middel van beelde [*images*] die intellek beperk tot een wat geboei is met die skyn van sake. (in Lym: 1980: 22 – 23) Hierin, volgens Jerome Bruner (*ibid.*), gaan verlore ‘n begrip van die wêreld as meer as net oppervlaktes; meer as beelde, maar ook beginsels. Die gebruik van teks as ontwerp-medium **verhoed dat die ontwerper agter beelde skuil en word hy verplig om werklik oor sy skepping te besin.**

“...language allows architects to deal with everything that they find difficult, or choose not to be precise about – nuances, moods, atmosphere...it stimulates the sense of potential ambiguity that lies at the basis of meaning [paradokse]...language does not deal in directness, it deals in metaphor and ambiguity.” (Forty 2005: 38)

“Where spoken and written language, as a matter of course, appeals constantly to the metalanguage, allowing it to be both ambiguous and precise, architectural drawings generally aim to stick to the ‘object language’ and to restrict ‘additional, shifted meanings’.” (Forty 2005: 39)

“Grammar is a living pattern reflecting both timeless rules and the contingencies of time and place.” (Spirn 1998: 181)

So ook in ontwerp: daar is objektiewe beginsels, asook variasies van gebruik en ruimtelike ervaring afhanklik van spesifieke tyd en plek.

2.1.2 Voorbeelde

Soos genoem, is die gebruik van grafieka om ontwerp te skep en te kommunikeer eers werklik met die Renaissance gebore. Voordan, is ‘n Middeleeuse katedraal byvoorbeeld *gepraat*, en het bouers en vakmanne geskep na aanleiding van verbale instruksies. (Forty 2005: 35) Die aard van die beskrywings het egter weinig speling vir persoonlike interpretasie gelaat, anders as die onderstaande ontwerp-beskrywing deur die Italiaanse groep *Archizoom* in die laat 1960’s:

“Listen, I really think it’s going to be something quite extraordinary. Very spacious, bright, really well arranged, with no hidden corners, you know. There will be fine lighting, really brilliant, that will clearly show up all those disordered objects.

The fact is, everything will be simple, with no mysteries and nothing soul-disturbing, you know. Wonderful! Really very brilliant – very beautiful – very beautiful, and very large. Quite extraordinary! It will be cool in there too, with an immense silence.

My God, how can I describe to you the wonderful colours! You see many things are quite hard to describe, especially because they’ll be used in such a new way. ... You see, there’ll be a lot of marvellous things, and yet it will look almost empty, it will be so big and so beautiful...How fine it will be...just spending the whole day doing nothing, without working or anything... You know, just great...” (Ambasz in Forty 2005: 34)

Die teks **beskryf die essensiële karakter van die ontwerp, sonder om ‘n voorskrif vir vorm te wees**. As gevolgtrekking, kan ‘n verskeidenheid vergestaltings vanuit die teks geïnterpreteer word. Dié gaan as beelde verskil, maar ooreenstem in aard.

2.2 Verryking van die landskap



‘n Huis van woorde.
FIG. 9: CDLT huis, Silverlake, Kalifornië deur Morphosis, 1989: ‘n voorbeeld van ‘n ontwerp wat sonder enige tekeninge geskep is, maar slegs deur verbale instruksies. (in Forty 2005: 36).

2.2.1 Bespreking

Alhoewel teks nooit as plaasvervanger vir die *in situ* ervaring van 'n landskap kan wees nie, kan dit wel daardie ervaring verryk. (Spirn 1998: 21) Daar kan gesê word dat stories, mites en gedigte (veral van die Romantiese soort) 'n huigelbeeld van 'n plek skep; 'n plek idealiseer buite erkenning van die werklikheid. So 'n uitspraak sal egter alle digkunslike taal veroordeel as huigelary, en Van Wyk Louw (1937: 18) se beskrywing van 'n vrou as "'n laaste kuil van stilte tussen riet"' (in *Jy was 'n kind*, 1936) 'n leuen. Soos sout op vleis, verdoesul sulke tekste nie die werklikheid nie, maar verheerlik dit.


Die ervaring van plek word verryk deur 'n samevlegging van die lees van digkunslike teks, asook terrein; die lees van die subjektiewe, asook die objektiewe (fig. 11).

2.2.2 Voorbeelde

Die humanisties-gedrewe gebruik van klassieke beginsels om tuine uit te lê, is in die Agtiende-eeu in Engeland vervang met 'n meer intuïtiewe vervorming van die landskap. (Pregill 1999: 244) Die kleinheid van die mens, in die aansig van sublieme Natuur, word poëties uitgebeeld eerder as die mens se vermoë om geometriese orde op die landskap te bewerk. (*ibid.*) Ten einde die aanvoeling van die subliem in die bewoner van daardie landskap te wek, is daar letterlik verwys na Griekse elegie. (Spirn 1998: 50) Hierdie verwysings, vergestalt in beelde of strukture, word gewaar vanaf punte geleë op 'n roete wat deur die landskap vleg: tonele verskyn soos die beelde op 'n bioskoopdoek – herinnerende aan Tschumi se konsep agter *Cinégramme Folie*. (Brayer et al 2004: 108) Die persoon wat deur die landskap sou beweeg sonder enige vooraf kennis van die Klassieke werke, sou steeds die beeldekuns, die ruimtes en plante en strome water, en gekletter en geklets van voëls en vroue-stemme waardeer, maar onaangeraak bly deur die genot van om in tonele uit ou verhale te wandel. Die kennis van woordeskat is nodig om die stories te lees. (Spirn 1998: 114)

Negentiende-eeuse Romantiese skrywers soos Washington Irving het die *Alahmbra* in Spanje in die letterkunde vasgepen as 'n mitiese landskap geskoei op die Islamitiese idee van 'n aardse paradys – on-akkurate beskrywings van die werklike landskap. Hierdie beskrywings het egter mense aangespoor om die plek te besoek en eindelijk bewaringsinisiatief te neem. (Marianne de Klerk, 2006: persoonlike kommunikasie)

In die eersbespreekte voorbeeld, bestaan die teks alreeds voordat die landskap geskep is, en in die tweede *vice versa*:



In beide is teks egter gebruik ten einde die ervaring van die landskap op te hef bo die blote on-bewustelike, sensories- estetiese genot van die beeld, tot 'n bewustelike besinning



FIG. 10: Karoopad (Outeur, 2006)



Karoosomervlug.

FIG. 11: Karosomervlug (Outeur, 2006)
Die teks komplementeer die beeld.

oor abstrakte idees.

2.3 Die verandering van persepsie

2.3.1 Bespreking

Die persepsie van ‘n landskap word beïnvloed deur die metafore wat daaraan geheg is. (Spirn 1998: 24) Persepsies dan weer, beïnvloed die mens se verhouding met daardie landskap (*ibid.*): die hoëveld graslande wat as leeg en dood beskou word, geniet weinig bewarings-inisiatief, terwyl die yl-blou berge van die Kaap as amper heilige grond gekoester word. ‘n Suksesvolle landskap-projek genoodsaak positiewe persepsie – **deur die unieke kenmerke van daardie landskap in tekste te waardeer en te prys, in mite te skryf, word ons blik daarop verander.**

2.3.2 Voorbeeld

Die piktorale [*picturesque*] idee van skoonheid het so sterk op beeld berus dat die vroeë kunstenaars aan die Kaap, soos Burchell, ‘n minagting vir die “desolate, wild and singular landscape” van die Karoo getoon het. (in Coetzee 1988: 38) Die reuke, die room-gestoltenheid van die laatmiddag, die oop blou lug... is misgekyk bloot omdat dit nie aan voorafgestelde visuele kriteria voldoen het nie: skone massas water, groen heuwels en tekens van menslike arbeid. Skrywers soos N.P. Van Wyk Louw, vir wie die Karoo ‘n “tower-wêreld” (in Steyn 1998: 22) was, het egter die wonder van die plek vir ander oopgesluit in gedigte soos *Karoo-dorp: someraand:* (Louw: 1950; 1994: 118)

“Die laat-middag het room geword
die treine wat ver fluit
en ‘n wit-bont klaas-skáwagter
wat wag-hou op ‘n kluit...”

Hierdie en derglike tekste (soos Eve Palmer se *The plains of Camdeboo*) het die **Karoo met nuwe woorde beskryf en mense met nuwe oë laat kyk.**

2.4 Die wegdoen van leë sinjale

2.4.1 Bespreking

In die gees van die Modern-Post-modernisme, is die eklektiese tuine van hedendaagse Suid-Afrika, oor die algemeen, beeld-nabootsings van tuine uit ander tye en plekke (fig. 12). Populêre tuin-verwante media, as deel van die kontemporêre *leefstyl* kultuur (Trieb 1995 in Swaffield 2005: 101), toon beelde van Engelse-, Provensaalse-, Japanese- en ander styl-gedrewe voorbeelde. Daar word egter selde na die beginsels van daardie ontwerpe verwys – leë tekens. ‘n Verklaring hiervoor mag wees die gebrek aan standvastige kulturele ideale: die

Post-Moderne [Dekonstruktiewe] taak om alternatiewe waarhede, weggesteekte geskiedenis en verwerpte betekenis uit te delf, het ons met ‘n komplekse wêreld gelaat vol teenstrydighede wat moeilik *verbeeld*. Ann Whiston Spirn (1998: 244) gee ‘n goeie beskrywing van hierdie netelige saak:

“Is there a history common to all in a society or is there no shared past? Whose history should be remembered and celebrated in public places? Is art separate from the everyday, or rooted in the normal processes of living? Is art the province of the expert, or can, and does, everyone participate? Should places exert power over people or empower them? The opposing answers to such questions lead to opposing natures, histories, arts, powers...”

Die hergebruik van vorige beelde mag moontlik ‘n manier wees om die verbeelding van huidige strydpunte te vermy – iets wat volgens Spirn (1998: 262) juis betekenisvolle landskappe kan induseer. Bernard Tschumi (1983: 7) kritiseer eweneens die fokus op styl as die weg na ontwerp geskoei op oppervlakkige tekens, met gevolg die uitsluiting van ruimtelike- en programatiese-aspekte.

Beide skrywers beskou teks as ‘n medium wat die genoemde vorm-voortbrengers kan dra: kulturele idees (nieteenstaande teenstrydighede), ruimtelike karakter en program. **‘n Vorm wat uit só ‘n teks ge-abstrakeer word, is aldus ‘n sinjaal vir die onderbou van daardie teks**, en nie ‘n spoeg-en-plak kopie van ‘n prentjie uit ‘n tydskrif nie.

2.4.2 Voorbeeld

‘n Groep studente en lektore (onder andere Bernard Tschumi) aan die *Architectural Association* in Londen het, in die mid-sewentigs tot vroeë-tagtigs, ‘n rits projekte voltooi met die doel om ‘n argitektuur te ondersoek wat nie aan styl en tipologieë gebonde is nie, maar eerder voorgeskryf deur tekste wat fokus op gebeurtenis [*event*]. (Tschumi *et al* 1983: 13) ‘n Uitstalling gehou by die Koninklike Kollege van Kuns [*Royal College of Art*] in 1975, *A space: a thousand words*, het beelde vertoon wat deur tekste gekomplimenteer en ondersteun is. Die studente had byvoorbeeld teks van literatuur soos Kafka se *Burrow* en Edgar Allan Poe se *Masque of the red death* gebruik as voortbrengers van vorm; die relaas [*narrative*] verwittig die program. Volgens Nigel Coates (in Tschumi *et al* 1983) lê die krag van stories in die vermoë daarvan om komplekse teenoorgesteldes en abstrakte idees te bevat (*ibid.* p. 9) waaruit die verhouding van ruimte en gebeurtenis geïnterpreteer kan word (*ibid.* p. 13) – die pleeg van styl word verhoed.

Stories (en ander tekste) is gebruik om program te genereer met die gevolg dat vorm nie ‘n blote antwoord op funksionele aspekte was nie, maar ook op meer subjektiewe veranderlikes, soms kontrasterend en teenstrydig.



'n Hutspot van style.

FIG. 12: digitaal gemanipuleerde collage van tuin advertensies (Outeur, 2006)

2.5 Die grafiese gebruik van teks

2.5.1 Bespreking

Die tradisionele betekenis van taal word gefnuik deur teks as beeld aan te wend. Die leser kan in 'n ongemaklike posisie geplaas word, deur die sinjaal teenstrydig met die boodskap voor te stel:

blou
rooi
geel

Die teks kan egter ook só geweef word om 'n grafiese beeld te vorm wat in betekenis by die woorde aansluiting vind:

i
spr ng

Die grafiese gebruik van teks bied verdere geleentheid om uitdrukking te gee aan abstrakte idees wat moeilik deur die standaard grafiese-notasies uitgebeeld word.

2.5.2 Voorbeelde

Teks word *letterlik* vorm in die dig(/)kuns van Willem Boshoff soos te lees (eerder *te sien*) in die publikasie *Kyk Afrikaans* (fig. 13). Die werke kan as *concrete poetry* geklassifiseer word – 'n vorm van digkuns wat poog om universele aanklank te vind deur onafhanklik van taal te wees. (Vladislavic 2005: 22) Teks word beeld, geweef tot 'n tekstuur, en delf sodoende in die oorspronklike betekenis van die woord. Die semantiek, die beginsel agter die ink op papier, val weg en ontbloot nuwe betekenis: so vorm die woorde in *Tikreën* byvoorbeeld 'n ritmiese patrone-beeld wat soos die val van reën *klink* – “Jy kan met oë hoor, maar nie met ore kyk nie.” (Boshoff in Vladislavic 2005: 32) In *Garden of words* word 'n tuin geskep deur die groepering van plantname gedruk op plastiek etikette (fig. 14). Die plante leef voort as teks – 'n interessante oplossing vir die toenemende vernietiging van spesies! Daniel Libeskind se dekonstruksie van woorde en frases soos “will to power” in *Architecture 1* (1988), fatsoeneer, as uiterste voorbeeld, 'n ganse boek:

“POW.

Erw illtopow erwilltop O werw illto: “Powe rw illtopowe r will t'opo w'erw, ill topow.”




FIG. 13: Tikvlek uit KykAfrikaans, ink op papier, 1977 – 80, Willem Boshoff (Vladislavic 2005: 23)



FIG. 14: Garden of words II, plastiek en hout, 1999, Willem Boshoff (Vladislavic 2005: voorblad)



FIG. 15: Teks as beeld, digitaal gemanupileerde collage van fotos van lettertypes in Pretoria (Outeur, 2006)

[3]

DIE TEKORTKOMINGE VAN TEKS

Nagelang die bo-bespreekte gebruike van teks, moet daar gelet word op die tekortkominge van teks as 'n medium in die ontwerp-proses. Kwantitatiewe inligting soos die ligging van riviere, topografie en windrigtings, word meer doeltreffend deur grafiese notasies gekommunikeer (fig. 16). Die huidige bouproses vereis ook die gebruik van tegniese-tekeninge vervaardigings detail oor te dra. Die kommunikasie (en ongelukkig ook verleiding) van die ontwerper se produk aan sy kliënt word ook vergemaklik deur 'realistiese' sketse van die ontwerp. (Weereens moet genoem word dat hierdie praktyk die gevaar inhou om die kliënt se aandag te fokus op die skyn van die ontwerp, eerder as op byvoorbeeld ruimtelike kwaliteit.)




FIG. 16: Voorbeeld van 'n tipiese terrein-analise. Kwantitatiewe inligting soos windrigting word meer suksesvol voorgestel deur grafiese notasies.

[4]

GEVOLGTREKKING

Teks as 'n notasie-stelsel is in sekere opsigte meer suksesvol as tekeninge om die landskap voor te stel en kan daarom 'n bydra lewer tot die ontwerp daarvan. Teks bied ook die geleentheid om die ervaring van daardie landskap te verryk. In die opvolgende hoofstuk gaan voorgestel word hoe hierdie gebruike van teks in 'n ontwerp-proses gewef kan word, sonder om die standaard grafiese notasiestelsels te vervang.

DEEL 2: DIE HIPOTESE: LANDSKRIF

V BESKRYWING VAN DIE HIPOTESE

...’n sintesis...

“Architecture does not exist without drawing, in the same way the architecture does not exist without texts.” (Bernard Tschumi, 1980 in Forty 2005: 29)

[1] INLEIDING

Uit die bespreking tot dusver, is daar gevind dat beelde sonder beginsels oppervlakkige sinjale is, maar dat ‘n oordrewe fokus op beginsels aanleiding gee tot steriele ontwerp. Daarop is gekyk na die gebruike van teks ten einde hierdie dualisme te help oorkom.

Die hipotese behels die integrasie van die verskeie gebruike van teks in twee tipes tekste, naamlik die relaas en die fenomenologiese teks. Hierdie tekste dien as absorbeerders van onderskeidelik kwalitatiewe- en kwantitatiewe-beginsels, en daarop as die basis waaruit beeld vertaal word.




FIG. 17: Teks as ‘n brug tussen beginsels en beeld.
(Outeur, 2006)

Ten slotte is bespreek hoe teks gebruik kan word in die post-ontwerp fase ten einde die ervaring van die ruimte te verryk.

[2] RELAAS

Die meerderheid van die gebruike van teks wat bespreek is, is verwant aan die abstrakte wese van landskap, naamlik:

- *verryking van die landskap,*

- *verandering van persepsie* en
- *wegdoen van leë sinjale*. [IV: 2.2 - 2.4]

Teks in die vorm van ‘n relaas [*narrative*] kombineer hierdie gebruike om die konsepsionele onderbou van die ontwerp te vorm. ‘n Storie word deur die ontwerper (of skrywer) geskryf wat, soos ‘n roman, binne die konteks van kwalitatiewe beginsels gebore word. Ten einde ‘n suksesvolle bron te wees vir die konsep van die ontwerp, **moet die taalgebruik beeldryk wees en uiteraard hoogs subjektief**. Hierdie teks verhoed dan die bespreekte probleem, naamlik dat kwalitatiewe beginsels op ‘n oppervlakkige wyse na vorm vertaal word.

Boonop die gebruik van die relaas as ‘n ontwerphulpmiddel, **word dit ‘n bykomende produk** [*deliverable*] **wat die ontwerper aan sy kliënt lewer**: die ervaring van plek word gevorm deur die lees van die fisiese landskap ingevleg met die lees van die relaas. Kennis van die teks is natuurlik nie nodig om die ruimtes te waardeer nie, maar verryk ruimtelike ervaring.

[3]

FENOMENOLOGIESE TEKS

Definisie van term:

‘fenomenologies’: Heidegger se “a return to things” (in Safranski 2002: 75); ‘n fokus op plek soos wat dit deur die sintuie ervaar word.

Soos genoem, word die grafiese notering van kwantitatiewe beginsels dikwels letterlik en kru na vorm vertaal. **Die fenomenologiese teks dien hierop as ‘n medium tussen die kwantitatiewe beginsels en die beeld** om die sprong te vernou. In hierdie teks word die inligting van terrein analyses, beginsels van ruimtelike ontwerp (soos byvoorbeeld bespreek in Christopher Alexander (1977) se *A pattern language*) en presedente van dergelyke plekke, saam **deur woorde geweef om ‘n beskrywing van die fenomenologiese kwaliteit van die ontwerp te skep**. Teks word hier gebruik soos bespreek onder *Die ontbloting van ontwerp* [IV: 2.1]: die ontwerper skets met woorde die ervaring wat die plek moet heet. Sodoende word daar nie op die blote skyn van die ontwerp gefokus nie. Later in die ontwerpproses, wanneer vorm grafies voorgestel begin word, moet die ontwerp deurlopend teen die fenomenologiese teks gemeet word.

[4]

SINTESE

Daar kan nie voorgegee word dat die hipotese ‘n resepsie is wat aanleiding gee tot goeie beeld nie. Daar is steeds ‘n groot sprong tussen die tekste en uiteindelijke vorm. Hierdie gaping word oorbrug deur die ontwerper wat op ‘n grootliks intuïtiewe wyse die inhoud van die tekste na vorm vertaal: **die verrigting** [*performance*] **en fisiese karakter vanuit die fenomenologiese teks, en die skyn en abstrakte karakter vanuit die relaas**. Hierdie proses geskied deur

middel van die standaard grafiese ontwerphulpmiddels.

Hierop word die ontwerp aan gekerf deur ‘n deeglike tegniese ondersoek en die teken van tegniese tekeninge. Hierdie ondersoek mag die ontwerper noop om veranderinge aan die ontwerp te bring weens die opgrawing van nuwe inligting wat nie in ag geneem is met die skryf van die tekste nie; **die tekste is nie absoluut nie**.

[5]

POST-ONTWERP TEKSTE


Soos bespreek onder *Die verryking van landskap* [IV: 2.2], kan teks voortaan die ontwerp geskryf word én na (selfs eeue) die ontwerp reeds voltooid is. Laasgenoemde tekste beïnvloed vanselfsprekend nie die fisiese vorming van die landskap nie, maar wel die ervaring daarvan. Skrywers moet betrek word om deel te hê in die lewe van die plek na die ontwerp deur die skryf van prosa en poësie ge-inspireer deur die ontwerp. Húl metafore sal die landskap verder ontsluit vir ander se oë en dit laat bestaan ver buite die grense van die terrein.

Teks kan ook grafies gebruik word (sien [IV: 2.5] en as kunswerke die landskap laat leef teen die mure van ‘n galery of *in situ*).

[6]

GEVOLGTREKKING

Die hipotese word grafies voorgestel in die vorm van ‘n ontwerpproses (fig. 18). Die geldigheid van die hipotese kan slegs bepaal word deur die toepassing daarvan. Deel 3 vervul dan hierdie doel waarop die suksesse en tekortkominge van die hipotese bespreek gaan word.






FIG. 18: Die hipotese: landskrif.
(Outeur, 2006)



FIG. 19: Bestaande publieke buiteruimtes in die middestad van Pretoria. (digitaal gemanipuleerde beeld deur Outeur, 2006) Die gebrek aan ontwikkelbare oop grond, maak die skep van dergelike ruimtes 'n onbegonne taak.

DEEL 3: TOEPASSING VAN DIE HIPOTESE - PRETORIA-STORIE

VI PROJEK BESKRYWING

[1] INLEIDING

Pretoria is gekies as die konteks waarbinne die hipotese getoets gaan word. Hierdie middestad gaan binne die volgende tien jaar 'n opwindende metamorfose ondergaan wat goed sal kan vergelyk met stadshernuwingsprogramme in Kaapstad en Johannesburg, en meer optimisties, Berlyn. Die gepaardgaande ontwerp van buiteruimtes word ondersoek deur gebruik te maak van die ontwerp-proses soos voorgeskryf in die hipotese (deel 2).

Etlike terreine is gekies wat elk verteenwoordigend is van sonderlinge aspekte van stedelike landskapsontwerp, en boonop in karakter die skryf van 'n Pretoria-storie inspireer.

[2] ALGEMENE PROBLEEM

Die algemene probleem is die ontwerp van buiteruimtes in die oorskiet areas van die middestad van Pretoria.

[3] AGTERGROND VAN DIE PROBLEEM

Die omskepping van ongebruikte kantoorgeboue na woonstelblokke, en ander stadshernuwingsprogramme, dui op 'n groei in Pretoria se middestadsbevolking. Hiermee gepaard gaan 'n groeiende behoefte na groen- en oopruimtes [word nagevolge kollektief as *buiteruimtes* verwys]. Hierdie behoefte word tans vervul deur groot ruimtes wat menigte omliggende straatblokke van buitelig-areas voorsien (fig. 19). **Die skaarsheid van ontwikkelbare grond maak die skep van derglike nuwe buiteruimtes 'n onbegonne taak.**

Daarbenewens bied die tradisionele model nie aan gebougangere 'n geïntegreerde interaksie tuseen binne- en buiteruimtes nie, maar slegs ervarings wat genoegsame tyd en inspanning verg. Met ander woorde, Pretoriane kan nie uit hul deure stap en vir vyf minute 'n uiltjie onder 'n boom knip nie.

Die middestad van Pretoria is die resultaat van stadsbeplannings- en bouprojekte wat vanaf die 1850's (Holm in Fisher en Le Roux *et al* 1998: 59) tot die hede strek. As regeringshoofstad reflekteer die argitektuur en stadsuitleg die verskeie ideale van vorige regeringsparadigmas. Verskeie hoofstukke in *Architecture of the Transvaal* (*ibid.*) spreek hiervan. Die gevolg is



Agter- en af-ruimtes.
FIG. 20: fotos van tipiese agteraf-ruimtes met klem op die gebruike daarvan. (Outeur, 2006)



daklandskap.



grondlandskap.

FIG. 21: digitaal gemanipuleerde lugfotos wat agteraf-ruimtes aandui. onderskeid word getref tussen dak- en grondruimtes (Outeur, 2006)

‘n hutspot van style in ‘n stadswaefsel met oorskiet tussenruimtes wat lukraak ontstaan het. Hierdie ruimtes is nie *ontwerp* nie en blyk na agterafplekke waarin onder andere rommel gestrooi word, booswigte vergader en katte nesmaak (fig. 20). Omrede voorsien hierdie plekke nie aan die genoemde behoefte aan buiteruimtes in die stad nie. Omrede voorsien hierdie plekke wel nuwe blikke op Pretoria, en wegkomkane uit die geboue van hierdie stad.

[4]

TERREIN KEUSES

Nota:


Die outeur kon nie ‘n Afrikaanse woord vir die Engelse term *vest pocket park* vind nie, en het daarom die vryheid geneem om die woord ‘knapsakpark’ te skep – ‘n term wat losweg verwys na ‘n klein plaza wat tussen gebou lê, maar – anders as ‘n binnehof – steeds oop is na die straat. Sulke ruimtes dien as buitelug- publieke-sitkamers. (Pregill & Volkman 1999: 727)

1) Daar is aanvanklik gesoek na ‘n area in die middestad waarin die bo-bespreekte [3] strydpunte duidelik erkenbaar is: die agt straatblokke omliggend aan **Kerkplein** is ‘n dig-ontwikkelde area met weinig plek vir nuwe buiteruimtes en ‘n mengelmoes van geboustyle wat dikwels ongemaklik teenmekaar sit met gevolglike afgeskepte, dog karaktervolle agterafplekke. Die ryk geskiedenis van die area, verbeeld om elke hoek en draai, dien verder as inspirasie vir die skryf van ‘n relaas soos beskryf in die hipotese.

Die oorskietruimtes is op ‘n lugfoto ge-identifiseer (fig. 21) en daarna per voet gesoek en verken. Daar is gou gewaar dat sekere tipologieë van stedelike landskapsruimtes herhaal. Hierop is terreine gekies wat verteenwoordigend is van elke tipe, naamlik (fig. 22):

- 2) **binnehowe**: binnehof van die *Departement van Publieke Werke*
- 3) **knapsakparke**: die ruimte voor die *Poskantoor*
- 4) **dooië mure**: die muur buitekant die publieke leeskamer van die *Nasionale Biblioteek*
- 5) **stegies**: diensstraat agter *Tudor chambers*
- 6) **toeganklike dakruimtes**: die dak van die *Rentbel-gebou*
- 7) **nie-toeganklike dakruimtes**: die dak van *Opera-plaza*
- 8) die area agter die *Café Riche-gebou* en die *Ou-Nederlandse bank*, is gekies as ‘n terrein wat beslaan uit ‘n **kombinasie van bogenoemde tipologieë**.

Hierdie ruimtes word dan die milieus van die relaas.




5.

6.

7.

8.



Terreinkeuses.
FIG. 22: planne en fotos van gekose terreine
(Outeur, 2006)

[5]

KLIËNTE EN BEHOEFTE

Die helfte van die terreine word privaat besit (*Rentbel-gebou, Opera-Plaza* en *Tudor Chambers*) en die ander helfte deur die munisipaliteit. Die kliënte wissel dus tussen die private eienaars en die Stadsraad van Tshwane.

Elke terrein, bepalend deur die fisiese-aard asook funksie van aangrensende geboue, vereis ‘n ontwerp wat verskillende behoeftes moet aanspreek. Hierdie behoeftes is meestal nie vooraf bekend nie, maar word deur terrein-analises blootgelê [VII: 2] en daarom nie hier bespreek nie.

‘n Bestudering van die verskeie stadsbeplanningsraamwerke se beleid jeens Kerkplein, toon egter oorkoepelende behoeftes van die area as ‘n geheel. Die beoogde projekte kan in verskeie opsigte by dra om die doelwitte van die raamwerke te vervul. In breë trekke is die Tshwane Stadsraad ten gunste van inisiatiewe wat

- bestaande erfenis geboue gebruik en opgradeer (Anoniem, 2005: 19 asook 2006: 185),
- van ‘n hoë kwaliteit is (Anoniem 2005: 5),
- die skep en vertoon van kuns in publieke ruimtes aanspoor (Anoniem 2005: 19),
- residensiële ontwikkeling en daarmee ‘n 24-uur stadskultuur in die middestad aanspoor (Anoniem 2005: 6)
- en simboliese uitdrukking gee van huidige kulture. (Anoniem 2006: 184 – 185)

[6]

BEPERKINGS

Aangesien die hipotese op die ontwerp-aspek van die landskap fokus, gaan daar so dan ook op die ontwerp van stedelike ruimtes, en nie die beplanning daarvan nie, gefokus word. Verder gaan slegs een van die terreine volledig tegnies ondersoek word [Deel 4 in Volume II] en drie tot op sketsplan (1: 100) vlak.

[7]

STUDIE DOELWITTE

Die studie word beskou as ‘n geleentheid om die hipotese [Deel 2] toe te pas binne die raamwerk van ‘n werklike probleem om sodoende die geldigheid daarvan te bepaal en gebreke uit te wys.

‘n Verdere doel is om te wys hoe landskapsargitektuur ‘n geldige bydra kan maak tot die stadshernuwingsproses op ‘n intieme skaal met die fokus op ontwerp. Met ander woorde, *wys wat gedoen kan word.*

Laastens, en hopeloos idealisties, wil die outeur aan mense ‘n anderkant van Pretoria wys – die stad idealiseer en romantiseer – en hul daardeur aansteek om ook hierdie middestad lief te hê.

[8]

GEVOLGTREKKING

Die beskryfde projek word in die opvolgende twee hoofstukke ge-analiseer ten einde die skryf van die relaas en fenomenologiese-tekste te induseer.

VII DIE SKRYF VAN DIE RELAAS




FIG. 23: Die ontwerpproses tot aanleiding van die relaas. (outeur, 2006)

[1] INLEIDING

Soos beskryf in Deel 2, is die skryf van ‘n relaas deel van ‘n ontwerp wat vanuit teks volg. So ‘n storie verg ‘n invloed sfeer [*belydenis in teks*] – daardie web van idees en strydpunte wat onderliggend aan enige skryfstuk staan, gesien vanuit die oogpunt van die skrywer. Die betrokke invloed sfeer vir die projek is gevorm deur kontekste op verskillende skale. Hierdie kontekste word kortliks bespreek en gevolg deur die uiteindelijke relaas getiteld, *agterstraatgeskryf*. (Outeur, 2006)

[2] KWALITATIEWE BEGINSELS - ‘n BELYDENIS IN TEKS

2.1 Algemene skaal

Die filosoof en redakteur van die *Vrye Afrikaan*, Johan Roussow, skryf binne die Afrikaanse intellektuele kringe oor kultuur en die plek van die Afrikaner in ‘n Afrika-nasionalisties-verbeelde Suid-Afrika. (Sien byvoorbeeld die artikel *Is daar nog ‘n ons?* in *DeKat Herfs 2005*) ‘n Gesprek met hom sowel as Danie Goosen, godsdienstige filosoof aan UNISA en hoof van die FAK, lei die strydvraag in rondom die plek van die Ander met fokus op die Afrikaner (asook wat hierdie term behels indien enigsins nog betekenis dra.)

Ettienne van Heerden (2005) se *In stede van die liefde* hanteer hierdie strydpunt vanuit ‘n meer romantiese, poëtiese oogpunt, terwyl Koos Kombuis (2005) se *Raka: die roman* ‘n amper apokaliptiese scenario skets waarbinne die Afrikaner heeltemal die kluts kwyt raak. As populêre, hedendaagse Afrikaanse werke, gee hierdie tekste insig tot die algemene vervreemding wat Afrikaners in hul eie land ervaar.

Jack Kerouac (1957) en Bob Dylan (2004) se *beat* beskrywings van stede, Woody Allen se siniese humorstukke (1991) asook verafgoding van New York in filmstukke soos *Annie Hall* en *Manhattan*, Gert Vlok Nel en Jan Blohm se pragtige woorde...maak deel van die outeur se skrywers-invloedsfeer en liefde vir stede en woorde.

2.2 Pretoria skaal

Pretoria, eens *snorstad* gedoop – hoofstad van apartheid en konserwatiewe Afrikaners – se middestad is in die post-'94 jare omskep in 'n lewendige Afrika-stad. Die wit bevolking had in 'n vlaag van paranoia hulself onttrek van die middestad en toevlug in die groen voorstede gaan vind. Sake-kerns het in Hatfield, Brooklyn en Menlyn ontstaan terwyl kantoorblokke in die middestad leegstaan. Die middestad, vol simbole van ou ideale, het 'n vreemde plek geword vir die meeste voorstedelinge, terwyl Afrikaners in winkelsentrums na globale simbole gryp. Ironies genoeg, vind ons dat baie van hierdie simbole vanuit middestedelike-kontekste gehaal word – New York koffiewinkels en Paryse modehuise – die outeur is van die opinie dat die kollektiewe bewussyn van die jong Pretoriase voorstedelinge reg is vir 'n herbekoring met hul eie middestad.

Terselfdertyd, is 'n nuwe nasionalisme besig om die plek van die oue te neem, en beoog die huidige regering om Pretoria te omskep in 'n Afrika-hoofstad van internasionale faam* – 'n netelige paradoks tussen die plaaslike- en globale-identiteit. Gaan daar plek gemaak word vir die Ander, of gaan ou foute herhaal word?

Die literêre werke van J.H.H. de Waal (1939), Eugene Marais (1948) en Koos Prinsloo (1982), gee 'n blik op beskrywings van Pretoria deur Afrikaanse skrywers van verskillende tydperke (fig. 24).

Dan is daar natuurlik die kwessies rondom die omgewing: met kragonderbrekings in die Kaap en alewig stygende petrol-pryse, begin die gevolge van die Mens se verkragting van sy omgewing deur Jan Alleman aangevoel word. Hoe gaan ons stedelike ruimtes herinterpreteer met die oog op 'n wêreld sonder olie? Miskien dwing hierdie gevolge juis 'n herverstedeliking en dalk selfs 'n tweede armblankevraagstuk?

*Die *Tshwane Inner City Development and Regeneration Strategy* (2005) is die basis waaruit die doel van om 'n Afrika-stad te skep, afgelei word. Die einste raamwerk word ook gebruik om die beoogde projek te motiveer – die projek het ten doel om ten alle tye by die raamwerk in te val en aan die stad se behoeftes te voldoen.

2.3 Terreine skaal

Die Departement van Publieke Werke: die eerste indrukke van hierdie plek is een van 'n verkrampte burokrasie – vorms om in te vul, honderde klein geordende venstertjies en 'n gevoel van nasionalistiese statigheid. Die binnekant is bedruk en kan 'n mens maklik verdwaal in die enerslykende gange.

Die Poskantoor: die gebou verteenwoordig ‘n plek waar miljoene mense se boodskappe aan mekaar al deurkruis en vergeet is – hoeveel onbeantwoorde briewe lê daar nie en hoeveel belydenisse is nie al hier ontvang?

Die Nasionale Biblioteek: gepas tot die tema van die hipotese, is hierdie ‘n plek ‘n skatkis van woorde. Maar het biblioteke nog ‘n geldige bestaansreg in ons samelewing? Hierdie tempel van die grafosfeer verdrink in ‘n videosferiese wêreld.

Tudor chambers: waar is Pretoria se boheme en kunstenaars? Die anti-Moderne gevoel van die agterstraat ontloft beelde van gentrifikasie [ver-edeling] en skreeu uit om deur die kreatiewe klas geleef te word – ‘n alternatief tot die voorstedelike lewe.

Rentbel dakruimte: bo-op die dak voel ‘n mens na vlieg – deur die wolkekrabbers van Pretoria en oor intrieke dakruimtes. Hiervandaan is pragtonele sigbaar wat min ooit te siene kry.

Opera-plaza dakruimte: hierdie plek is slegs van bo sigbaar en lê, te midde van ou simbole, soos ‘n leë skildersdoek wat wag om geverf te word.

Café Riche/ Ou-Nederlandse-bank: Cafe Riche is ‘n gunsteling bymekaarkomplek in ‘n middestad waar ‘n jong Afrikaner nie altyd tuis voel nie. Daardie gees, te same met die Capitol teater in *ruin*, ‘n Poynton’s gebou wat lekker sal woon en rooibaksteenmure, belooft ‘n plek van uitlewing te wees vir idees op film en in klanke.

[3]

DIE RELAAS

Die relaas is dan geskep om die bo-bespreekte subjektiewe beginsels soos ‘n spons te absorbeer – *agterstraatgeskrif* deur die outeur (2006) is te lees in die opvolgende bladsye.



FIG. 25: shhhh. (Outeur, 2006)
Karikaatuur.

agterstraatgeskrif: ‘n Pretoria storie.

deur

JOHAN NEL PRINSLOO.

2006.

Ek was loperig deur die strate van Suburbia, toe sien ek iemand skreeu. Dit was president Mugabe, en vyf rampokkers, met draak-koppe in Prada geklee. Een van die vyf kom toe na vore, en wil weet wie ek is. Ek sê toe ek is Livingstone en kan jul my dalk help, ek’s opsoek na ‘n waterval, gee my al jul geld. Die drake begin toe hardop lag, en vuur in my rigting spoeg, ek begin toe hardloop, en vlug na die naaste kroeg. Ek kom toe daar ingestrompel, en vra vir ‘n koue bier, die kroegman skud toe net sy kop, en gee my angelier. Die blom word toe ‘n engel en beginne vir my sing “Gaan na Pretoria, sy sal geluk vir jou bring.”

1.

vreemdelinge

Hierdie tipe droom het my vir weke lank gehaunt. My droomnagte was gevul met Afrika diktators, koloniale verkenners en designer labels. Die mees opvallend was egter die einde van elke droom – keer op keer is ek beroep om na Pretoria te gaan. ‘n Vreemde versoek – ek had my lewe lank in daardie stad gewoon.

Die dae het verbygegaan en die droomavonture vervaag, ek was in ‘n staat van depressie en my gemoed baie laag – stygende petrolpryse; straathoeksakemanne wat by karvensters in smokkel; info-mercial wonderwerke en Hollywoodskinder op TV; liegbeelde van Toskaanse dorpie in die posbus; warmteerstrate vol *ads...* die stad het ‘n malhuis geword – ‘n terracotta see waarin ek verdrink, en Pretoria wegsink.

Maar soos enige storie, het daar op ‘n dag iets gebeur wat alles verander het. ‘n Pretoria News wat op my afgedwing is het my drome interpreteer: *City’s name change final?* het die voorbladopskrif gelui. Toe tref dit my: Pretoria was nie meer Pretoria nie, maar Tshwane! Die middestad is Pretoria! Ek’t vir my ‘n rugsak gepak – ‘n ou een, ingeval dit gesteel word – en water – vir as ek gesteel word – en ‘n padkaart – want ek was in my lewe nog nooit in die middestad nie.

Ek’t op ‘n bus gespring om my drome na te volg. Al bus wat ek voorheen geken het, was ‘n posbus – en hulle is veels te klein om in stad toe te ry. Hulle is wel rooi, soos daai busse in Londen, maar hierdie bus was nie rooi nie – en effens meer verwaarloos. Die rit was eintlik baie aangenaam en hoef ek nie eenkeer ‘n straathoeksakeman af te weer, of vir kapers uit te kyk, of teen padwoede te waak, of petrol in te gooi nie. Stadstonele het soos film verbygerol, in die venster van die bus: Menlyn se roomystorings, die groen lower van die ouer voorstede...sus-sussend tot ek in slaap verval, en weer in droomwêreld se onbewustelike belydenis...

In die veld het ‘n kerkoring gestaan, ‘n toring van lig, onder die rooigloedwarmlug. Toe kom daar ‘n trop wilde bokke, brul soos leeus, en omsirkel die kerklui van klokke. ‘n Groot horlosie, in die vorm van Winston Churchill se kop, het afgedaal van die hemel en sy wysters geklop, maar iewe skielik – met die slag van donder – het hy die tyd laat stop. In daardie gevriesde oomblik het vyf mystic-Boere op die horison verskyn – silhouette in ‘n permanente sunset – brood gedeel, asook wyn. Hul’t toe weer hul perde gesaal en in die nag gery, op die pad na Nooitgedacht, weg van die feesgety. Die donder slaan toe weer, Churchill gee ‘n hik, en net daar soos die Cape Flats, begin die tyd weer te tik.

Ek word wakker met die kondukteur wat my in vreemde tale van die bus af beduie. By die deur uit, vind ek myself in ‘n wêreld soos verbeeld op ons koffiewinkelmuurvertonings van stede oor die see: ‘n groot plaza deurloop deur mense in pakke en duiwe wat om mieliepitte koer – gegooi

deur toeriste wat vir fotos voor standbeelde pronk en met vingers wys na groot glasgeboue soos die torings van New York. Musiek het uit verbygaande motors gedawer; en sirenes het in die verte gefluit; daar was koerantverkopertjies met die Pretoria News, en die Sowetan en die Son; stalletjies met kos het hotdogs verkoop en Cokes, asook gebraaide mielies en kurios as kuns. Ek was stom geslaan: ek het 'n mark met weggooi honde verwag – 'n Afrikastad – 'n Tshwane.

Maar Afrika tog: groot deure met Ndebele-agtige patrone het op die plaza gefront, vlae met regeringsembleme het triomfantlik gewapper en totempale met groot koppe het ritmies in die straat af gestaan – soos soldate wat marsjeer. Die hele toneel het my eintlik aan soldate laat dink, of eerder miere – ek was 'n buitestaander, 'n toeris wat die werkinge van die nes bestudeer, sonder om deel te neem.

Ek het rus gaan vind op 'n stel trappe wat aan Griekse filisowe herinner, of selfs dié voor die Sacré-Coeur – die trappe, nie die filisowe. Net in daardie moment, so naby aan die Nou as wat kan kom, vind een van daardie oomblikke plaas wat die tyd laat stilstaan, wat water opdraend laat vloei en alles in swart en wit ets, behalwe sy. 'n Vision van Annie Hall, Sad Eyed Lady of the Lowlands, Holly Golightly... waar is haar kappie en koppie boeretrees? Soos om Afrikaans op 'n pelgrimstog in Spanje te hoor, sit sy daar en lees *A Picture of Dorian Gray* – die stad, miskien ook 'n valse beeld van voorspoed. Sonder om 'n pseudo-erotiese beskrywing van daardie wonder te gee, sal ek net sê dat ons siele al jare lank sweef, bo die vlaktes van die Groot Karoo.

Na verloop van die normale ongemaklikhede – haar naam is Inge, en dit gaan goed met haar ouers – het ons besluit om saam die strate in te vaar, opsoek na die droom; die soektog na geluk. Sy was 'n gereelde stadsverkenner en half Pretoria-intellectual, verlore Romantic ook in stadsdrome gevang.

2.

die doolhof

Ons eerste stop was die Departement van Publieke Werke – 'n imposante gebou wat aan Wene herinner – die stad, nie New York hotdogs. Volgens Inge moet hul eers toestemming gee vir drome om gebou te word, en dus 'n logiese wegspringplek vir my soektog.

By die ingang in Kerkstraat is ons deur wagte verwelkom en sewe vorms om in te vul. Die geur van Cobra vloerpolitoer, verdun met paraffien, het die staatsdiensvertrek gevul. Vrae en antwoorde, half geïnterrogeer, het my duielig my kop laat lig en opgestaar na die flikkerende fluorescent buiswitlig.

Ons is goedgekeur, gestempel en die gebou in gewys, Inge het my hand gevat. Of dit droombeelde was of politoer-hallisunasië weet ek nie, maar dis wat het gebeur:

Die ontvangsdame van kantoor 101 weet niks van geluk, maar het ons verwys na 422 – geen geluk. Die man by 302 het my verkeerd verstaan en 'n lang relaas vertel, agt en twintig uur lank, van sy soeke na geluk en die droefheid van oudword en sy ure lange, langer as sy storie, gependel elke dag vanaf Soshanguve. Ons geduld was op en ons koppe vlou toe beginne ons daardie besoek aan daardie kantoor berou. Ons hardloop daaruit, reguit na 303 en skreeu om hulp, op dowe neut – Cashews met smiles wat na ons grinnik en hul kraak net nog grappe oop en lag onder mekaar ons verstaan geen woord en spring toe by die vensterruit uit en land toe in 'n binnehof uit 'n ander wêreld uit. Inge mompel toe iets van 'n doolhof and there was no way out. Daar was 'n skelet van 'n mens en in sy hand 'n vorm, gedateer van 'n paar jaar terug vir 'n toestemming om 'n publieke werk te wees. Daardie skelet was soos 'n beeldhouwerk en ons was publiek, so daardie plek was so goed soos 'n droomfabriek. Maar nie vir ons. Vir veertig jaar lank het ons deur die doolhof gekruip en geleef van Boesmansdruie. Op 'n vroeë somersmiddag, toe veertig jaar weer terug, het ons die uitgang gevind, deur 'n voetganger stegie gehardloop en uit daardie imposante gebou wat aan Wene herinner gevlug, in Vermeulenstraat in.



die doolhof.

FIG. 26: collage van DPW binnehof
(Outeur, 2006)



die verlore brief.

**FIG. 27: collage van poskantoor
buitertuin**
(Outeur, 2006)

3.
die verlore brief

Briewe is teksture van belydenis – woorde wat te moeilik gesprek word, word met ink op papier gekerf. En drome ook – die poskantoor was ons volgende bestemming. Van die straat af het ons verby mimiek-kunstenaars en telefoonhorkies-soos-beelde gestap, op met 'n stel trappe, en in verstomming gevries:

like 'n verlate strand op 'n skedelkus, had waters voor ons uitgestrek. Lady Liberty in 'n swart-en-wit prenteboek met 'n boek in haar hand, omvou my in herinnering, van kleintyd verbeeldings van ou stede oor die see. Of in verbeelding of wat, het 'n glasbottel voor ons voete uitgespoel. En in die bottel 'n brief:

xxxxxxxxxx
xxxxla
xx98
Oktober 1975

Geliefde Cecilia,

Ons is nou al vier weke hier in xxxxxhxxx. Dis bloedig warm en die kos maar skraps. Ek xxx xxx xxxxxx xxs vxg nie. Bxxa se xxer! Maar wat 'n lafhaart is ek nie! Hier sit ek en kla en vra nie eens hoe dit gaan nie – wel? Hoop die laatmiddag donderstorms is nog so mooi daar vanaf die balkon. En die jakarandas. Maar ek skryf eintlik want ek hoop jy kan my vergeef vir wat gebeur het voor ek hierheen gekom het. Ek hoop jy kan my weer liefhê. Dis al wat ek nou kan skryf.

xxx

Jou geliefde,
xxxxxxlaxx xan

Sy het nooit die brief ontvang nie, xxxxxxla.xx xan se droom is nooit vervul nie – ons is af met die trappe, 'n kongregasie voor die hof as reality check, en weer die streets in.

So hand aan hand het ons toe gestap, toe die angs het ons gelos en gevlug in die wind, die stadsgedruis-wind, in geselskap in; gepraat oor verledes en kennis en drome en romantiese liefde en ditjies en datjies. Oos het ons beweeg en lafenis gevind onder 'n reuse denneboom by 'n straatkafee met oranje sambrele en stoeltjies, en cappachinos en die rus van water wat oor gegote beton die middag in sus.

4.
die letters ontsna.....p

Inge se vlak van geletterdheid was verstommend, veral daar om die tafel met koffie en sigarette – ek het maar my kop geknik en met 'ja's en 'm-mm's en 'nes jy daar sé's geantwoord op haar verwysings na Kafka, De Certeau en Van Wyk Louw. Dit was dan juis daardie gesprek met groot woorde wat haar my laat aanraai het om na die Nasionale Biblioteek oorkant die straat te gaan en vir antwoorde in die bladsye van die meesters te soek; in die publieke leeskamer waar sy gereeld in boeke verdrink.

Koffie maak my paranoïes – die sekuriteitskameras van die hoofingang het geblyk of hul iets weet, asof hul my soektog ten alle koste wou stop. Met 'n gerol van die o het Inge my na 'n klein, amper verskuilde ingang net om die hoek in Andriesstraat gelei. Die stegie was aan die linkerkant gegrens deur 'n gebou wat soos 'n ou kerk blyk. Maar ons aandag was gou afgetrek



die letters ontsnap.

FIG. 28: collage van biblioteek gang
(Outeur, 2006)

deur 'n reeks vreemdhedede:

Skerwe glas het die plaveisel vol gelê; die klein venstertjies aan die regterkant was uitgebreek. Met ons koms die leeskamer in, het die stilte en verlatenes soos sirenes in ons ore geskreeu; daar was niemand nie en boeke was oor die hele vertrek gestrooi. Maar die vreemdste was dit, was dit dat toe ek die eerste boek optel, Ondergang van die Tweede Wêreld deur Eugene Marais, die bladsye heeltemel leeg was; skoon velle wit papier sonder merk of geskrif. Een na die ander het ons na boeke gegryp en deur geblaai sonder om 'n woord te vind, wat nog gepraat van geluk?! Ons was woordloos.

By die leeskamer uit het ons 'n lushof ingetree en vir 'n paar oomblikke in die koelte van 'n wilde wilg gerus en water uit 'n fontein geskep. Ek het lank en diep in die waters gestaar en het daarin 'n getuienis gevind:

So was een donker nag in daardie stad. Die boekehuis was stil, almal was weg – die streets in; Kerkplein nagte. Maar so in die stilte was 'n gesus en gefladder like butterfly klappend in reën.

Die boeke het ge-riot!

Hulle't begin skreeu en gesing, Eugene Marais het uitgespring. Hy't 'n groot swartinkpen uitgegryp en die eensame boeke in geesdrif opgewek. Letters had van bladsye afmarsjeer en by verlate kantore ingeskryf. Daar het hulle rekenaars bespoeg en verkrag. Raka en Trompie en die Bokshombende het die vensters van die leeskamer oopgebreek en die binnehowe van die gebou ingedring...daardie nag had die letters ontsnap. Rekenaars is op 'n stapel gegooi en aan die brand gestee. Die letters was begeesterd en om die vuur gedans, stories is vertel en intriges ontbloom, skrywersgeheime is verraai en mensekinders bevloek.

Toe begin dit reën.

Pretoria laatmiddag-gedonderde-reën. Die letters het gesmelt – 'e's het tevergeefs onder kappies in gehardloop . Die letters het gesmelt – die mure en die plaveisel in.

Ek word toe wakker in haar arms, twee eensame kinders in die stad, en ons loop aan soos wat ons voete vir ons heet, deur daardie relaas, op daardie Pretoria pad.

5.

die profeet

Net suid van die biblioteek beland ons binne 'n eklektiese plekkie versteek tussen die omliggende kantoorblokke. Klein rooibaksteen geboutjies wat aan Londen docklands herinner – die plek, nie swartleer-skoene. Drie mense het om 'n tafeltjie gesit met 'n bottel rooiwyn en 'n middagete van olywe en brood. 'n Ander kalant het op 'n stoepie gesit en mineur akkoorde op 'n kitaar-soos-huilende-kind getokkel. 'n Pragtige vrou met glietswart hare het luiend in kaalvoet op die ritme gedans. Op een van die vervalle mure is die woorde 'Pretoria is wees' in helder-groen gevef. Boheemswees in Parys, het ek gedink. "Soos Boheemswees in Parys," het Inge gesê. Niemand het hul aan ons gesteur nie, nie eens 'n oogwink toe ons by een van die vertrekke instap nie.

Die kamertjie het 'n hoë plafon gehad en was tot bo met boeke gestapel, boeke met woorde, boeke met betekenis. Die houtvloere het onder ons voetstappe gekraak soos wat ons deur die boeke gevleg het. 'n Man met 'n gryns baard, dronk van taal, het aan 'n klein tafeltjie gesit en met 'n veerpen op los velle papier geskryf. Hy het na etlike minute opgekyk en hierdie woorde gespreek:

Ek gaan probeer skryf vir 'n stad, in Afrikaans, nie plattelands. Iets oor hoe Pretoria kan wees. Oneindig word. Gaan stap saam met my deur dun strate en ons gaan kry ons lagte daar in die



jazzkatte.

FIG. 29: collage *Tudor chambers* steeg (Outeur, 2006)



ete met die engele.

FIG. 30: collage van Pretoria daklandskap (Outeur, 2006)

nag. Saam met al die ander spul wat wag om weer die lewe aan te gryp. Sonder om Londen toe te gaan. Hier, op eie bodem – onder die staatsdiensreën van die ou Transvaal. Kafees vol jazz spelers wat elke aand blaas asof hul môre gaan doodgaan. Die einde. Elke tree loop na 'n nuwe begin, 'n nuwe manier van wees. Geen veiligheidshekke wat ons hier probeer keer, en geen fake plastiek palms en mal mense wat Tuscan aan jou wil verkoop. 'n Egte wees. Hier kan jy alleen bly in 'n koue water flat sonder TV en steeds die gebabbel hoor van groepe in die straat en af klouter met die brandtrappe en hul aanheg vir 'n aand se drink in kroëë in daai jazzy kaffeës. Vroegoggend môre dou uitkom en skoonmakers gewaar wat kom werk en somer die dag deur slaap of deur werk om geld te maak vir huurbetaal.

Kom, kom, kom gou voor dit te laat is en die yuppies intrek. Ons kan die plek kolonialiseer, dit vir ons self vat. Spring, spring, spoeg hieruit daai gewetelose bestaan van die suburbs. Ons kan sing vir meisies wat op balkonne staan en koffiedrink laatmiddag as Pretoria se son daai persbloulug laat glinster soos die jakarandas blom in die lug. Die geur van donderweerstorm vul dan die lug en karre se remligte laat gloei op die teer wat stoom en rysmiere uitfladder, in die nag.

Hardloop gou moenie stop nie, stop net vir 'n koerant by tafeltjie oppi sidewalk met espresso en boerepap en 'n mieliestronk halfge-eet, half gegooi vir 'n boemelaar te laat eet. Gryp dan 'n lamppaal en dans met 'n hoed en sing hard lag ja sing vir die duiwe wat dans - kom dans Pretoria - om die voete van Paul Kruger wat kyk ewig bedroewig en wys met die eeue se tyd.

Ons kom in en red die plek van City Property Group, 'n duiwelse groep, wat ou geboue stroop van hout en oordadige dekorasies wat so mooi so mooi vir altyd dan weg gaan wees. Ons voel soos Parys en New York en al daai plekke in ons koppe en na verlange heet wel nie daar wil bly, net hier Pretoria vir jou, vir jou laat ons hier wil leef en liefhê.

Verhale vertolk hier gebeur, die milieu – jy, stad van snorre so dan eens, maar nou op die rant van afgrond; of die nuwe Afrika stad. Maar ook my stad en nie Maputo geherhaal, afgeval maar ingesnyde plekke van Romanse, ou westerse stede gecobble gedeconstruct en gebalans.

Kom dans, Pretoria, hiers jou laaste kans.

Hy het afgekyk en weer begin skryf. Ek het nie geweet of hy met my, met ons, of met sy stad gepraat het nie, maar dit was die naaste wat ek nog aan die betekenis van die droom gekom het – 'n glimmering van geluk het ek in my are gevoel. Ons het daardie weggesteekte gemeenskap verlaat en Inge het my gesoen.

'n Nou gangetjie het ons na 'n arkade gelei vol kleurvolle klerewinkels wat aan Carnaby Street in Londen herinner – die straat, nie die Beatles. Nie eens Inge se intellektuele snobisme teen die snobisme van designer kleren kon maak dat sy die venstervertonings weerstaan nie. Sy't 'n pragtige serp gekoop met die woorde

'hierdie is nie 'n serp nie'

daarop en om haar nek-soos-swane gedraai. Maar die son was al laag en 'n Vanilla Sky het deur die hoë toringblokke gestol en lang skadus oor die stadsmense gegooi. Ons het Kerkstraat bereik en is deur die jazzy klanke van trompette en saksofone na 'n versteke ingang oorkant die pad betoor. Vreemde dae, in alleys. Weggesteekte kafees en eenkamer kouewater studios – eggos van die profeet se woorde.

Maar geenplek was daai jazzspelers. Net swartkatte. Katte met goue oë wat gluur en poëties voor rooibaksteen mure poseer. So vreemd word die dag alweer en kom twee katte lazily vanuit 'n flenter-houtdeur bo-aan 'n stel staaltrappe gestap – die een met 'n trompet, die ander met 'n saksofoon. Ekt gedog dis oulik, en Inge ekseker ook, maar toe begin hulle speel soos drake wat vuur spu. Vir eeue lank het ons daar gestaan en na die katte gekyk, die ritmes van die stad, die mure in ruïn, en geskimme van die anderkant.

6.

ete met die engele

'n Klein skare het saamgedrom onder wie 'n maer man in Levi's en vuil hemp. Hy't energiek rongespring op die *Beat*, en geskreeu: "Yes, yes, yes, yes!" Ons het sy mal bewegings gevolg op en deur maltrap-trappe van vlak tot vlak tot in 'n gebou tot in 'n hysbak tot op die agste vloer en verby 'n ry funky mense gehardloop verby 'n groot wag uit met 'n deur op met nog brandtrappe tot op die dak van die gebou. 'n Restaurant in die hemele.

Die laatste-middag son het nog Pretoria verlig. Die malkopman was weg. Ek en Inge kon tot in die ewigheid sien: groen randjies in die verte, die uniegebou, die reserwebank, duisende dakkies en versteke kunswerke teen mure geverf, 'n elitist mode-parade bo-op die oorkanste gebou, werkers wat op busse klim en die Gautrain wat verby vaart, toeriste wat by 'n hoek-kafee sit en 'n uil wat oor hul kyk, tekens oral van 'n verlore Britse Ryk en tekens wat bekend lyk maar nog nooit so mooi soos daardie vroegaand oor Kerkplein het geblyk.

Die dak sweef op die vlerke van die wind, bo die stad, 'n nuwe stad gevind. Van dakke, duiwe en lug; Pretoria lug, Pierneef wolke, in room gestolte.

Donker het die stad soos 'n doek bedek. Liggies het oral begin skitter en ons het aandete daar tussen die sterre geniet. Inge het in my oor gefluister. Alles was goed, maar my soektog was naby verlore. Na ete het ons weer by die reëling gaan staan en gepoog om te wees.

Iets het egter my staat van wees (of is, ek kan nie onthou nie) onderbreek : aan die oorkant van die plein het 'n groen gloed deur die geboue (wat aan Brussels herinner – die stad, nie die sprouts) gegloei. 'n Neon lig het geflikker:

g e l u k

Ons het onmiddelik afgehardloop om my droom te gaan vind.

7.

taalkaarte

By die trappe af toe val ek af en beland op die dek van 'n skip, 'n ou skip-soos-seerowerskip. Die golwe was rof en geslaan teen die romp. Romp! Romp! Romp! Soos 'n kraai het ek van bo die mas gesien hoe letters op die water verskyn – ko-ordinate van 'n nuwe land. Die bemanning het gekla en op hul tande gekners en hul mondvlies het gebloei. Woorde in elf vreemde tale het van die bodem af opgedryf en in kolomme gedryf. Agt en veertig pikkewyne met snorbaarde het vanuit die lug geduik en met een standaard staatsdiens swarbalpuntinkpen die buitelyne van die nuwe land op die waters geskets. Ons vir jou Suid-Afrika. Die pikkewyne het die woorde buite daardie lyn opgedrink en so vet geword, en so saggies ontplof. Brand Suid-Afrika. 'n Lank voorspelde wind van verandering het gewaai en vrede gesaai. 'n Politiese korrekte wind het gewaai en eenvormheid gesaai; 'n kakofoniese lawaai – die woorde het tussen-mekaar en bo-mekaar gespoel tot geen woord meer leesbaar was nie. Toe gaan lê die wind. Toe kom die son uit. Toe verdamp ván die woorde en ek kon weer lees. Ek het min verstaan, maar daar tussen alles was een sin duidelik verstaanbaar vir my:

"Ek is 'n vreemdeling in my land, Suid-Afrika."

8.

'n gathering in die nag

Ek spring toe van die dek af, en swem na daardie sin om sin van te probeer maak. Halfnat tussen die ore en alleen sonder Inge, bevind ek myself agter die Cafe Riche gebou voor 'n ou vervalle teater. Daar was baie ander. Ander nes ek, maar nie die Ander, maar Ons. Almal het

ook geluk kom soek en almal het besef

die geluk is in die soek.

Dit was donker, en daar was woorde uit talle beenkamers. My woorde was dit:

Pretoria, het jy ons verlaat, omdat ons jou gelos het? Pretoria, gaan jy ons nooit vergeef dat ons jou strate verleeg het? Ons lewe gelieg het? Vat ons terug, met voorwaardes: Ons word die agterstrate, daar loop ons rond. Die mainstream streets is lankal nie meer ons nights, maar weggesteekte kafees kruip ons na; onder die skadu's van Mamelodi jazz en African vibes wat oor ons kla. 'n Dun geflikker van neonlig – eens die sinjaal van hoere en dobbelkastele – lei ons van die hoofstrate af, na 'n gathering in die nag – daar kan ons hardop lag. Waar is die marmer relief, die Pierneef skildery, die rooi stoep en die 'Deco uil? Waar is ons kunstenaars, ons idealiste en dromers? Hulle dwaal rond, ja, maar nie meer hier by ons, nie in hierdie sandbegrawe strate; maar in die rand, die gryns van die skadus van ons lank verlore somer.

die einde.

[4]

GEVOLGTREKKING

agterstraatgeskrif is 'n hoogs Post-Moderne teks vol onopgeloste teenstrydighede, verwysings na ander tekste, subjektiwiteit, sentimentele romanse en Engelse woorde. Fiksie en realiteit is skaamteloos deurmekaar gegooi en milieu beskrywings wissel van die werklike, tot die profetiese tot die surrealistiese en absurde. Dit is die outeur se liefdesbrief aan Pretoria, sowel as sy klaaglied. Al die kwalitatiewe beginsels wat vooraf bespreek is, is beliggaam in die teks sonder om letterlik uitgespel te wees – juis dan die doel van die relaas as ontwerphulpmiddel. *agterstraatgeskrif* is dan die konsepsionele onderbou van *stadskrif*. Elke hoofstuk is aan 'n terrein gekoppel.

Die ontwerp gaan nie Afrika wees nie, ook nie Toskaans nie, ook nie Afrikaner nie, ook nie Suid-Afrikaans nie, maar *Afrikaans*... dááruit gekerf.

VIII DIE SKRYF VAN DIE FENOMENOLOGIESE TEKSTE




FIG. 31: Die ontwerpproses tot aanleiding van die fenomenologiese tekste. (Outeur, 2006)

[1] INLEIDING

Die tweede tipe teks wat volgens die hipotese as ontwerp-hulp-middel gebruik kan word, is die fenomenologiese teks. Hierdie teks word geskryf as 'n ontwerp-met-woorde wat al die kwantitatiewe beginsels verwerk na 'n beskrywing van die fisiese aard van die plek. Hierdie ontwerp-met-woorde word beïnvloed deur die betrokke terrein, voorbeelde van dergelike tipologiese ontwerpe en ontwerp-beginsels. Hierdie aspekte word bespreek gevolg deur die uiteindelijke fenomenologiese tekste. Daar is drie van die terreine gekies om die beginsel te illustreer, naamlik die Departement van Publieke Werke, die Poskantoor en die Rentbel-dakruimte.*

*Dieselfde proses is gevolg vir al die terreine, maar word nie hier ingesluit nie die inhoud van die dissertasie te oorlaai nie.

[2] VOORBEELDE, ONTWERP-BEGINSELS, TERREIN-ANALISES EN FENOMENOLOGIESE TEKSTE

2.1 Departement van Publieke Werke

2.1.1 Voorbeelde

Projek: *Two Plateaux* [die binnehof van die *Palais Royal* in Parys (1985)]

deur: Daniel Buren

in: (Brayer *et al.* 2005: 172 – 174; 190)

Eerder as om die ruimte van 'n losstaande objek te voorsien (soos voorgestel deur Alexander

(1977: 606 - 608) in die patroon *Something roughly in the middle [126]*) het die kunstenaar, Daniel Buren, die binnehof van die *Palais* as 'n beeldhouwerk in sy geheel ontwerp. Die argitektoniese orde van die *Palais* word in die ruimte vergestalt deur 'n rooster van pilare wat in hoogte wissel – die veelsinnige vorm laat toe vir verskeie interpretasies en maniere van gebruik.

Alhoewel die binnehof van die *Palais Royal* toeganklik is, **vervul die ontwerp groterdeels 'n visuele rol.**

Projek: binnehof aangrensend die MACBA, Barcelona, Spanje
deur: Richard Meier

Ildefons Cerdà se *Eixample* [uitbreidings]-plan vir Barcelona in die 1850's word beskou as die eerste model vir ideaal-gedrewe stadsbeplanning. Sy planne het onder andere die voorsiening van binnehof-tuine tussen-in geboue ingesluit. Ontwikkelaars het egter gesorg dat hierdie ideaal nie uitgevoer is nie. Huidiglik is die stadsraad egter besig om soortgelyke ruimtes in die stad te win, soos dié aangrensend die MACBA [kontemporêre kunsmuseum] deur Richard Meier. 'n Opvallende kenmerk van hierdie, en ander soortgelyke ruimtes in Barcelona, is die eenvoud van ontwerp: bloot 'n paar tafeltjies en sambrele, 'n fietsloods en 'n muurskildering van teëls.

Die uitkerf van oop ruimtes in die dig-stedelike weefsel skep areas vir ontsnapping en vir rus; die wegvat van geboue is soms meer voordelig as die bou daarvan. Die bestaan van **sulke ruimtes is afhanklik van toegewyde beplannings-inisiatiewe** en verg slegs **sonderlinge ontwerps-ingrypinge** om suksesvol te wees.

2.1.2 Ontwerpbeginsels

Die binnehowe in die middestad is oor die algemeen dooie ruimtes wat nie deur gebruikers benut word nie (die Queen straat moskee is 'n uitsonderlinge voorbeeld). In die patroon *Courtyards which live [115]* lys Christopher Alexander (1977: 561 – 564) die volgende beginsels vir die skep van suksesvolle binnehowe:

- Skep tussen-in ruimtes om 'n egalige oorgang tussen binne en buite te bewerkstellig.
- Die binnehof moet meer as een toegangspunt hê ten einde menslike beweging daardeur te verseker. Soos die voorbeeld van die binnehowe van Barcelona dui, is dit soms nodig om gebou-struktuur te verwyder vir die suksesvolle skepping van oop ruimtes in die stad.
- Die binnehof moet nie geheel en al omsluit wees nie, maar op plekke uitsigte na groter, oop ruimtes bied. Weereens gaan sekere gevalle die verwydering van argitektuur vereis.

Plante kan suksesvol in toeganklike binnehowe gebruik word om dooie ruimtes in




middestedelike lushowe te omskep. Gebrekkige sonlig in sulke areas genoodsaak die gebruik van skaduplante.

Aangesien geute dikwels na binnehowe dreineer, moet die bestaande dreinerings-stelsel se werking nie belemmer word nie. Beter nog is om die reënwater op te vang en vir besproeiing aan te wend.

2.1.3 Terrein-analise (erwe 271 - 274, 319 - 322)

Die Departement van Publieke Werke beslaan die helfte van die noord-westelike straatblok rondom Kerkplein, tussen Kerk-, Bosman-, en Vermeulen-straat met die hoofingang in laasgenoemde. Die hoofmateriale van die gebou is **gladde sandsteen** vir die eerste twee verdiepings en **rooi siersteen** vir die boonste ses, en houtraam vensters en deure. (Le Roux 1990: 60) Die mure aan die binnehowe is egter bloot gepleisterde baksteen. Daar is vyf toeganklike binnehowe wat vuil en afgeskeep is, en vier nie-toeganklike dienste-skagte. Die gebou word tans deur MEG argitekte opgeknop. Planne vir die binnehof wat ondersoek word, sluit in 'n koffiewinkel wat op die ruimte oopmaak, hysbakke aan die een muur, en 'n glasdak wat die ruimte bedek. Sien fig. 32 vir verdere terrein-analise.





grafiese analise.
FIG 32: foto- en plananalise van DPW binnhof (Outeur, 2006)

2.1.4 Fenomenologiese teks

Die helder droeë-blou winterlug word deur die buitelyne van die dak geraam. Die son steek floutjies sy strale uit om die staatsdienswerkers van die kouete verlig. Koffie en sigarette word teetyd om tafeltjies geniet – daar is ‘n restaurant-soos-brug op die sewende verdieping van die Departement van Publieke Werke in Kerkstraat, wat oor ‘n binnehof strek. Werkers vind daar lafenis van die kantoortjies met hul neon-buiswitlig, en geflikkerende rekenaarskermlig. Die hele binnehof is eintlik ‘n ontsnapping – ‘n ruimte met sy rug gekeer op die stad. Die grondvloer van die binnehof word nie veel in die winter benut nie, maar dien self as ‘n tapyt, of skildersdoek vir die oë vanuit kantore en mense wat oor die restaurant se balkon leun. Die mure van die binnehof is straks geometries en spreek van die burokratiese funksie van die gebou. Die lawwe en irrasionele binnehof kontrasteer visueel met die Neo-Klassistiese ideale. In die somer wel, wanneer Pretoria hitte die lugversorgers laat dreun, is die son-versteekte grondvloer ‘n koel-soos-oases ruimte met vloeiende water en donkergroen loof van die skaduplante wat groei met middagete son – dan skadu gooi vir toebroodjies eet en koue water drink in kafee-soos-Sidewalk New York. Die brug gooi ook ‘n skadu in die middel van die ruimte – ‘n goeie plek dan vir middagete eet. Af van die hoofstroombeweging van middageters en deurlopers is daar plekkies in die hoekruimtes-soos-beeldhouwerke waar alleen en stil gesit kan word met die vloei van water en geure van blomme en die lees van stories in letters-tot-woorde. Die mure van die binnehof is ook landskap en word gesien vanuit teenoorgestelde kantoorvensters, vanaf die sewende vloer restaurant-soos-brug en van onder af. Hierdie mure word tapyte, groen tapyte wat gryswater vanaf handwasbakke (met organiese seep) gebruik om te groei – skaduplante, natuurlik. Die rankers klim teen stellages om nie die integriteit van die geskiedkundige bouwerk in gedrang te stel nie – ingrypinge moet verwyderbaar en ooglopend nuut wees. Geen illusie van geskiedenis word geduld nie. Ten einde nie beknop te voel nie word die binnehof uitgebreek in ‘n koffiewinkel wat deursigtig is tot ‘n ander binnehof – hier word die soliede statigheid van die argitektuur onderbreek en met glas vervang en ligte ontwerp om uitsig en uitloop te bied – om weg te neem voeg iets by. Wanneer dit Pretoria-donderweerstorm-soos-gewere reën, word die water van die reënwaterpype geïdealiseer en geprys in ‘n kunswerk – ‘n spel van watervloei wat uit kantore sigbaar is en wat, soos riviere in die landskap, die ruimte met die tyd verander – ‘n stroom word in sandsteen ge-ets.

2.2 Poskantoor

2.2.1 Voorbeelde

Projek: *Capitol Plaza* (New York, New York, VSA)

deur: Thomas Balsley

in: Freeman (2005: 161 – 169)

- Gebruik: **deurloop**, koffiebroke, middagetes
- elemente: bankies, lae mure, skaakborde
- **komplimenteer die groter *Madison Square Park*** (*Capitol* bied meer geleentheid vir intieme ontmoetinge)
- word **ondersteun deur funksies** geassosieer met “so-called creative class” (Freeman 2005)
- ‘n dooie muur word geartikuleer deur ‘n sinkplaat met ellipsvormige gate daarin gesny, daarvoor te vertoon
- Balsley vermoed dat sulke plazas wat in styl en materiaal soos die aangrensende argitektuur heet, deur die publiek as deel van daardie geboue beskou word en daarom nie gebruik nie.

2.2.2 Ontwerpbeginsels

Vanuit die bespreekte en ander voorbeelde, kan sekere ontwerpbeginsels afgelei word:

- Ten einde ‘n gevoel van veiligheid te skep deur passiewe toesig [*passive surveillance*], moet die ruimte self ‘n deurloop wees of ten minste, soos in die geval van *Paley Park* in New York, oopmaak na ‘n bewegingsroete. Die aanheg van funksies verseker ook die aanwesigheid van oë wat kyk.
- ‘n Verskeidenheid sit-konfigurasies moet voorsien word wat die individu toelaat om in rus alleen te sit, of in ‘n intieme groep.
- Om te verhoed dat die plek as ‘n privaatruimte skyn, moet die ontwerp nie slaafs die omliggende argitektuur naboots nie.

2.2.3 Terrein-analise

(erwe 273, 274, 320 - 322)

buiterruimte:

- ‘n ruimte (ongeveer 2m gelig vanaf die straatvlak) op die hoek van Vermeulen- en Paleisstraat; die dak van ‘n parkeer-garage
- tans ongebruik
- toeganklik vir die publiek
- goed gedefinieer deur poskantoorgebou aan suidekant, en DPW aan westekant


- goeie gehalte staal balustrade en lamppale reeds in plek
- 'n ry jong Acacia karoos is geplant op straatvlak (Vermeulen)

algemeen:

- prominente gebruik van rooi bakstene
- dak van poskantoor uitbreiding (1987) is van titanium-sink ('brownbuilt' profiel)

Sien fig. 33 vir verdere terrein-analise.





grafiese analise.

FIG. 33: foto- en plananalise van DPW binnehof (Outeur, 2006)

'n Ontwerpskrif vir die poskantoor – onveranderd van oorspronklike geskrif (11/05/2006) - op volgende bladsy.

2.2.4 Fenomenologiese teks

Daar is 'n hoekie tussen Vermeulen- en Paleisstraat waar paaie kruis en briewe gepos word, en telefoonoproepe gemaak word, en liedjies deur straatmusikante gesing word. 'n Katspoeg skuins oorkant die Hooggeregshof, is hierdie plek 'n ontsnapping van dié Post-Moderne gebou waaruit mans-soos-pikkewyne uitgestap kom en kom kyk na 'n anderkant van woorde – briewe word in die poskantoor gestuur en ontvang – briewe wat soms van die gryskant van die lewe praat. Die hemelbesems se immergroen loof bied skadu, en lopende water dof die geraas van die straat uit – 'n waterput met diep, helder water word deur hande gebruik om geswete gesigte af te spoel. Ou mans sit met hul rûe teen 'n muur en kyk hoe kindertjies mekaar met water spat, en klein bootjies uit die takke van die Acacia karoos in Vermeulenstraat kerf en op die waters laat vaar. Om die waterput is die plaveisel van klein ronde rivierklippies in patrone gemessel wat glinster soos wat die water en die gefilterde son daarop val. Vanaf hierdie woud van mensestap en oumenssit en kinderspeel is daar 'n stel trappe-soos-gang wat na 'n lineêre, stiller en oop ruimte lei. (Ook na die ingang van die poskantoor). Hierdie ruimte is op die dak van 'n twee-verdieping ondergrondse parkeergarage. Om die massa te beperk is al die materiale lig en slegs plante wat 'n dun laag grond benodig: veldgrasse en blomme (wat aan die Pretoria van Eugene Marias herinner). Die plantegroei word teen 'n opwaartse helling geplant sodat dit soos 'n wyd-uitgestrekte veld blyk. Die Acacia karoos in Vermeulen bied skadu teen die noorde-son van die somer; in die winter bied die suidekant van die ruimte sitplekkies in skadulose sonnetjie-gevlak – veral gewild onder die mans-soos-pikkewyne wat briewe vanaf hul skootrekenaars stuur in die draadlose hotspot. Hulle sit alleen; ander – 'n man en sy geliefde – sit intiem en kyk en koer-soos-duiwe op stoeltjies en verby hulle stap 'n eensame Pretoria-intellektueel wat 'n abstrakte beeldhouwerk interpreteer.

2.3 Rentbel-dakruimte

2.3.1 Voorbeelde

Projek: daktuin vir Maria McVarish (San Francisco, Kalifornië, VSA)
deur: Andrea Cochran Landscape Architecture
in: (Carlock 2005: 108 – 113)

- Brand-regulasies? (Aantal mense toelaatbaar op ‘n dak – privaat of publiek)
 - Beperkings van materiale: hysbak, gewig
 - Sekuriteit (toegang vanaf aangrensende dakke)
 - blootgestelde omgewing: son, wind, hitte
 - water: waterdigting, besproeiing
 - gewig aan die kante van die ruimte
 - maniere om plantbakke se gewig te verlig: “lightweight aluminium”; “lightweight volcanic soil” (111) “beneath the planting medium is Styrofoam” (111)
- Tipe: **toeganklike dakruimte vir privaatgebruik (ontspanning)**

2.3.2 Ontwerpbeginsels

Een van Alexander (*et al* 1977: 315 – 318) se patrone is *High places* [62], waarin die belangrikheid van hoë plekke in ‘n stad beklemtoon word – **plekke waarvandaan die wêreld vanuit ‘n ander hoek bekyk kan word**. In *Roof garden* [118] (*ibid.* 575 – 577), word daktuine beskryf as plekke vir private ontspanning wat bes moontlik **direk vanuit ‘n binneruimte toegankbaar** is; m.a.w. nie deur ‘n stel trappe nie.

Die volgende ontwerpbeginsels is vanuit Harris & Dines 1998: deel 610 afgelei:

gebou-struktuur

- Die gebou-argitek en ingenieur moet voortaan die ontwerp gekonsulteer word.
- Die dak moet ‘n dooie lading van 7.18kPa kan dra ten einde die konstruksie van ‘n daktuin te akkommodeer.
- Die teenwoordige waterdigting en dreinerings van die dak is gewoonlik voldoende – die ontwerp moet dus nie die werking van daardie stelsels kortwiek nie.
- Alhoewel ‘n permanente beton vloer oor die dak se oppervlak gegiet kan word, is dit beter om van verwyderbare elemente gebruik te maak ten einde toegang tot die dak vir onderhoud te bied.
- Die anker van strukture in die dakblad (wat die waterdigtings-membraan gaan deurdring) moet verhoed word – oorweeg alternatiewe details.

grond

- Selfs ligte grond kan tot 585kg/m³ weeg.
- Ten einde die las te verlig, kan polistireen blokke onder die grond geplaas word.
- Aangesien 'n dun laag grond gebruik word, had dit nie genoegsame water om aan die plante se behoeftes te voldoen nie – besproeiing is dus 'n noodsaaklikheid.
- Vir bogenoemde rede moet die verdamping van water uit die grond beperk word deur die aanwending van 'n laag boom-bas, en/ of die gebruik van oorhoofse-elemente wat skadu gooi.

strukture

- Ten einde massa te beperk, gebruik materiale soos aluminium, lig-gewig beton en hout (sien wel of die gebruik van hout toelaatbaar is).

meublement

- Anders as ander publieke ruimtes, kan die meublement nie maklik deur booswigte verwyder word nie, en hoef daarom nie in-plek geanker te wees nie.


gebruik van water



- Plaas swaar water elemente bokant ondersteunings-kolomme.
- Die water moet so vlak moontlik wees (100 – 400mm) ten einde massa te beperk – donker kleure kan gebruik word om die illusie van diepte te skep.

2.3.2 Terrein-analise (erf 2745)

Die Rentbel gebou sit aan die suid-oostekant van Kerkplein in Bureauaan. Die gebou bestaan uit 'n “agtverdieping hoofblok met die negende verdieping teruggesit onder 'n plat dak.” (Le Roux 1990: 82) Die fasade aan die pleinkant had 'n sterk “strewe tot vertikaliteit.” (*ibid.*) Die dakruimte is tans ongebruik, maar toeganklik deur 'n stel brand-trappe vanuit die boonste vloer.

Sien fig. 34 vir verdere terreinanalise.





grafiese analise.

FIG. 34: foto- en plananalise van Rentbel-dakruimte (Outeur, 2006)

2.3.4 Fenomenologiese teks

Die rokers, veral, vind lafenis op die dak van die Rentbelgebou. Met 'n stel brandtrappe-soos-Londendokke word die tweede vlak van die Pretoria landskap betree – die daklandskap: groot wolkekrabbers toring bo die ruimte uit, klein intrieke dakruimtes en watertenks word ontbloot, wasgoedlyne op dakke, TV-antennas, weerlig-afleiers en dekorasies en uitsigte oor Kerkplein, die Uniegebou en wolke. Die dak is heeltemal blootgestel aan die son, maar 'n fyn water mis koel mense af en besproei twee mure van rankplante wat 'n sitruimte in 'n hoek van die dak definieer - op die kante, waar massa gedra kan word. Duiwe en swaeltjies maak hul neste op die gebou en pik-pik aan oorskiet broodkrummels en vlieg-in-silhoeëtte voor die son. Die vloermateriaal is lig en los op die dak gepak sodat instandhoudings van die dak maklik kan geskied. Die vloer had ook gapings waaronder deur water loop en na die dak se dreineringspunte kan vloei. Op sekere aande word die ruimte 'n spesiale plek in 'n donker seevloei van stadsliggies-soos-sterre en sterre. Mooi mense en TV-kameras en wit doeke en ligte en elektroniese musiek, omskep die ruimte in 'n droomwêreld – catwalks met modelle paradeer die nag; akteurs adverteer vonkelwyn of yuppies dans tot die rooidag kom. Die landskap word verfilm en geskiet en se bestaan word uitgebrei na buite die dak, na glansbladtydskrifte, TV-skermes en filmteaters. Die geld word gebruik om die daktuin instand te hou, en almal is gelukkig.

[3]
GEVOLGTREKKING

Die fenomenologiese tekste beskryf ruimtes waar die stadsbewoners lafenis kan vind weg van benoude kantore en lawaaierige strate. Die beskrywings sou op vele maniere na vorm geïnterpreteer kon word. Hierdie tekste en die relaas het die onderbou geword vir die vormgewingsproses soos beskryf in die volgende hoofstuk.



Betonoerwoud.

FIG. 35: Van teks na vorm. 2006. Outeur.
Houtskool op papier.

[2]

DEPARTEMENT VAN PUBLIEKE WERKE BINNEHOF


2.1 Beskrywing van ontwerp

‘n Wit beeldwerk van gevoude staalplate klou aan die bestaande suide-muur vas. Die beeldwerk sprei uit na bo om ‘n dek te vorm wat vanuit ‘n kroeg op die sewende vloer loop. ‘n Kabelstruktuur in die weste hoek dien as ‘n verdere visuele fokuspunt en laat toe vir die rank van Boesmansdruif. Die groen loof en ‘n waterelement teen die weste-muur skep ‘n rustige ruimte wat die gebruik van die aangrensende biblioteek komplementeer. Die houtvloer van ‘n koffiekroeg op die onderste vloer word na die binnehof verleng om ‘n deurlopende ervaring tussen binne en buite te skep. Hierdie horisontale vlak word vertikaal teen die suide-muur opgevat deur hout muurbedekkings wat plekke in die gebou wat op balkonne uitloop, definieer – die binnehof word sodoende vanuit verskeie vlakke ervaar.

2.2 Ontbloting van ontwerp: die vertaling van ‘n ruimtelike beskrywing

Die fenomenologiese teks vir die binnehof van die Departement van Publieke Werke (sien VIII [2.1.4]) is geskryf as ‘n reaksie op ‘n analise van die terrein en goeie binnehof-ontwerp. Die teks beskryf die ruimtelike kwaliteite wat verlang word en het sodoende as ‘n basislyn gedien waarteen verdere ontwerp gemeet is. **Hierdie proses het verhoed dat die ontwerp vir die ruimte op beeld gefokus het ten koste van goeie ruimtelike ervaring.** Die uiteindelige ontwerp was as ‘n beeld gegrond in die relaas en as ‘n ruimtelike ervaring gegrond in die fenomenologiese teks. Die vertaling van laasgenoemde na vorm word op die volgende bladsy uitgebeeld (fig. 37).

Die tegniese ondersoek vir die Departement Publieke Werke binnehof (Volume II) het wel die outeur gedwing om sekere verandering aan die ontwerp te bring.



“Die helder droeë-blou winterlug word deur die buitelyne van die dak geraam. Die son steek floutjies sy strale uit om die staatsdienswerkers van die koue te verlig. Koffie en sigarette word teetyd om tafeltjies geniet – daar is ‘n restaurant-soos-brug op die sewende verdieping van die Departement van Publieke Werke in Kerkstraat, wat oor ‘n binnehof strek.”

“Die grondvloer van die binnehof word nie veel in die winter benut nie, maar dien self as ‘n tapyt, of skildersdoek vir die oë vanuit kantore en mense wat oor die restaurant se balkon leun.”

“In die somer wel, wanneer Pretoria hitte die lugversorgers laat dreun, is die son-versteekte grondvloer ‘n koel-soos-oases ruimte met vloeiende water en donkergroen loof van die skaduplante wat groei met middagete son”

“Af van die hoofstroombeweging van middageters en deurlopers is daar plekkies in die hoekruimtes-soos-beeldhouwerke waar alleen en stil gesit kan word met die vloei van water en geure van blomme en die lees van stories in letters-tot-woorde.”

“Die mure van die binnehof is ook landskap en word gesien vanuit teenoorgestelde kantoorvensters, vanaf die sewende vloer restaurant-soos-brug en van onder af. Hierdie mure word tapyte, groen tapyte wat gryswater vanaf handwasbakke (met organiese seep) gebruik om te groei – skaduplante, natuurlik.”



FIG. 38: sintese van fenomenologiese-teks en relaas
(Outeur, 2006)




FIG. 39: collage aansig van finale ontwerp nagelang tegniese ondersoek
(Outeur, 2006)




FIG. 40: Poskantoor knapsakpark. 2006. Outeur. Collage.

[3]

POSKANTOOR KNAPSAKPARK

3.1 Beskrywing van ontwerp

‘n Liggewig beton beeldwerk rus op die dak van ‘n ondergrondse parkeergarage. Die beeldwerk bestaan uit golwende stroke waarteen mosaïekwerk op die vertikale vlak pryk. Die bokant van die stroke kan op gesit, gehardloop en geslaap word. Aan die weste kant is daar ‘n mensgemaakte heuwel van grasgroen plastiekgras. Die dooie weste muur wat as ‘n agtergrond vir die park dien, word toegegroeï deur ‘n rankplant.

3.2 Wegdoen van leë sinjale: die vertaling van ‘n beeldryke teks

Die konsep vir die ontwerp is vanuit die relaas geïnterpreteer. Die hoofstuk ‘die verlore brief’ beskryf die karakters wat voor ‘n uitgestrekte watermassa staan en ‘n brief lees wat voor hul voete uitspoel. Die gedagte dat briewe geweefde stukke teks is, het veral die ontwerpproses aangevuur:

Die woord ‘teks’ is gewortel in die idee ‘om te weef’ - enerse elemente word gevleg om ‘n eenheid te vorm. Mosaïekwerk is ‘n goeie vergestaltung hiervan: klein, niksseggende keramiek teëls word geherhaal op ‘n oppervlak om as ‘n enkelbeeld te lees. Hierdie enkelbeeld is verder as ‘n doek hanteer wat oor die terrein gegooi is, en gevou is om die landskap te skep; die ontwerp bestaan dus nie uit ‘n groep enkelstaande elemente nie.

Die beeld van die uitgestrekte watermassa is meer letterlik na vorm vertaal : ‘n reeks golwende lyne vertoon as ‘n see waaruit daar ‘n objek styg asof ‘n eiland. Hierdie vorm het later ontwikkel na een van ‘n mensgemaakte heuwel bedek met plastiekgras ten einde instandhouding te beperk.

Die vormskep-proses was dus nie ‘n blote grafiese neerpen van estetiese beelde nie, maar ‘n reaksie op die inhoud van die relaas. **Die vorms van die elemente van die poskantoor knapsakpark is dus sinjale van onderliggende idees.**

tekstuur
tekstiel
teks

“Briewe is **teksture** van belydenis...”

“*like* ‘n verlate strand op ‘n skedelkus, had waters
voor ons uitgestrek.”




FIG. 43: Sketsplan van poskantoor knapsakpark (Outeur, 2006) nie volgens skaal

[4]

NASIONALE BIBLIOTEEK DOOIE MUUR

4.1 Beskrywing van ontwerp

Die Nasionale-Biblioteek publieke leeskamer kyk uit op 'n dooie muur. Die muur is bedek in LED liggies wat in patrone skyn om die illusie van vallende teks te skep. (fig. 45) Lesers word gesus deur die ritmiese vloei van 'n elektroniese beeld. Die storie 'agterstraatgeskrif' is beskikbaar in die leeskamer en gun besoekers die geleentheid om die betekenis van die ligvertoning te ontdek.

4.2 Verryking van landskap (pre-ontwerp teks)

Die hoofstuk 'die letters ontsnap' in die relaas beskryf 'n spul boeke in die Nasionale Biblioteek wat teen die elektroniese wêreld in opstand kom. Ons het hier te doen met die stryd tussen die grafosfeer en die videosfeer: die ou wêreld van boeke en oorreding teen die nuwe wêreld van rekenaars en verlyding. Die ontwerp van die dooie muur is hieruit geïnspireer. Die verlydelike vloei van digitale teks - geensins leesbaar nie - kontrasteer met die inhoud van die leeskamer, maar ironies genoeg, komplementeer die aktiwiteit daarbinne: 'n rustige agtergrond vir die lees van boeke.


Sonder kennis van die relaas, sal die dooie muur estetiese waarde hê. Egter, **deur die lees van die relaas moontlik te maak in die leeskamer, word die ervaring van die dooie muur na 'n kognitiewe vlak geneem** (fig. 46). Die leser se interpretasie van die muur se verbintenis met die teks gaan van persoon na persoon wissel, maar dog tot 'n verrykende ervaring aanleiding gee.



DIE DOERHUIS WAS
stil, almal was weg –
die streets in; Kerk-
plein nagte. Maar so
in die stilte was 'n
gesus en gefladder
like butterfly klap-
pend in reën.

Die boel

Hulle't be
en gesin
Marais het uit
gesprong. Hy't 'n
groot skatinkpen
in 'n gryp en die
eensame boeke in
geesdrif ongewek.



die leeskamer oopge-
breek en die bin-
nehowe van die gebou
ingedring...daardie
nag had die letters

Breinvlug

FIG. 46: Kognitiewe waardeing
van die landskap.
(Outeur, 2006)



FIG. 47: Tudor Chambers steeg. 2006. Outeur.
Collage.

[5]

TUDOR CHAMBERS STEEG

5.1 *Beskrywing van ontwerp*

Die steeg tussen die Tudor Chambers en Rentbelgebou, is 'n lewendige plek: kunstenaars, landskapargitekte, digters, musikante...leef vanuit studio's en woonstelle op hierdie dun straatjie uit. Slegs enkele landskapsingrypinge is gemaak om die proses van veredeling [gentrification] te akkommodeer: plaveisel ryk aan tekstuur, ligte gemonteer teen mure en die oopmaking van die ruimte na Kerkstraat. Op plekke is van die gebou weggenem om klein vergader en eet-ruimtes te skep. Die steeg is ook verbind met die Rentbel-gebou en sodoende toegang tot dié se dakruimte.

5.2 *Verandering van persepsie: die inspirasie vir stedelike vernuwing vanuit 'n storie*

Die sukses van baie stadsruimtes is minder afhanklik van fisiese ontwerp-ingrypinge, as van mense se houdings teenoor hierdie ruimtes. Vele ruimtes in Pretoria is byvoorbeeld goed ontwerp en van 'n hoë kwaliteit (die ruimte voor die TPA-gebou ontwerp deur Meiring & Naude en Moerdijk en Watson (1963) is 'n goeie voorbeeld), maar verg die herbenutting van die omliggende geboue ten einde gebruik te word en na omgesien te word.

So dan die omskepping van die *Tudor Chambers* steeg na 'n edel buiteruimte in die stad: tekste soos die relaas kan help om mense opgewonde te maak oor die moontlikhede wat die steeg het om omskep te word na 'n steeg vol kunssinnige karakter. **Dit is dan hier die eerste en mees belangrike taak van die landskapsargitek: om mense se persepsies van 'n plek te verander ten einde die projek te realiseer. Skrywers kan hier 'n belangrike rol vervul en saam met die ontwerper werk om tekste te skep wat die publiek se verbeelding bekoor.**

Nagelang die kreatiewe klas die *Tudor Chambers* beset, sal die steeg vanself lewe en karakter kry. Die landskapsargitek hoef dan bloot die fisiese raamwerk van lig, plaveisel, water en oopmaak van ruimtes en toegange na die straat te voorsien (fig. 48).




FIG. 48: sketsvoorstelling van ontwerp. (Outeur, 2006)

FIG. 49: *Leadbelly*

FIG. 50: *Kafka*

FIG. 51: *Dylan Thomas*

FIG. 52: *Rembrandt*



Ek gaan probeer skryf vir 'n stad, in Afrikaans, nie plattelands. Iets oor hoe Pretoria kan wees. Oneindig word. Gaan stap saam met my deur dun strate en ons gaan kry ons lagte daar in die nag. Saam met al die ander spul wat wag om weer die lewe aan te gryp. Sonder om Londen toe te gaan. Hier, op eie bodem - onder die staatsdiensreën van die Transvaal. Kafees vol jazz spele elke aand blaas asof hul môre doodgaan. Die einde. Elke treë na 'n nuwe begin, 'n nuwe wonder van wees. Geen veiligheidsreëls wat ons hier probeer keer, en geen fakte plastiek palms en mal mense wat Tuscan aan jou wil verkoop. 'n Egte wees. Hier kan jy alleen bly in 'n koue water flat sonder TV en steeds die gebabbel hoor van groepe in die straat en af klouter met die brandtrappe en hul aanheg vir 'n aand se drink in kroes in daai jazzy kafees. Vrooggoggend môre jou uitkoms en skoonmakers gewaard. 'n Werk en sommer die dag deur slaap of deur werk om geld te maak vir huurbetaal.

Kom, kom, kom gou voor dit te laat is en die yuppies intrek. Ons kan die plek kolonialiseer, dit vir ons self vat. Spring, spring, spoeg hieruit daai gewetelose bestaan van die suburbs. Ons kan sing vir meisies wat op balkonne staan en koffiedrink laatmiddag as Pretoria se son daai persbloulug laat glinster soos die jakarandas blom in die lug. Die geur van donderweerstorm vul dan die lug en karre se remligte laat gloei op die teer wat stoom en rysmiere uitladder, in die nag.

Hardloop gou moenie stop nie, stop nie vir 'n koerant by tafeltjie oppi sidewalk met espresso en boerepap en 'n mielies-tronk halige-eet, half gegooi vir 'n boemelaar te laat eet. Gryp dan 'n lamp-paal en dans met 'n hoed en sing hard lag ja sing vir die duiwe wat dans - kom dans Pretoria - om die voete van Paul Kruger wat kyk ewig bedroewig en wys met die eeue se tyd.

Ons kom in en red die plek van City Property Group, 'n duiwelse groep, wat ou geboue stroop van hulle en oordadige dekorasies wat so mooi se mooi vir altyd dan weg gaan wees. Ons voel soos Parys en New York en al daai plekke in ons koppe en na verlanke heet wees ons wil bly, net hier Pretoria vir jou, vir ons laat ons hier wil leef en liefhê.

Verhale vertolk hier gebeur, die milieu - jy, stad van snorre so dan eens, maar

WOUENS! DAMES!
PROSTITUTE! METSIES!
KOM HIER - GA SING
VIA JULLIE TOT
ROOIBAY!



die sanger.

EU GAAN SLAG,
IN DIE AANDE EN
JAN MYSELF MANY
EN SAIE SOEKE
VERKOOP!




die skrywer.

WYK WEG, MOENIG
WAS DA NIE -
GOOI WEG DIE
DUBBEL 'NIE'!



die digter.

IN STUDIO!
JA JA JA. DIE
MOOI IS IN DIE
STRAAT - VERB
DIT!



die kunstenaar.



FIG. 53: Rentbel dakruimte. 2006. Outeur. Collage.

[6]

RENTBEL-GEBOU DAKRUIMTE

6.1 Beskrywing van ontwerp

Die Rentbel-dakruimte is ontwerp as 'n publieke uitkykdek: uitsigte van onder andere Kerkplein en die Uniegeboue kan vanaf die dak waargeneem word. Die dak is toegankbaar vanuit die boonste verdieping van die Rentbel-gebou deur middel van 'n oprit wat aan die gebou geheg is. 'n Skulpturale liggewig-beton struktuur dien self as 'n interessante visuele element en poog om die karakter van die daklandskap te vergestalt. Hierdie element kan ook gebruik word as 'n platform waarop modelle in die nag klere kan pronk vir die neem van foto's vir glanstydskrifte -ideaal vir die ontwerpers wat hulself in die Tudor Chambers huisves.

6.2 Verryking van landskap (post-ontwerp teks): die komplementering van 'n plek deur die woorde van 'n digter

Die skrywer Eckhard Cloete is genader om 'n post-ontwerp reaksie te lewer op die outeur se tekste vir die Rentbel-dakruimte. Hierdie samewerking was vir beide die outeur en Mnr. Cloete 'n nuwe ervaring waarvan die resultaat van die staanspoor af onbekend was. Al wat seker was, was dat die skrywer volledige vryheid gegun moes word in sy subjektiewe reaksie.

Twee reaksies word dus op die fenomenologiese teks en relaas gebied: die outeur se ontwerp vir die ruimte (fig.) en die gedig, *A roof with a view*, deur Eckhard Cloete (p. 108 - 110).





FIG. 54: voorstelling van Rentbel-uitkykdek
(Outeur, 2006)



FIG. 55: voorstelling van Rentbel-uitkykdek in die nag
(Outeur, 2006)






FIG. 56: Sketsplan van Rentbel-uitkykdek
(Outeur, 2006)
nie volgens skaal

a roof with a view - Eckhard Cloete (2006)

vriend, jy sê jy wil die agterstrate van pretoria terug eien
en hiermee stem ek saam
daar is lae van vuil wat nie met die kleur van terracotta
toegeverf kan word nie
selfs al skuif jy dit uit so ver as wat jy kan
ooste toe.
so mens kan net sowel in die middel
begin krap en kyk wat te voorskyn kom

jy praat van parys en new york
en ouwêreldse koppies koffie
en ek sien voor my geestesoog
myself by 'n byderwetse tafel sit,
gesonbril, rotring-pen in die hand,
besig om 'n verbygaande vrou in flenters
te fynkamp vir tekens van metafore
om hierdie stad mee oor te trek,
sodat dit deur 'n ander bril gesien kan word,
die skril kontras en sonlig te gradeer tot
iets wat sagter is op die oog,
sepia en charcoal
beton chic en doringdraadfraai
'n shoot uit die wallpaper voor my op die tafel:
the aesthetics of urban third world eclecticism
maar hierdie prentjie eindig
in die refleksie van 'n sonbril
en die toemaak van 'n tydskrif:
uit hierdie stad is net genoeg indrukke te haal
vir 'n handjievul gedigte
en swetende sondagmiddagmymerings
oor die dinge wat sal gebeur
buite die grense van hierdie stad

want hierdie stad is van kak en kots en kitsch
aanmekaar gesit, soos mens seker maar te wagte
kan wees van enige dorp wat te groot
vir sy skoene geword het van te veel bier en te min boeke
ja, hierdie stad eindig in die muur tussen ons en hulle
en daar's meer as een ons en ontelbare hulles
vyandige, aggressiewe bliksems met bloubulrugbytruie,
en geharde misdadigers uit die noorde
wat nie skroom om sneller te trek of voël uit te ruk en te pis nie
in hierdie dorp skrik ons nie vir koue pampoene of speed wobbles nie
in hierdie dorp ry wieookal waarookal hulle die fok wil.
luister na die musiek in die kroë: hier speel ons
enigiets met 'n beat solank dit skop het.

in hierdie stad het mens 'n sonbril nodig
om die skril felheid van slegte smaak uit jou oë te hou


vergewe my pessimisme. tot my verdediging kan ek sê
ek het die beste dae van my lewe in hierdie stad deurgebring,
ek het ook op wintermiddae faerie glen se koppies
geklim agter rooi en pienk sonsondergange aan
en mense ontmoet met passie
en delikate puinhopies pyn
maar wanneer ek nou deur die snorstad se strate ry
is dit bo-oor geraamtes van myself
ontbindende herinneringe gemeng met die reuk van teer.
ek vermoed hierdie stad is 'n sleg-gebalsemde lyk
wat wag om te begin stink as dit warm word
iets wat liefs agter gelaat moet word om
sy eie interne prosesse van entropie te voltrek

as dit van my afgehang het sou ek,
voor ek die stad finaal vaarwel toeroep,
kerkplein vul met 'n leëskare beton falusse:
een vir elke verkragte vrou,
en die 4x4's van hijackers uitdaag om hul pad dáárdeur te vind.

maar selfs dan sal ek 'n uitsig nodig hê
om te sien waarheen ek oppad is
om te sien wat anderkant die rantjies lê,
'n plek om te staan as ek
my sonbril afhaal en oor die doolhof van mure heen
afkyk,
deur die oop wond
verby die sagte rooi mond van skemer
in die vrot keelgat van my stad
my donkerte in af

Die gedig gee 'n interessante perspektief op die karakter van die ruimte waarvan die belangrikheid in die gevolgtrekking [8] bespreek word. Die Rentbel-dakruimte word metafoories 'n plek waar nie na 'n geromantiseerde Pretoria gekyk word nie, maar na 'n stad waaruit ontsnap wil word. **Die lees van hierdie teks sal nog 'n laag van waarde aan die ruimtelike ervaring van die plek byvoeg.**

Deur die samewerking van die ontwerper en skrywer, **word die landskap deur verskillende brille geïnterpreteer en word sodoende die milieu vir verskeie en verskillende stories;** deur die plek deur ander te laat beskryf sal die oorspronklike tekste van die ontwerper later verdwyn en vervang word deur nuwe tekste met nuwe betekenis.



Voerde in elf vreemde tale het van die bodem af opgedryf en in kolomme gedryf. Agt
in veertig pikkevyne met snorbearde het vanuit die lug gedruk en met een stan
haard staatsdiens swarbalpuntinkpen die bustielyne van die nuwe land op die
valke maskets. Ons vir jou Suid-Afrika. Die pikkevyne het die woorde buite daardis
yn opgedrink en so vet geword, en so sagges ontplof. Brand Suid-Afrika. 'n Lank
roerende wind ven-verandering het-gewaal en vrede gesaai. 'n Politiese korrekte
Wind het gewaar en eenvormheid gesaai; 'n kakofoniese lawaai – die woorde het
jussen mekaar en bo-mekaar gespoel tot geen woord meer leesbaar was nte. Toe
jaan lê die wind. Toe kom die son uit. Toe verdamp van die woorde en ek kon weer
ees. Ek het min verstaan, maar daar tussen alles was een sin duidelik verstaanbaar
rir-my.
"Ek is 'n vreemdeling in my land, Suid-Afrika."

goufiese
gebrink son
reko.

FIG. 57: Opera-Plaza dakruimte. 2006. Outeur. Collage.

[7]
OPERA-PLAZA DAK

7.1 Die grafiese gebruik van teks: die uitbreiding van plek na buite die terrein

Die outeur en 'n mede-ontwerpstudent, Cilna Van Wijk, het teks grafies gebruik in die skep van 'n kunswerk wat bestaan uit vier 'Taalkaarte' (figure). Hierdie taalkaarte is gegrond in die relaas. Die ironiese frase

“Ek is 'n vreemdeling in my land, Suid-Afrika.”


is na die elf amptelike tale van Suid-Afrika vertaal en herhalend in kolomme geskryf - 'n kolom vir elke tongval:

Engels: “I am a stranger in my country, South Africa.”
Zulu: “Ngiyisihambi ezweni lakithi i-Ningizimu Afrika.”
Xhosa: “Ndingumntu wasemzini elizweni lam, eMzantsi Afrika.”
Sesotho: “Ke molata naheng ya heso ya Afrika Borwa.”
Setswana: “Ke moeng mo nageng ya etsho ya Aforika Borwa.”
Sepedi: “Ke moeng nageng ya gešu, Afrika Borwa.”
Ndebele: Ngisikhambi enarhenekhethu, iSewula Afrika.”
SiSwati: “Ngisihambi eveni lami, iNingizimu Afrika.”
Xitsong: Ndzi muluveri etikweni ra mina, Afrika Dzonga.”
Tshivenda: Ndi mutsinda shangoni langa, Afrika Tshipembe.”

Die geskryf vertoon op die oog af soos 'n geweefde ink-mat en is slegs leesbaar op nabye aanskouing. Die kolomme word in elke taalkaart verskillend vertoon ten einde losweg die kultuur-groeperings evolusie van Suid-Afrika te simboliseer:


- Taalkaart I (fig. 55): ko-ordinate dui die bestaan van Suid-Afrika as 'n geografiese feit voordat dit deur mense as 'n konsep verbeeld is.
- Taalkaart II (fig. 56): die buitelyne van Suid-Afrika dui op die definitiewe grense wat daar deur die kolonialiste gestel is. Binne hierdie grense is die segregasie van groepe aangespoor.
- Taalkaart III (fig. 57): die totale inweef van die kolomme en onuitkenbare vorm van Suid-Afrika dui op 'n scenario waar absolute individualisme, globalisering en die soeke na een 'Afrika identiteit' lei tot die nietigwording van kulturele diversiteit.
- Taalkaart IV (fig. 58): die buitelyne van Suid-Afrika is steeds uitkenbaar, maar nie meer so absoluut soos dié van 'n nasionalisties-verbeelde land nie. Die kolomme is ook uitkenbaar, maar oorvleuel op plekke - 'n scenario van eenheid in diversiteit.

Die taalkaarte word op die volgende bladsye vertoon waarop die ontwerp van die Opera-Plaza dak as 'n reaksie op die taalkaarte, bespreek word.




“Agt en veertig pikkewyne met snorbaarde het vanuit die lug geduik en met een standaard staatsdiens swarbalpuntinkpen die buitelyne van die nuwe land op die waters geskets.”

Taalkaart II.
FIG. 59: *Taalkaarte*. 2006. Cilna Van Wijk & Johan Prinsloo.
42 X 42cm.



“‘n Lank voorspelde wind van verandering het gewaai en vrede gesaai. ‘n Politiese korrekte wind het gewaai en eenvormheid gesaai; ‘n kakofoniese lawaai...”


Taalkaart III.
FIG. 60: Taalkaarte. 2006. Cilna Van Wijk & Johan Prinsloo.
42 X 42cm.



“Toe verdamp ván die woorde en ek kon weer lees. Ek het min verstaan, maar daar tussen alles was een sin duidelik verstaanbaar vir my:

“Ek is ‘n vreemdeling in my land, Suid-Afrika.”

Taalkaart IV.
FIG. 61: *Taalkaarte*. 2006. Cilna Van Wijk & Johan Prinsloo.
42 X 42cm.



liglyne.

FIG. 62: voorstelling van Opera-
plaza dak in die nag
(Outeur, 2006)

7.2 Beskrywing van die ontwerp

Die ontwerp vir die Opera-plaza dak bestaan uit die eenvoudige ingryping van neon-buisligte wat liniêr oor die dak en aangrensende muur loop (fig. 59) Daar is elf sulke liglyne wat konsepsioneel aan die elf kolomme van die taalkaarte verbind is. **Die ontwerp poog dus nie om figuurlik die inhoud van die taalkaarte voor te stel nie, maar eerder 'n ruimtelike uitbreiding van die kunswerk te wees.** Soos die kunswerk self is dit iets wat ontdek moet word, in die nag, vanaf dakke en kantore - 'n spesiale geleentheid. Miskien word die ligskou elke jaar deur 'n ander kunstenaar vervang en op 'n onbekende dag blootgestel. Die Opera-plaza dak bestaan só op die mure van kunsgalerye, in tydskrifte, op televisie en vanselfsprekend *in situ*.



FIG. 63: *Cafe Riche agterplek*. 2006. Outeur. Collage.

[8]

GEVOLGTREKKING - CAFÉ RICHE AGTERPLEK

Die reaksie van Eckhard Cloete (p. 108 - 110) was 'n uiters belangrike stap in die finaalwording van die dissertasie. Die outeur se idealisering en romantisering van Pretoria is aarde toe gebring met 'n ander perspektief - 'n blik op die hopeloosheid van die huidige stad. 'n Blik op die hopeloosheid vir verandering: publieke ruimtes word deur heinings bekamp, geboue word sleg onderhou en gestroop van houtvloere en marmer teëls, winkelsentrums spuit langs groot paaie op en misdaad hou mense in hul huise.

Die outeur se tekste oor terreine en ontwerpe wat daaruit voortgespring het, is niks meer as drome nie: fantasie plekke waarin die outeur kon ontvlug. Die gebruik van teks het tot gevolg gehad dat die plekke eerder milieus van 'n storie geword het, en onmoontlik ooit gerealiseerde projekte.

Dit dan 'n proses nie sonder waarde nie: die plekke is steeds ontwerp, en bestaan steeds, maar nie in beton en yster op grond nie, maar as plekke in jou kop.



“Waar is ons kunstenaars, ons idealiste en dromers? Hulle dwaal rond, ja, maar nie meer hier by ons, nie in hierdie sandbegrawe strate; maar in die rand, die grys van die skadus van ons lank verlore somer.”

(Outeur, 2006)

die mooi is in die straat.
FIG. 64: plakkaat van die 1960's studente optogte in Parys (in Ford, 2005)



FIG. 65: Cafe Riche collage
(Outeur, 2006)

X BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die hipotese is gestel dat teks as 'n brug gebruik kan word tussen beginsels en beeld in die vorm van 'n relaas en fenomenologiese tekste – die hipotese is as 'n ontwerpproses voorgestel. Ten einde die geldigheid van die hipotese te toets, is hierdie ontwerpproses toegepas in die oplos van 'n werklike ontwerpprobleem, naamlik die ontwerp van buiteruimtes in die middestad van Pretoria. Per slot van sake was een so 'n proeflopie nie genoeg om werklik die geldigheid van die voorgestelde ontwerpproses vas te stel nie. Die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat volg is daarom subjektiewe kommentaar deur die outeur op grond van sy ervaringe met die gebruik van teks in ontwerp soos beskryf en uitgebeeld in die voorafgaande hoofstukke.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die voorgestelde ontwerpe idealisties en onrealiseerbaar is, maar nie sonder waarde nie: **die skryf van ontwerpe in tekste laat daardie plekke bestaan as kognitiewe ervaringe wat onafhanklik van ruimte waardeer kan word.** Die outeur beveel hierop aan dat landskapsargitekte en ander ontwerpers in samewerking tree met skrywers om waarde aan die landskap toe te voeg as deel van die ontwerpproses asook lewe van die plek ná konstruksie.

Ten einde verdere insig te verkry oor die verband tussen teks en vorm, word dit aanbeveel dat verdere studie gedoen word met spesifieke fokus op die verhouding tussen letterkunde en die vorming van die Suid-Afrikaanse landskap. 'n In-diepte ondersoek na plaaslike en internasionale voorbeelde van projekte waar teks en ruimte in mekaar geweef is, sou ook van groot belang wees.

Die ondersoek na die omskep van oorskiet ruimtes in 'n stedelike konteks, het gewys dat daar groot moontlikhede vir landskapargitekte is om betrokke te raak by die verryking van Suid-Afrikaanse stede.

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

Einde van Volume I.

BRONNELYS

literatuur:

- ALEXANDER, C. *et al.* 1977. *A pattern language*. Oxford University press: New York.
- ALLEN, W. 1991. *The complete prose of Woody Allen*. Picador: New York.
- AMIDON, J. 2006. *Ken Smith Landscape Architect: urban projects*. Princeton Architectural Press: New York.
- ANONIEM. 2005. *Tshwane Inner City Development and Regeneration Strategy*. Tshwane stadsraad.
- ANONIEM. 2006. *Tshwane Inner City Programme: Spatial development framework*. Tshwane stadsraad.
- ASHBY, M. & JOHNSON, K. 2002: *Materials and design: The art and science of material selection in product design*. Butterworth Heinemann: Oxford.
- AYMONINO, A. & MOSCO, V. P. 2006. *Contemporary public space: un-volumetric architecture*. Skira: Milaan.
- BEDNAR, M. J. 1986. *The new atrium*. McGraw-Hill: New York.
- BRAYER, M. *et al.* 2004. *Archilab's urban experiments: Radical architecture, art and the city*. Thames & Hudson: Londen.
- CACCIARI, M. 1993. *Architecture and nihilism: on the philosophy of Modern architecture*. Yale University Press: New Haven.
- CARLOCK, M. 2005. *The fleeting and the steadfast*. in *Landscape architecture* Vol. 95 no. 4.
- CALHOUN, C. 1997. *Nationalism*. Open University Press: Buckingham.
- CAPITOL CONSORTIUM. 1999. *Pretoria inner city spatial development framework*. Part 2, Vol. 4. Pretoria stadsraad.
- COETZEE, J. M. 1988. *White writing: on the culture of letters in South Africa*. Radix: Sandton.
- COLE, R. J. 1990. *The effect of the surfaces enclosing atria on the daylight in adjacent spaces*. in *Building and environment*. Vol. 25, No. 1, p. 37 – 42. Pergamon Press.

- CRAMER, G. 2005. *Lights at the end of the alley*. In *Landscape Architecture* Vol. 95 no. 6.
- DE WAAL, J.H.H. 1939. *Versamelde werke: Die tweede grieta*. Nasionale Pers Beperk: Kaapstad.
- DYLAN, B. 2004. *Chronicles: volume one*. Pocket Books: Londen.
- ELIADE, M. 1966. *The myth of the eternal return*. Vertaal deur Trask, W. R. Princeton University Press: Princeton.
- FISHER, R. C. & LE ROUX, S. *et al.* 1998. *Architecture of the Transvaal*. Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria.
- FORD, S. 2005. *The Situationist International: a user's guide*. Black Dog Publishing Limited: Londen.
- FORTY, A. 2000. *Words and buildings: A vocabulary of Modern architecture*. Thames & Hudson: New York.
- FREEMAN, A. 2005. *People place*. In *Landscape Architecture*. Vol. 95 no. 10.
- GAARDER, J. 1995. *Sophie's world*. Phoenix House: Londen.
- GAVENTA, S. 2006. *New public spaces*. Mitchell Beazly: Londen.
- GRUNDMÜLLER, P. R. S. *et al.* 1998. *Loctite worldwide design handbook*. Loctite: München.
- HALPRIN, L. 1969. *The RSVP cycles*. George Braziller: New York.
- HARRIS, C. & DINES, N. 1998. *Time-Saver standards: second edition*. McGraw-Hill: New York.
- HIRSCH, N. & LORCH, W. 2005. *Hinzert Museum in AA Files: 52*. Architectural Association: Londen.
- JODIDIO, P. 2005. *Architecture: Art*. Prestell: München.
- JOFFE, P. 2001. *Creative gardening with indigenous plants: a South African guide*. Briza publikasies: Pretoria.
- KEROUAC, J. 1957. *On the road*. Penguin Books: Londen.
- KOMBUIS, K. 2005. *Raka: die roman*. Human & Rousseau: Pretoria.

- LE ROUX, S. (redakteur) 1990. *Plekke en geboue van Pretoria: Volume een*. Pretoria Argitektuurvereniging.
- LE TOIT, A. 1988. *Die bar op de Aar : Ballades, blues en bevliegings*. Tafelberg-Uitgewers : Kaapstad.
- LEWIS, C. S. 1960. *The language of religion* in *C.S. Lewis essay collection: Faith, Christianity and the Church*. 2000. p.255 – 266. Harper Collins: Londen.
- LEWIS, C. S. 1960. *C.S. Lewis essay collection: Literature, philosophy and short stories*. 2000. Harper Collins: Londen.
- LIBESKIND, D. 1988. *Architecture 1*. Centre d'art contemporain: Genève.
- LOUW, N.P. van W. 1937. *Die halwe kring*. Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.
- LOUW, N.P. van W. 1994. *Die mooiste van Van Wyk Louw*. Human & Rousseau: Kaapstad.
- LYM, G. R. 1980. *A psychology of building: how we shape and experience our structured spaces*. Prentice-Hall: Englewood cliffs, New Jersey.
- MANAKER, G. H. 1987. *Interior plantscapes: installation, maintenance, and management*. Prentice-Hall: New Jersey.
- MARAIS, E. 1948. *Ondergang van die tweede wêreld in Keurverhale*. Perskor-Uitgewery: Johannesburg.
- NAPIER, A. 2000. *Enviro-friendly methods in small building design for South Africa*. Gepubliseer deur die outeur.
- PALMER, E. 1966. *The plains of Camdeboo*. Collins: Londen.
- PREGILL, P. & VOLKMAN, N. 1999. *Landscapes in history*. John Wiley & Sons: New York.
- PRINSLOO, K. 1982. *Jonkmanskas in Jonkmanskas*. Tafelberg-Uitgewers Beperk: Kaapstad.
- PRINSLOO, K. 1987. *Die hemel help ons*. Taurus: Emmarentia.
- REED, P. 2005. *Groundswell: constructing the contemporary landscape*. The Museum of Modern Art: New York.
- ROSSOUW, J. 2005. *Is daar nog 'n ons?* in *De Kat: herfs 2005*. African Sky Publishing:

Johannesburg.

SAFRANSKI, R. 2002. *Martin Heidegger: Between good and evil*. Harvard University Press: Cambridge.

SCRIVENS, S. et al. 1980. *Interior planting in large buildings: a handbook for architects, interior designers and horticulturists*. The Architectural Press: Londen.

SMITH, K. in HINES, S. 2005. *Landscape Architecture*. Vol. 11.

SMITH, P. F. 2001. *Architecture in a climate of change: a guide to sustainable change*. Architectural Press: Oxford.

SPIRN, A.W. 1998. *The language of landscape*. Yale University Press: Londen.

STEYN, J.C. 1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal deel 1*. Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.

SWAFFIELD, S. 2002. *Theory in Landscape Architecture: A reader*. University of Pennsylvania Press: Philadelphia.

TATE, A. 2001. *Great city parks*. Spon Press: New York.

TAYLOR, M. 1992. *Disfiguring: art, architecture, religion*. Chicago University Press: Chicago.

TSCHUMI, B. et al. 1983. *The discourse of events: themes 3*. Architectural Association: London.

VAN HEERDEN, E. 2005. *In stede van die liefde*. Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.

VAN RENSBURG, R. 2003. *Gebouklimaat 322: verligting*. Ongepubliseerde dokument: Universiteit van Pretoria, Departement Argitektuur: Pretoria.

VAN WYK, B. & VAN WYK, P. 1997: *Field guide to the trees of Southern Africa*. Struik uitgewers: Kaapstad.

VLADISLAVIC, I. 2005. *Willem Boshoff*. David Krut publishing: Johannesburg.

WEILACHER, U. 1999. *Between Landscape Architecture and Land Art*. Birkhäuser: Berlyn.

WONG, W. 1972. *Principles of two-dimensional design*. Nostrand Renhold: Londen.

persoonlike kommunikasie:

BURTZIK, Prof. Strukturele ingenieur, Departement Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria.

DE KLERK, M. 05/04/2006. *Boukunde oopskool-lesing: Alahmbra*. Universiteit van Pretoria.

DE LA PORTE, J. 2005. *PRS lesings*. Universiteit van Pretoria.

EBERSOHN, L. 2006. Eienaar van Cafe Richê, Pretoria.

GOOSEN, D en ROSSOUW, J. 22/05/2006. *Alternatiewe Afrikaners bespreking*. Universiteit van Pretoria.

NEL, P. 17/08/2006. Akoestiek en daglig konsultant, Universiteit van Pretoria.

ROOS, Prof. 2006. Hoof van die Departement Afrikaans, UNISA.

SMIT. 08/2006. Strukturele ingenieur, Departement Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria.

MIDDLETON, L 2006. Plantkundige, Departement Plantkunde, Universiteit van Pretoria.

webwerf:

The Eixample, 2006. <http://www.geographyfieldwork.com/Eixample.htm> besoek op 04/05/2006, 10:20.

BEDANKINGS

My ouers vir geduld met afwesigheid en norsigheid, en vir toebroodjies en die lekkerste huis en liefde. Die studio en sy mense vir raad en lag genag met wyn ek gaan mis. Mnr. Vosloo vir oneindige hulp aan iemand wat nie 'n bout van 'n moer kan uitken nie. Clinton vir gesprek. Schalk en Karel en Prof. Joubert vir ondersteuning om te Afrikaans. Eckhard vir jou woordkuns. Kêrels. Inge vir harde tyd en jou naam en saam gemoppel oor die lewe en dinge. Dinge. God.

Dank U.

stadskrif.

*'n Ondersoek na die moontlikhede van teks as ontwerp-gereedskap
en verryker van ruimtelike ervaring, toegepas in 'n Pretoria
middestedelike konteks.*

DIE LAASTE AFRIKAANSE SKRIPSIE

deur

JOHAN PRINSLOO.

gelei deur

Mnr. Piet Vosloo.

VOLUME II.

MET VERSKEIE ILLUSTRASIES.

PRETORIA:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, DEPARTEMENT ARGITEKTUUR

*Ter gedeeltelike vervulling van die graad Magister in
Landskapsargitektuur (Professioneel) in die fakulteit
Ingenieurswese, Bou-Omgewing en Inligtingtegnologie.*

2006.

LYS VAN FIGURE	2
DEEL 4: TEGNIESE ONDERSOEK – BINNEHOF VAN DIE DEPARTEMENT VAN PUBLIEKE WERKE	4
XI: DIE TOETS EN VERANDERING VAN DIE ONTWERP	4
1) INLEIDING	4
2) LIG	5
2.1 Inleiding	5
2.2 Direkte sonlig	5
2.3 Daglig	5
3) BINNEHOF OF ATRIUM?	13
4) DREINERING	15
5) BEWEGING	15
6) DIE GROEN GORDYN	17
6.1 Kriteria vir plantkeuse	17
6.2 Plantkeuse	17
6.3 Kabelstruktuur	17
6.4 Lig	18
6.5 Besproeiing	19
7) VERTIKALE LANDSKAP	22
7.1 Voorbeelde	22
7.2 Sketsontwikkeling	22
7.3 Om te vou	25
7.4 materiaalkeuses	25
7.5 Struktuur en vervaardiging	26
7.5.1 Sny van die staalplate	26
7.5.2 Vou van die staalplate	28
7.5.3 Vasmaak van plate	28
7.5.4 Behandeling van beeldwerk	33
8) VLOERTAPYTT	36
9) WATERELEMENT	38
10) SNITTE	40

FIG 1: <i>Digitaal gemanipuleerde lugfoto van kerkplein.</i> 2006. Outeur.
FIG 2: <i>Grondvloerplan van DPW.</i> 2006. Outeur. (na MEG Argitekthe, 2006)
FIG 3: <i>Plan vir die voorgestelde opknapping van die DPW.</i> Let op die reghoekige vorm van die restaurantdek wat oor die binnehof strek. (MEG argitekthe, 2006)
FIG 4: <i>Konsepskets vir die ontwerp van die DPW binnehof.</i> 2006. Outeur.
FIG 5: <i>Skadudiagramme vir die huidige en voorgestelde DPW binnehof.</i> 2006. Outeur.
FIG 6: <i>Ondersoel na invloed van direkte sonlig.</i> 2006. Outeur.
FIG 7: <i>Voordele van daglig.</i> 2006. Outeur. (na Cole, 1990)
FIG 8: <i>Balans tussen direkte- en diffuse.</i> 2006. Outeur. (na Cole, 1990)
FIG 9: <i>Faktore wat dagligvlakke beïnvloed - sigbaarheid van uitspansel.</i> 2006. (na Cole, 1990)
FIG 10: <i>Sigbaarheid van uitspansel vanuit omliggende kantore aan ooste- en westekant</i> 2006. Outeur.
FIG 11: <i>Sigbaarheid van uitspansel vanuit omliggende kantore aan suide- en noordekant.</i> 2006. Outeur.
FIG 12: <i>Faktore wat dagligvlakke beïnvloed –oppervlaktes.</i> 2006. Outeur. (na Cole, 1990)
FIG 13: <i>Glas: muur oppervlakte ratio van noorde- en suide-mure.</i> 2006. Outeur.
FIG 14: <i>Vergelyking tussen ideale atrium ruimte en bestaande en voorgestelde ruimte.</i> 2006. Outeur.
FIG 15: <i>Evaluasie van ontwerp deur die outeur.</i> 2006. Outeur.
FIG 16: <i>'n Ligte, behandelde hout sal ook lig goed refelkteer.</i> 2006. (in Gaventa 2006)
FIG 17: <i>Serpentine paviljoen, Kensington-tuine, Londen deur Toyo Ito.</i> 2005. (Gaventa 2006: 171) Wit aluminium het 'n uiters hoë reflektiwiteit - wit gegalvaniseerde staal is egter 'n goedkoper alternatief.
FIG 18: <i>Dagligberekening indien die onderste vloer mure oopgemaak word.</i> 2006. Outeur.
FIG 19: <i>'n Vergelykende ondersoek van atriums teenoor binnehowe.</i> 2006. Outeur.
FIG 20: <i>Voorgestelde atrium ruimtes vir die DPW.</i> 2006. Outeur. (na MEG argitekthe)
FIG 21: <i>Dagligberekening vir binnehof vloer met en sonder 'n daklig.</i> 2006. Outeur.
FIG 22: <i>Huidige dreinering van DPW binnehof.</i> 2006. Outeur. Digitaal gemanipuleerde plan en digitale foto.
FIG 23: <i>Beweging in die DPW vanaf hoofingang.</i> 2006. Outeur. Digitaal gemanipuleerde plan. (na MEG Argitekthe, 2006)
FIG 24: <i>Beweging deur binnehof.</i> 2006. Outeur. Digitaal gemanipuleerde plan. (na MEG Argitekthe, 2006)
FIG 25: <i>Ondersoek na plasing van vertikale beeldwerk en hysbak.</i> 2006. Outeur.
FIG 26: <i>Loof van Rhoicissus digitata.</i> 2006. Digitaal gemanipuleerde foto. (Van Wyk 1997: 393)
FIG 27: <i>Innenhof Westpark.</i> 2002. Raderschall Landschaftsarchitekten. Zurich, Switserland. (Asensio <i>et al</i> , 2005: 458 - 459)
FIG 28: <i>Sketsontwikkeling van kabelstruktuur.</i> 2006. Outeur.
FIG 29: <i>Verdere ontwikkeling van kabelstruktuur.</i> 2006. Outeur.

FIG 30: *Berekening van benodige lig vir plante*. 2006. Outeur.

FIG 31: *Benodige lig vir plante*. 2006. Outeur.

FIG 32: *Hoeveelheid water wat deur dak opgevang word*. 2006. Outeur.

FIG 33a : *Watergebruik van plante*. 2006. Outeur.

FIG 33b. *Ondersoek van groenmuur*. 2006. Outeur.

FIG 34: *Expo 2002 Forum Arteplage Biel*. Switserland. Coop Himmelb(l)au. (Aymonino *et al* 2006: 70) Ruimte as 'n vertikale ervaring.

FIG 35: *The Bubble: Korkeasaari Zoo* uitkyk toring. Helsinki Universiteit. Viller Hara. (Aymonino *et al* 2006: 80) Ruimte as 'n vertikale ervaring.

FIG 36: *Tour de Belvedere*. Friesland, Nederland. *Next* argitekthe. (Aymonino *et al* 2006: 88 – 89) Ruimte as 'n vertikale ervaring.

FIG 37: *Sendai Médiathèque*. Sendai, Japan. Toyo Ito. (in Brayer *et al* 2004 : 250 – 251)

FIG 38: *Sketsontwikkeling van vertikale landskap*. 2006. Outeur.

FIG 39: *Sketsontwikkeling van vertikale landskap*. 2006. Outeur.

FIG 40: *Sketsontwikkeling van vertikale landskap*. 2006. Outeur.

FIG 41: *Mutant gardens*. Lausanne, Switserland. 1999. Ken Smith. (in Amidon 2006: 22)

FIG 42: *Struktuur van planthouers vir East River Ferry Landings*. New York, New York, VSA. 2005. Ken Smith. (in Amidon 2006: 88)

FIG 43: *Chichu* kunsmuseum. Kagawa, Japan. 2004. Tadao Ando. (in Brayer *et al* 2005: 247)

FIG 44: *Denia-kasteel kulturele-park*. Denia, Spanje. Vicente Guallart. (in Betsky 2002: 165)

FIG 45: *Tilla Durieux park*. Berlyn, Duitsland. 2003. DS landskapsargitekthe. (in Gaventa 2006: 40)

FIG 46: *Hiriya Landfill park kompetisie*. Tel Aviv, Israel. 2004. Ken Smith. (in Amidon 2006: 20)

FIG 47: *Skulpturele ontwikkeling van trapskag*. 2006. Outeur. Kartonmodelle.

FIG 48: *Estetiese vergelyking tussen verskeie metale vir die beeldwerk*. 2006. Outeur. Rekenaar genereerde collage.

FIG 49: *Kragte wat op struktuur inwerk*. 2006. Outeur. Diagramatiese penskets.

FIG 50: *Vou van staalplate*. 2006. Outeur. Diagramatiese penskets.

FIG 51: *Maniere om lasse van staalplate te versterk*. 2006. Outeur. Diagramatiese penskets.

FIG 52: *Proses om sny-details vir staalplate te teken*. 2006. Outeur.

FIG 53: *Beeldwerk gedekonstrueer*. 2006. Outeur.

FIG 54 : *Planne van staalplaat sny-details*. 2006.

FIG 55: *Tipiese voumasjien*. 2006. Onbekend. (www. thefabricator.com besoek 06/09/2006, 08:40)

FIG 56: *Naby blik van voumasjien*. 2006. Onbekend. (www. thefabricator.com besoek 06/09/2006, 08:40)

FIG 57: *Hinzert Museum*. Duitsland. Vicente Guallart. Hirsch & Lorch (2005: 1 – 4)

FIG 58: *Beeldvervoer*. 2006. Outeur. Collage.

FIG 59: *Hegpunte aan bestaande kolomstruktuur*. 2006. Outeur.

FIG 60: *Estetiese vergelyking van verskeie dakvorme*. 2006. Outeur.

FIG 61: *Collage voorstelling van restaurantdek*. 2006. Outeur.

FIG 62: *Model van beeldwerk*. 2006. Outeur.

FIG 63: *Collage ondersoek na vloer materiale*. 2006. Outeur.

FIG 64: *Finale ontwerp van vloer oppervlakte*. 2006. Outeur.

FIG 65: *Voorbeeld van 'n waterelement teenaan muur: Louis-Jeantet Foundation Garden*. 2000. Henri Bava. (in Asensio 2002: 360)

FIG 66: *Collage voorstelling van muurpatroon*. 2006. Outeur.


FIG 67: *Sketsdeursnit van waterkanaal*. 2006. Outeur.

FIG 68: *Sketsverduideliking van waterelement*. 2006. Outeur.

DEEL 4: TEGNIESE ONDERSOEK - BINNEHOF VAN DIE DEPARTEMENT VAN PUBLIEKE WERKE

XI
DIE TOETS EN VERANDERING VAN DIE ONTWERP

[I]
INLEIDING



Dele 1 en 2 behels onderskeidelik die formulering en stelling van die hipotese dat teks as ontwerpgeredskap gebruik kan word. Laasgenoemde is diagrammaties in die vorm van 'n voorgestelde ontwerpproses uitgebeeld [Deel 2]. 'n Werklike ontwerpprobleem is gekies om die hipotese te toets, naamlik die skep van bruikbare buiteruimtes in die oorskiet areas in die middestad van Pretoria. Hierdie ontwerpprobleem is volgens die voorgestelde ontwerpproses opgelos. Deel 3 handel oor hierdie proses tot en met die interpretasie van die twee tipes tekste na vorm. Dit dan Volume 1. Volume 2 handel oor die laaste deel van die voorgestelde ontwerpproses, by name die "kerf" van die ontwerp; die ontwerp word getoets deur 'n tegniese ondersoek uit te voer en verander waar nodig. Hierop volg die nodige detaillering.

Vir hierdie deel van die dissertasie word slegs een van die agt ruimtes wat in deel 3 ter sake is, ondersoek. Die binnehof van die Departement van Publieke Werke [DPW] bevat vele van die strydpunte wat in die terreine voorkom, en is daarom 'n goeie verteenwoordiging van knap ruimtes in die stad.

In kort kan dié ontwerp wat uit die tekste ge-interpreteer is, opgesom word as 'n plek wat

- kontrasteer met die argitektuur,
- 'n ervaring van ontsnapping bied en
- in geheel as 'n beeldhouwerk praal.

Dit is deurentyd belangrik dat hierdie ideale nie in die tegniese ondersoek verlore gaan nie. Ten einde geheuens te verfris, word relevante uittreksels uit die fenomenologiese teks deurlopend gegee. Dit noop die outeur om weer te noem dat die teks nie bo verandering staan nie.




FIG 1: digitaal gemanipuleerde lugfoto van kerkplein (outeur, 2006)




FIG 2: grondvloerplan van DPW (na MEG Argitekthe, 2006)

binnehof gekies vir ondersoek




FIG 3: Plan vir die voorgestelde opknapping van die DPW.

Let op die reghoekige vorm van die restaurantdek wat oor die binnehof strek. (MEG argitekthe, 2006)

As deel van die opknapping van die DPW, sluit voorstelle vir die binnehof in dat die ruimte deur 'n glasdak [daklig] bedek word en oorbrug word deur 'n dek wat 'n kroeg op die sewende vloer bedien. Die outeur se ontwerpvoorstel is bespreek in Volume I [IX: 2].




FIG 4: Konsepskets vir die ontwerp van die DPW binnehof (outeur, 2006)

2.1 Inleiding

Aangesien die binnehof en dergelike ruimtes suksesvol in hierdie en soortgelyke geboue van daardie tydperk [vroë 1900's] gebruik word, is dit van belang om nie weg te neem van die essensiele funksie van die ruimtes nie, naamlik om vertrekke diep in die gebou van lig en lug te voorsien. (Wegelin 2006, persoonlike kommunikasie) Ten einde te bepaal in welke geval die binnehof tans suksesvol in hierdie verband funksioneer, word die huidige ruimte vergelyk met die eienskappe van 'n ideale atrium ruimte. Die voorgestelde ontwerp (fig.) word ook met hierdie ideaal vergelyk om te bepaal of dit die huidige situasie versleg en/ of verbeter.

Daar waar die huidige en voorgestelde ruimte kortkom, moet besluite geneem word of ingrypinge nodig is en indien wel, tot watter mate. Enige ingrypinge wat verg om die ruimtes meer bruikbaar te maak, moet dus nie hierdie funksionering kortwiek nie, en op die beste dit selfs verbeter.

Nota: die invloed van die grootte van 'n atrium (veral die proporsie hoogte/ lengte) is nie ondersoek nie, weens die feit dat die grootte van die ruimte 'n gegewe is en vir alle praktiese doeleindes onveranderbaar is.




FIG 5: skadudiagramme vir die huidige en voorgestelde DPW binnehof. (outeur, 2006)

2.2 Direkte sonlig

“Die son steek floutjies sy strale uit om die staatsdienswerkers van die koue te verlig.”

Die skadu-diagramme (fig.) vir die ruimte soos dit nou staan, asook soos voorgestel deur die argitekte, toon die volgende:

- Die voorgestelde restaurantdek bied skadu vir die binnehof grondvloer in die somer, maar beïnvloed nie die sonpatrone in die winter nie.
- Slegs die suide deel van die restaurantdek en suide binnehofmuur, kry son in die winter.

Hierop is besluit om die dek soos in die outeur se ontwerp voorgestel, na die suide muur te skuif om die winterson te benut. Die gefragmenteerde vorm van die dek se ondersteuning sal lig reflekteer en derhalwe minder donker voorkom. (Pieter Nel, persoonlike kommunikasie, 2006)




FIG 6: ondersoek na invloed van direkte sonlig (outeur, 2006)

2.3 Daglig

Die behoud van dagligvlakke in die binnehof is belangrik omrede daglig

- uitsig na buite en tyd-orientasie bied,
- gebruikers meer aangaklik maak vir veranderinge in lig-vlakke en
- ware kleur vertolking [rendering] bied. (Smith 2001: 144 – 145)

Cole (1990: 37) voeg die vanselfsprekende feit by dat die gebruik van daglig laer elektriesiteitsgebruik tot gevolg het.

Die beskikbaarheid van daglig in die omliggende vertrekke aan 'n atriumruimte word bepaal deur

- die sigbaarheid van die uitspanel [sky] vanuit die vertrek en
- refleksie van lig vanaf die atriummure. (Cole 1990: 37)


Eersgenoemde word beïnvloed deur die hoogte van vensters – hoe hoër die venster hoe meer van die uitspanel is sigbaar (fig.). Eksterne obstakles kan ook hierdie sigbaarheid kortwiek. Fig. beeld die sigbaarheid van die uitspanel in die omliggende vertrekke van die binnehof uit.

Die tweede aspek word hoofsaaklik bepaal deur die (fig.)

- verhouding tussen ondeursigtige en oop oppervlaktes (laasgenoemde reflekteer nie die lig nie) - ideaal moet die openinge van so 'n ruimte kleiner word van bo na onder om lig af in die ruimte in te reflekteer,
- kleur van materiale: ligte kleure reflekteer lig en donker kleure absorbeer lig - ideaal moet die muur oppervlaktes dus lig van kleur wees,
- refleksie van oppervlaktes in die vertrekke self: moet liefies ook lig reflekteer. (Smith 2001: 147 – 149)
- vensterontwerp: rame en ruitbalkies laat minder lig deur as 'n venster sonder so 'n raamwerk. (Van Rensburg 2003: 6)

Nota: alhoewel sekere vd vensters toegeplak is, word daar vir die berekeninge aanvaar dat dit nie die geval is nie – dis 'n oorsaak van gebruik en nie ontwerp nie.


Volgens Cole (1990: 37), kan daglig in
in atrium die onliggende ruimte
bevoordel of twee momenten:




- 1) Toelaag elek. hoogte
- 2) Gelukende verdele on natuurlike-lygte ruimte te gevaor.

FIG 7: voordele van daglig
(outeur, 2006 na Cole, 1990)

→ Dit is afhankelijk van
(ibid.)



- 1) Transmissie v. oor-in daglig deur dub



- 2) Reflektie v. atrium spherolaketes

MAAR, IN DAK IS TEEN
BESLUIT



DUS

VERDER ONDERSOEK

Probleem met direkte onlig:

'Diffuse' lig:


(Cole 1990: 38)



Te veel
reflektie,
maak lig
'plat' (onvolledige
kleurvoorstelling)


Kavelheid daglig in
kantore word
beïnvloed
deur:
(ibid.)

Area water
uitspannel
lig sigbaar



- 1) Kavelheid lig [shy] uitspannel

- 2) Reflektie v. lig vanaf atrium mure



lygte vensters (in h.)
ge meer daglig in
onderste deure

Blasie om maats...

FIG 8: balans tussen direkte- en diffuse-lig
(outeur, 2006 na Cole, 1990)

FIG 9: faktore wat dagligvlakke beïnvloed -
sigbaarheid van uitspannel
(outeur, 2006 na Cole, 1990)




FIG 10: sigbaarheid van uitpansel vanuit omliggende kantore aan ooste- en westekant.
(outeur, 2006)




FIG 11: sigbaarheid van uitpansel vanuit omliggende kantore aan suide- en noordekant.
(outeur, 2006)


Die diagramme toon dat **elemente verkieslik in die middel van die ruimte geplaas moet word** om nie die uitsig van die uitpansel vanuit kantore te kortwiek nie.

Refleksie in binnenhof = altv. v.
 proporsie v. [andervsigting vs oop]




Groot openinge bo, veroorsaak minder lig onder (Cole 1990:38)

Kleiner oppv. bin lig om v. te reflekteer.




100% oop op gandylls



Grootte v. vensters moet toornem na endente slote.

gebruik reflektiewe glas in kerate vensters.

+ in digrale kon daglig dieper in die vertrek in reflekteer (Smith 2001:147-149):



Oppervlakte v. binne-ruimte moet dies ook reflektiewe wees. (ibid, p.152)

in higte vloer oppv. verhoog daglig in seral endente vloere.

+ Rame en ruitbalkies beïnvloed deurlaat v. lig: (Van Nensburg 2002:)




FIG 12: faktore wat dagligvlakke beïnvloed - oppervlaktes (outeur, 2006 na Cole, 1990)



FIG 13: glas: muur oppervlakte ratio van fasades (outeur, 2006)

Die noord- en suide-mure toon 'n vergroting na bo in die glas: muur oppervlakte ratio - teenoorgesteld van die ideaal.

Die oos- en weste-mure toon 'n vermindering na die boonste vloere in die glas: muur oppervlakte ratio - in lyn met die ideaal.

'N VERGELYKING TUSSEN DIE 'IDEALE' BINNENHOF MET DIE HUIDIGE RUIMTE, VOORGESTELDE RUIMTE EN ANTWOORD VID OUTEUR
 L (in vorm v. bestaende ruimte)

Navolgend die voorafgevoerde studie, moet n bennehet soos
 volq lyk:






FIG 14: vergelyking tussen ideale atrium ruimte en bestaende en voorgestelde ruimtes. (outeur, 2006)




FIG 15: evaluasie van ontwerp deur die outeur (outeur, 2006)

Vanuit die voorgaande vergelyking, is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Die vloer oppervlakte moet van 'n ligte materiaal wees.
- Die 'groen muur' sal baie lig absorbeer en moet dus heroorweeg word.
- Die restaurantdek moet na suide-muur geskuif word om winterson te benut en inkomende sonlig afwaarts te reflekteer.
- Hout strukture aan kante van ruimte sal as obstruksies dien vir invloed van daglig na kantore, en moet daarom verwyder word of na die middel van die ruimte verskuif word.
- Alhoewel groter, oop vensters meer lig na die vertrekke sal inlaat, is besluit om nie die bestaande vensters te vervang nie - dié het erfeniswaarde en dra by tot die karakter van die gebou.
- Die mure van die ganse onderste vloer kan oopgemaak word vir ligdeurlating - sien berekening op die volgende bladsy wat die voordeel hiervan wys (fig.).
- Die oorwegende gebruik van hout in die ontwerpvoorstelling moet slegs tot sekere elemente beperk word. Materiale met hoër reflektiwiteit sal meer geskik wees:

Kriteria vir materiaalkeuse:

- hoë reflektiwiteit
- moet nie blikkering veroorsaak nie (dus mat-afwerkings)

reflektiwiteit van materiale as % (Ashby & Johnson 2002: 63)

- Aluminium: 60
- Koolstofmetale: 57
- Vlekvrye-staal: 70
- Titanium: 56

reflektiwiteit van oppervlakteksture as % (Ashby & Johnson 2002: 63)

- mat: 1 - 10
- eierdop: 15 - 20
- semi-glans: 40 - 50
- volglans: > 80
- spieël > 95

Kleur speel ook 'n belangrike rol: swart absorbeer lig en wit reflekteer dit. Ligte metale met glans oppervlaktes sal dus die meeste lig reflekteer.



FIG 16: 'n ligte, behandelde hout sal ook lig goed reflekteer.



FIG 17: Serpentine paviljoen, Kensington-tuine, Londen deur Toyo Ito. (Gaventa 2006: 171) Wit aluminium het 'n uiters hoë reflektiwiteit - wit gegalvaniseerde staal is egter 'n goedkoper alternatief.

DAGLIJBEREKENING VIR GRONDVLOER VÓÓR EN NÁ INGRYPING (100% OPGEWING)
 (V_{ext} + V_{int} = nie beskikbaar) - Dus, slegs 'n vergelykende berekening.

$\frac{\text{gewaag}}{\text{gewaag}} = 1$

Werd aanvaar as 15 000 lux (die ontwerpmaatstaf vir gematigde kommersiële gebiede in SA)

Huidige ruimte:

DAGLIJFAKTOR (DF) = $\frac{\text{VERLYGINGSINTENSITEIT INTERIEN (V_{int})} \times 100}{\text{EKSTERIEUR}}$

$x = \frac{DF \times 15\,000}{100}$

ONTWERPDAGLIJFAKTOR (ODF) = $\frac{DF \times \text{GLASFAKTOR (GF)} \times \text{VUILHEIDSFAKTOR (VMF)}}{\text{EKSTERNE OBSTRUKSIEFAKTOR (EOBF)}}$

$\rightarrow \frac{1,9}{1} = \frac{DF \times 1,1 \times 1,7}{0,3}$

$\rightarrow 0,57 = DF \times 1,87$

$\rightarrow DF = 0,3$

$\therefore x = \frac{0,3 \times 15\,000}{100}$
 $= \frac{4\,500 \text{ lux}}{100}$
 $* = 45 \text{ lx}$

Voorgestelde ruimte:

DARF WORD VOORGESTEL OM DIE FASADE VO KOPPIERLOOS MEERWAL V. GLAS TE BOU

Nota: GF, VMF EN EOBF BLY ONVERANDERD.

$\text{ODF} = \frac{DF \times GF \times VMF}{EOBF}$

$\rightarrow 3,80 = \frac{DF \times 1,1 \times 1,7}{0,3}$

$DF = \frac{1,1 \times 1,7 \times 6,87}{0,3}$

$\rightarrow 1,14 = DF \times 1,87$

$\rightarrow DF = \frac{1,14}{1,87}$

$\rightarrow DF = 0,6$

$\therefore x = \frac{0,6 \times 15\,000}{100}$
 $= \frac{9\,000}{100}$
 $* = 90 \text{ lx}$

Afleidings: die daglig beskikbaarheid in die ruimte met groot glas vensters, is dubbel dat wat dit nou is.

GLASFAKTOR: DIE GLAS VO HUIDIGE VENSTERS IS GEWONE HELDER-GLAS EN HEBT DUS 80% LIG DEUR,
 $GF = 1,1$

VUILHEIDSFAKTOR: DIE AREA WORD AANVAAR AS 'DIBBEVOLK, RESIDENSIEEL' EN DIE RUITE AS 'VUIL'
 $VMF = 1,7$

OBSTRUKSIEFAKTOR: VANAF DIE 'LAD' SNIT WIRD GEMET

$\text{EOBF} = 69^\circ$
 $= 0,3$



ONTWERPDAGLIJFAKTOR:

$\frac{\text{KAMER DIEPTE}}{\text{VENSTERHOOGTE}}$

$\rightarrow \frac{13 \text{ m}}{1,6 \text{ m}}$

$\rightarrow 8,125$

L KAMERLENGTE = 16 m

L VENSTERS BESLAAN 60% VAN MUUR OPPV (VENSTERS AAN BEIDE KANTE VAN VERBODEN IN 19 GENOEM)
 \therefore LET AF V. TABEL 3.2 (V. ROSSBURY 2003: 16)

$\text{ODF} > 1,9$

ONTWERPDAGLIJFAKTOR:

$\frac{\text{KAMER DIEPTE}}{\text{VENSTERHOOGTE}}$

$\rightarrow \frac{13 \text{ m}}{2,9 \text{ m}}$

$\rightarrow 4,5$

L KAMERLENGTE = 16 m

L VENSTERS BESLAAN 90% VAN MUUR OPPV.

\therefore LET AF V. TABEL 3.2 (ibid.)

$\text{ODF} = 3,80$

FIG 18: dagligberekening indien die onderste vloer mure oopgemaak word. (outeur, 2006)

Term definisie:

'atrium:' "...enclosed, daylight, centroidal spaces..." (Bednar 1986: ix)ww





FIG 19: 'n vergelykende ondersoek van atriums teenoor binnehof. (outeur, 2006)

DAGLIGBEREKENING VIR GROND-OPPV. MET EN SONDER 'N GLASDAK

vir die berekening word die binnehof as 'n vertrek beskou en die opening na buite as 'n venster:



$$x = \frac{DF \times 15000}{100}$$

$$\text{ONTWERPDAGLIGFAKTOR (ODF)} = \frac{DF \times \text{GLASFAKTOR (GF)} \times \text{VUILHEIDFAKTOR (VHF)}}{\text{KAMERING OBSTRUKSIEFAKTOR (EOBF)}}$$

① SONDER DAKLIG

$$3 = \frac{DF \times 1 \times 1}{1}$$

$$DF = 3$$

$$x = \frac{DF \times 15000}{100}$$

$$= \frac{3 \times 15000}{100}$$

$$= 450 \text{ lux}$$

② MET DAKLIG

$$3 = \frac{DF \times 1,2 \times 1,3}{1}$$

$$3 = \frac{1,56 DF}{1}$$

$$DF = 1,92$$

$$x = \frac{DF \times 15000}{100}$$

$$= \frac{1,92 \times 15000}{100}$$

$$= 288 \text{ lux}$$

① SONDER 'N DAKLIG LAAT DIE OPENING 100% LIG DEUR, DUS GF = 1

② 'N DAKLIG MET GLAS WAT 70% LIG DEURLAAT (VOLGENS 'SMART GLASS' - 'SOLAR SHIELD')*, DUS GF = 1,2

① SONDER DAKLIG, N.V.T. DUS VHF = 1

② DIE AREA WORD AANVAAR AS 'DIYBROUW, RESIDENTIELE' EN DIE GLAS AS 'SKOON', DUS VHF = 1,3

① & ② AANNEEM DIE RUIMTE NA DIE UITSPANSEL OORMADK (IN TOTALITEIT) IS DIE EOBF = 1

① & ② ONTWERPDAGLIGFAKTOR:

$$\frac{L \text{ KAMERDIEPTE}}{\text{VENSTERHOOGTE}}$$

$$\rightarrow \frac{2,7 \text{ m } 3,0 \text{ m}}{1,1 \text{ m}}$$


$$\rightarrow 2,72$$

$$L \text{ KAMERLENGTE} = 3,7 \text{ m}$$

L "VENSTERS" BESLAAN 100% VAN "MUUR" OPVV.

∴ LET AF VAN TABEL 3.21 (V. ROUSBURG 2003:10)

$$ODF = 3$$



Benewens die nadele van 'n daklig, is die feit dat twee ander binnehofe in die DPW na atriums omskep gaan word. Indien die binnehof ter sake dus nie van 'n daklig voorsien word nie, gaan gebougangere steeds die opsie hê om gebruik te maak van bedekte ontspanningsruimtes:




FIG 20: voorgestelde atrium ruimtes vir die DPW. (outeur, 2006 na MEG argitekte, 2006)

* 'N GLAS WAT 100% LIG DEURLAAT SAL DEUR BESTRALKING DIE BOONSTE GEDeelTE V.O. RUIMTE TE' WARM MAAK.

FIG 21: dagligberekening vir binnehof vloer met en sonder 'n daklig. (outeur, 2006)

Die voor- en nadele van met of sonder 'n daklig is teenoor mekaar opgeweeg. Die hoër daglig vlakke in en om die ruimte asook die toekomstige bestaan van atriumruimtes in die gebou, het daarop gedui dat die voorsiening van 'n daklig nie geskik is vir die binnehof ter sake nie.

[4]
DREINERING

Water dreineer tans na oop beton-kanale aan die kante van die ruimte, waarna dit na 'n ondergrondse stormwaterpyp in die middel van die binnehof vervoer word:






FIG 22: huidige dreinering
(outeur, 2006)

Dieselfde strategie word gevolg, maar aangesien die aangrensende vertrekke oopgemaak word na die binnehof, word kanale onder trappe gehuisves:



detail van dreineringskanaal
1:5

Water wat op die houtdek van die koffiekroeg val, loop deur die openinge tussen die houtplanke, val op 'n gruisbed en dreineer dan na 'n geo-pyp wat aan die hoofdreineringspyp gekoppel is:



[5]
BEWEGING

Die bewegingspatrone van die gebou het die plasing van die vertikale beeldwerk beïnvloed. Die oorspronklike ontwerp het die integrasie van die beeldwerk met die voorgestelde hysbaksag voorgeskryf. Vanuit die ondersoek op die volgende bladsy (fig.) is daar egter besluit om dié twee elemente te skei sodat die beeldwerk vanuit die hysbak sigbaar kan wees. Die plasing van die hysbak is bepaal deur die ligging van die DPW hoofingang in Vermeulenstraat (die hoofingang is tans in Kerkstraat, maar gaan geskuif word): om te verhoed dat besoekers deur 'n oop binnehoef te hoef beweeg om by die hysbakke uit te kom, is besluit dat die hysbakke noord van die binnehof geplaas moet word. Hierop volg dat die vertikale beeldwerk teen die suide-muur van die binnehof geheg word (fig.).

Beweging deur die binnehof geskied in die middel van die ruimte - hierdie area moet dus oopgehou word van enige elemente wat beweging hinder (fig.).




FIG 23: beweging in die DPW
vanaf hoofingang
(outeur, 2006)







FIG 24: beweging deur binnehof
(outeur, 2006)




dreineringsplan 1:100


OPNAME IN RUIMTE



- 2 Facades is ontwerp v. daglig
- beeldwerk - steg esteties
- + beeldwerk kon ongeveer wees vanuit hysbak
- beeldwerk nie beperk deur balkon
- 2 Facades ontwerp v. daglig
- Trappe nader aan hoofingang
- + beeldwerk ongeveer v. trappe
- " deel v. hysbak-steg
- Vertikale sirkulasie is ver v. hoofingang; toegang daartoe nie beskud
- + Skandpeligte ingang (besker gloeiing om binnestot te oncos)
- 2 Facades ontwerp v. daglig
- + Hysbak naby hoofingang
- Beeldwerk ongeveer vanuit hysbak
- " deel v. trapstruktuur
- Beide blokke het toegang tot vertikale sirkulasie.



HUIDIGE VOORSTEL
 Plasing van dek is reeds voorgestel
 Ditto vir hoofingang



TRAP DIT W SO OM AS V BRONNITKAP

VERM: Met trappe altyd met hysbak geassie word. - spoor wel ruimte en koste.




FIG 25: ondersoek na plasing van vertikale beeldwerk en hysbak. (outeur, 2006)

“is die son-versteekte grondvloer ‘n koel-soos-oases ruimte met vloeiende water en donkergroen loof van die skaduplante wat groei met middagete son”

“Hierdie mure word tapyte, groen tapyte wat gryswater vanaf handwasbakke (met organiese seep) gebruik om te groei...”

6.1 Kriteria vir plantkeuse

Die oorspronklike ontwerp het ‘n priiel ingesluit aan die kante van die ruimte ten einde ‘n geleidelike oorgang tussen binne en buite te bewerkstellig. Navolgens die fenomenologiese teks is hierdie ruimte dan ook be-oog om van ‘n intieme skaal te wees in kontras met die groot, oop binnehof – ‘n plek om onder groen loof te sit met die klank van lopende water wat die gemoed sus. Die voorafgaande daglig-ondersoek [2] het egter gedui dat so ‘n struktuur die invloed van daglig na die ruimtes op die onderste vloere totaal sal beperk. Hierop is besluit om ‘n derglike ruimte te skep in die middel van die binnehof waar dit nie as ‘n obstruksie van daglig dien nie. Die kriteria vir die plantkeuse is hieruit afgelei:

- ranker
- skaduplant
- immergroen
- fyn tekstuur
- gekleurde loof (alhoewel die vertoon van blomme mooi sal wees, is dit hoogs onwaarskynlik gegewe die lae vlakke van lig (Harris & Dines 1998: 620 – 13))

6.2 Plantkeuse

Lorraine Middleton van die departement Plantkunde aan die Universiteit van Pretoria, het verskeie spesies voorgestel waarvan *Rhoicissu rhomboidea* (Bobbejaandruif, nasionale boom nommer 456.2) die naaste aan die bogenoemde kriteria voldoen: ‘n lewenskragtige ranker wat groot hoogtes kan bereik (Joffe 2001: 358). Aangesien hierdie plante by woude-toestande aangepas is, is hulle geskik vir toestande met weinig lig. Volgens Lorraine Middleton kan die min lig selfs voordelig wees deurdat die blare in welke geval rooi kleur. Hierdie plant se blare is ook kleiner as die meeste voorgestelde plante (veral die Suid-Amerikaanse rankers) met ‘n gevolglike fyner tekstuur.



FIG 26: loof van *Rhoicissu rhomboidea*
(Van Wyk 1997: 393)

6.3 Kabelstruktuur



FIG 27: Innenhof Westpark
(Asensio 2002: 458)

Bostaande is ‘n goeie voorbeeld van die gebruik van plante in die middel van ‘n binnehofruimte - hierdie ruimte word egter geheel en al deur die kabelstruktuur oorheers en daardeur in twee gedeel. Ter wille van die sigbaarheid van die uitspannel en vertikale beeldwerk, is besluit om ‘n derglike struktuur slegs in die een hoek van die ruimte te gebruik.




FIG 28: sketsontwikkeling van kabelstruktuur.
(outeur, 2006)

Die inisiele idee vir die kables was om ‘n priiel te skep waaronder geloop en gesit kan word. Egter, ten einde ‘n rustige ruimte buitekant die biblioteek te skep, is besluit om die ruimte te definieer met slegs een vertikale vlak (fig.):




FIG 29: verdere ontwikkeling van kabelstruktuur.
(outeur, 2006)

6.4 Lig

Volgens Manaker (1987: 32) is lig gewoonlik die hoof beperkende faktor by die gebruik van binneshuise plante. (Die binnehof toestande is in talle opsigte soos die van 'n binneshuise omgewing) Die ruimte waar plante beoog om geplant te word, ontvang ongeveer 450 lux van daglig sonder 'n daklig, wat verminder sal word tot 288 lux indien 'n daklig oor die ruimte geplaas word (sien berekeninge, fig.). *Rhoicissus rhomboidea* vereis 'n minimum van 500 lux/ 12 ure (Scrivens 1980: 99, tabel 12.1) om te kan groei. (Daar word na geen plante verwys wat met minder lig kan groei nie.) Veral indien 'n daklig opgesit gaan word, is die gebruik van addisionele elektriese lig 'n noodsaaklikheid:

Manaker (1987: 74) – elek. lig vir 12 ure – hoër intensiteit vir korter duur is nadelig.

BEREKENINGE OM HOEWELMID ADDISIONELE LIG VIR PLANTYDOET TE BOPAS

① SONDER DAKLIG

in gemiddelde van 450 lux is beskikbaar
vir in gemiddelde van 10 sonduure per dag in
die winter en 12 sonduure in die somer (na Napier 2000: 4 b.1)

* *Rhoicissus rhomboidea* vereis in min v. 500 lux vir 12 ure/dag (Scrivens 1980: 99)

* Metaal-halied lig is gekies as bron v. elek. lig

1.1 SOMER

gemiddelde daglig nodig vir 0,06 MJ/dag
Daglig bydra tot energie:
→ 450 lux × 12 ure × 4.3 = 23220 mWh/m²
(lm/m²)
→ 23220 mWh/m² × 3,6 = 83592 J/m²
→ 60000 J/m² - 83592 J/m² = -23592 J/m²
(hoeveelheid benodig)

∴ Daglig voorsien geneeigsame energie
MAAR *Rhoicissus* benodig in min van 500 lux

1.2 WINTER

Daglig bydra tot energie:
→ 450 lux × 10 ure × 4.3 = 19350 mWh/m²
→ 19350 mWh/m² × 3,6 = 69660 J/m²
→ 60000 J/m² - 69660 J/m² = -9660 J/m²

∴ Daglig voorsien geneeigsame energie
→ MAAR in elektra 500 lux word benodig (gemiddeld)
(500 - 450 lux) oor 12 ure
(Aanvaor in werksdag van 8 ure, dan)

$$\frac{500 \text{ lux}}{12} = \frac{x \text{ lux}}{8}$$

$$x = 75 \text{ lux}$$

$$500 \text{ lux} \times 12 = 600 \text{ lux}$$

$$x \times 8 = 600 \text{ lux}$$

$$x = 75 \text{ lux (oor 8 ure)}$$

② MET DAKLIG

- Vir metaal-halied lig:
1 lumen = 2,9 mWatt
- 1 mWh = 3,6 Joules

(Scrivens 1980: 41-42)

Daylig
- lumen = 4.3 mW/l

2.1 SOMER

Daglig bydra tot energie
→ 288 lux × 12 ure × 4.3 = 14860.8 mWh/m²
→ 14860.8 mWh/m² × 3,6 = 53498,8 J/m²
→ 60000 J/m² - 53498,8 J/m² = 6501,2 J/m²
(Aanvaor in werksdag van 8 ure waartydens elek. lig aangesit word)
 $\frac{6501}{3,6 \times 2,9 \times 8} = x$

→ x = 78 lux add. lig word benodig
MAAR min 500 lux ∴ 500 - (288 + 78) = 318 lux
oor 12 ure
= 318 lux oor 8 ure

2.2 WINTER

Daglig bydra tot energie
→ 288 lux × 10 ure × 4.3 = 12384 mWh/m²
→ 12384 mWh/m² × 3,6 = 44582,4 J/m²
→ 60000 J/m² - 44582,4 J/m² = 15417,6 J/m²
(Aanvaor in werksdag v. 8 ure waartydens elek lig aangesit word)
 $\frac{15417,6}{3,6 \times 2,9 \times 8} = x$ MAAR min 500 lux ∴ 500 -

→ x = 195 lux add. lig word benodig

318 lux

FIG 30: berekening van benodige lig vir plante (outeur, 2006)

Die vorige berekeninge dui dat 500 lux / 12 ure n.d. daag
 genoegsame beskerming vir die plante sal gee.
 Benodigde lig is dus

1.1) SONNIGE DAKLIG IN SOMER:
 - 50 lux / 12 ure (06:00 → 19:00)

2.1) MET DAKLIG IN SOMER
 - 212 lux / 12 ure (06:00 → 19:00)

1.2) SONNIGE DAKLIG IN WINTER:
 - 50 lux / 10 ure (07:00 → 17:00)
 + 500 lux / 2 ure (17:00 → 19:00)

2.2) MET DAKLIG IN WINTER
 - 212 lux / 10 ure (07:00 → 17:00)
 + 500 lux / 2 ure (17:00 → 19:00)





FIG 31: benodigde lig vir plante (outeur, 2006)

Aangesien die besluit geneem is om nie die binnehof van 'n daklig te voorsien nie, wys die berekening (fig.) dat die plante genoegsame energie [Joule] van die beskikbare daglig sal ontvang. Die plante benodig wel 'n addisionele lugintensiteit van 50 lux oor twaalf ure. Inagenome dat 'n werksdag agt ure is (waartydens die beheer van beligting moontlik sal wees), word dit 75 lux (fig.). In die winter sal dit nodig wees om 'n lig van 500 lux vir twee ure op die plante te skyn.




gooi afstand x mf = diameter

gooi afstand x 1,15 [vanaf vervaardiger] = 8m [nodige diameter afgedus, gooi afstand = 7m.

* Harris & Dines (1998: 620 - 7) beskryf metaal-haliedligte as geskikte ligte vir plante, veral weens die goeie kleurvertolking.

6.5 Besproeiing

Die oorspronklike ontwerp het die idee van 'n 'groen-muur' bevat wat gryswater gebruik om die plante nat te lei (fig.) Die daglig ondersoek het egter gewys dat so 'n muur die daglikvlakke in die ruimte aansienlik sal verminder - daarop is besluit om eerder 'n kabelstruktuur in die middel van die ruimte te ontwerp waarteen plante kan groei. Die gevolg hiervan is 'n vermindering in die hoeveelhede plante asook 'n skuif van die plante weg van die muur waarteen al die gryswaterpype geheg is. Berekeninge is gedoen om te bepaal of dit werklik nodig is om van gryswater gebruik te maak, en of die opvang van reënwater nie genoeg vir besproeiing is nie:



1095 x 0,65
 = 711,75 m²
 = 711 000 l / jaar

Opse 1:
 Al die water wat dreineer na die binnehof word in 'n tenk opgevang en vir besproeiing gebruik.

FIG 32: hoeveelheid water wat deur dak opgevang word (outeur, 2006)

WATER-GEBRUIK VAN PLANTE
 (na Harris & Dines 1998: 750-18-19)

$$\text{water gebruik (per dag)} = \frac{(0,623 \times \text{oppv. van kraan}) \times \text{potensiele gebruik} \times \text{plant faktor}}{\text{besproeiings effektiwiteit}}$$

1) Oppervlak van kraan:
 Die plante wat oorwegend is rankers. in tydens diameter van 2m word oorwaag (afgelei van Joffe 2001)
 $\therefore \text{oppv} = 2m^2 \times 0,17854 = 3,14 m^2$

2) Potensiele gebruik:
 Vir 'n gematigde klimaat = 0,25

3) Plant faktor (weerstand teen stres)
 Vir immergroen rankers = 1

4) Besproeiings-effektiwiteit
 Vir gematigde toestande = 0,90

$$\therefore \text{water gebruik} = \frac{(0,623 \times 3,14) \times 0,25 \times 1}{0,90} = 0,54 \text{ l/day}$$

Die ontwerp vereis 20 plante
 $\therefore 20 \times 54 \text{ l/day} = 1080 \text{ l/day} = 3942 \text{ l/jaar}$

FIG 33a: watergebruik van plante (outeur, 2006)

Die berekening (figure) toon dat die hoeveelheid water wat vanaf die dak deur die geute opgevang word, genoeg is om aan die plante te voorsien. Soveel so dat slegs een van die geute aan 'n tenk gekoppel hoef te word. 'n Tweede oorvloei-tenk sorg dat daar genoeg water is vir die winter maande. Die oorvloei tenk is aan 'n dreineringspyp gekoppel ingeval dit oorloop.

Die klein hoeveelheid plante regverdig nie 'n ge-outomatiseerde besproeiingsstelsel nie en is daarom besluit dat plante met die hand natgelei gaan word: water word deur 'n pomp vanaf die tenks na 'n kraan gepomp.







FIG 33b: ondersoek van groen muur (outeur, 2006)



55 X 100 X 6,7kg/m g.s.s. I-kolom aan basis gebout met M10 g.s.s. ankerboutte in beton gegiet

detail van pompkamer-keermuur onder dek (na Wegelin 2006: 28) 1: 20



“Die lawwe en irrasionele binnehof kontrasteer visueel met die Neo-Klassieke ideale.”

“Die mure van die binnehof is ook landskap en word gesien vanuit teenoorgestelde kantoorvensters...”

7.1 Voorbeelde

“Since the 1970’s non-volumetric architecture of a vertical character has grown less and less sculptural and more and more architectural. This permits these configurations to be turned into collective, livable and usable events.” (Aymonino *et al* 2006: 63)




FIG: 34

FIG: 35

FIG: 36

FIG: 37

7.2 Sketsontwikkeling




FIG 34: Expo 2002 Forum Artepilage Biel, Switzerland deur Coop Himmelb(l)au (Aymonino *et al* 2006: 70).

FIG 35: The Bubble: Korkeasaari Zoo uitkyk toring, Helsinki Universiteit deur Viller Hara. (Aymonino *et al* 2006: 80)

FIG 36: Tour de Belvedere, Friesland, Nederland deur Next argitekte. (Aymonino *et al* 2006: 88 – 89)

FIG 37: Sendai Médiathèque. Sendai, Japan. Toyo Ito. (in Brayer *et al* 2004 : 250 – 251)




FIG 38: sketsontwikkeling van vertikale landskap let op die oorewing van 'n trapstruktuur (outeur, 2006)





FIG 39: sketsontwikkeling van verticale landschap (outeur, 2006)

VOORBEELD: Tadashi Kawamata, Toronto (1989)

- herbruikte hout
- kontroos met statiese gebou





in "The world of contemporary architecture XX"

Konemann: belogere
berver, F.A. 2000








struktuur


leestuur



struktuur




of



in gevoude staal plaat

word aan een plek geheg

bestaande kolom
(bewaarpennig?)



lang?




FIG 40: sketsontwikkeling van vertikale landskap
idee van gevoude plate word ondersoek
(outeur, 2006)

7.3 Om te vou

Die idee van vou as kontemporêre vormgewer is sigbaar in van die landskapargitek Ken Smith se projekte, byvoorbeeld in sy 'East River Ferry Landings' en 'Hiriya landfill project:'

"Yes, this similarity reflects my move toward vertical green and folding forms." (in Amidon 2006: 75)

Alhoewel die outeur aanvanklik die gevoude vorms slegs gebruik het as 'n manier om lig in die ruimte in te reflekteer (en as kontemporêre estetika), het dit duidelik geword dat die vorms nie blote bekledings hoef te wees nie, maar self as die struktuur van die vertikale landskap.



FIG 41: *Mutant gardens*. Lausanne, Switzerland. 1999. Ken Smith. (in Amidon 2006: 22)
 FIG 42: *Struktuur van planthouers vir East River Ferry Landings*. New York, New York, VSA. 2005. Ken Smith. (in Amidon 2006: 88)
 FIG 43: *Chichu kunsmuseum*. Kagawa, Japan. 2004. Tadao Ando. (in Brayer et al 2005: 247)
 FIG 44: *Denia-kasteel kulturele-park*. Denia, Spanje. Vicente Guallart. (in Betsky 2002: 165)
 FIG 45: *Tilla Durieux park*. Berlyn, Duitsland. 2003. DS landskapsargitek. (in Gaventa 2006: 40)
 FIG 46: *Hiriya Landfill park kompetisie*. Tel Aviv, Israel. 2004. Ken Smith. (in Amidon 2006: 20)




FIG 47: *skulpturale ontwikkeling van traskag.* (outeur, 2006)

7.4 materiaalkeuses


In die daglig-ondersoek [2] is genoem dat materiale in die binnehof 'n hoë reflektiwiteit moet hê, maar mat afwerkings om blikkering te voorkom. Die metale voldoen aan hierdie kriteria (met die nodige afwerkings) en bied ook genoegsame strukturele sterkte vir die vorm van die beeldwerk. 'n Estetiese vergelyking is tussen verskeie metale uitgevoer (fig.) waarop gegalvaniseerde staal met 'n dowwe wit afwerking gekies is - 'n materiaal wat volgens Prof. Burtzik (2006, persoonlike kommunikasie) struktureel en ekonomies geskik is vir die ontwerp.



CORTEN

VLEKVRYE STAAL MET DOWWE, MAT AFWERKING

WIT ALLUMINIUM



WIT GEVERFDE GALVANISEERDE STAAL MET HOUT-BEKLEDING TEEN MUUR

FIG 48: *estetiese vergelyking tussen verskeie metale vir die beeldwerk* (outeur, 2006)

7.5 Struktuur en vervaardiging

Die konsep vir die vertikale landskap as 'n beeldwerk wat die las van die dek op die sewende vloer dra en ter selfde tyd as 'n trapsgang dien, is verwerp:

- Die dek kan maklik aan die gebou se beton-kolom en bladstruktuur geheg word. Sodoende word die strukturele vereistes van die beeldwerk verminder en die ontwerp bevry.
- Die vereistes vir 'n trapsgang sou die grootte van die beeldwerk bepaal en dus 'n minimum wydte van 3 meter. Daar is besluit dat so 'n struktuur die reeds knap binnehoof ruimte onnodig sou vul - hierop is die beeldwerk vernou na 1,8 meter.

Aangesien die beeldwerk steeds sal neig om na die noorde- en oostekant te kantel, is dit nodig om die struktuur aan die gebou te heg (fig.). Indien hierdie laste sterk genoeg ontwerp word, sal dit genoeg wees om die lading na die geboustruktuur oort te dra wat die oordrag van kragte na die grond, onnodig maak. Dit is belangrik dat daarnie staat gemaak word op die baksteenmurenie, maar op die betonblad- en kolomstruktuur van die gebou.




FIG 49: kragte wat op struktuur inwerk (outeur, 2006)




FIG 51: vou van staalplate (outeur, 2006)




FIG 53: maniere om lasse van staalplate te versterk (outeur, 2006)

7.5.1 Sny van die staalplate

Die vorm van die beeldwerk is aanvanklik met kartonmodelle geskep (fig.). Hierdie vorm is met 'n rekenaarprogram na 'n drie-dimensionele digitale formaat omgeskakel. Ten einde die snydetails vir die plate te teken, was dit nodig om elke driehoek van die beeldwerk te isoleer en te roteer na die plat horisontale vlak. Aangesien die plate aanmekaar geheg moet word, is dit nodig om die plate aan die rande om te vou om die area van vashegging te vergroot (fig.). Die planne vir die sny van die plate bestaan dan uit die driehoeke soos dit in die drie-dimensionele model voorkom, plus die grootte en vorm van die rande wat gevou gaan moet word. Hierdie planne is vir elke driehoek geteken (fig.) Let dat pare van aangrensende driehoeke vanuit een plaat gevou word om die aantal lasse te beperk




FIG 52: proses om sny-details vir staalplate te teken (outeur, 2006)




FIG 53: die beeldwerk in parte
nie volgens skaal (outeur, 2006)




FIG 54: planne van staalplaat sny-details
nie op skaal (outeur, 2006)

Die rekenaar genereerde planne (fig.) word na 'n CNC [*computer numerical control*] lasersnyer ingevoer en uit 3mm dik sagte-staaplate gesny - die dikte is gekies op aanbeveling van Prof. Burtzik, strukturele ingenieur aan die Universiteit van Pretoria.

7.5.2 Vou van die staalplate

Vir die akkurate vouwerk wat benodig is, word gebruik gemaak van 'n CNC voumasjien. Sulke masjiene kan van klein, intrieke vorms vou tot groot panele vir voertuigvervaardiging. Derglike masjienerie bestaan in Suid-Afrika. Die naaste aan die terrein wat die outeur kon vind, is in Durban. Plate kan dus gesny en gevou word en per trek na 'n werkswinkel in Pretoria vervoer word vir behandeling en vashegging.




FIG 55: Tipiese voumasjien
(onbekend, 2006)



FIG 56: naby blik van voumasjien
(onbekend, 2006)

7.5.3 Vasmaak van plate

Daar is drie moontlikhede om die gevoude staalplate aanmekaar te heg (Gründmuller 1998: 148):

- 1) meganies (byvoorbeeld met boute)
- 2) termies (byvoorbeeld met soldering)
- 3) chemies (met kleefstof)

Die voordeel van **meganiese vasmaking** is dat die elemente na konstruksie weer maklik van mekaar verwyder kan word. Die nadele is egter:

- gate wat geboor moet word verswak die plate,
- lading word op die punte van vasmaking gekonsentreer en vereis derhalwe dikwels die gebruik van plate met groter dikte,
- die kans op roes word vergroot.

Hoë temperature tydens **soldering** mag moontlik tot die strukturele verswakking van die plate lei. (*ibid.*) Aangesien galvanisering ná soldering moet plaasvind, sal óf die ganse beeldwerk vooraf aanmekaar geheg moet word en dan in die fabriek gegalvaniseer en geverf word, óf die prosesse op terrein moet geskied wat nie gewens is nie (*in situ* galvanisering is nooit geheel en al doeltreffend nie). Verder is solderingslaste sigbaar en dikwels onegalig.

Chemiese kleefstowwe bied 'n eweredige oordrag van spanning, affekteer nie die strukturele integriteit van die elemente nie en bied bowenal 'n elegante las wat ook waterdig is. (*ibid.*) Die mees geskikte kleefmiddel vir metaal op metaal verbindings is 'n **akrilies-anaërobiese strukturele-kleefmiddel**. (Gründmuller 1998: 160 - 166) Die hoof nadeel van kleefstowwe is die hoër koste. Die kleefmiddel word in kontak gebring met 'n vloeibare aktiveerder en neem vyf minute om te heg.


In oorweging van die voor- en nadele van die drie vasmaak moontlikhede, is op 'n kombinasie van die drie besluit:

- Die gesny- en gevoude plate word in die werkswinkel aan mekaar gesweis met deurlopende sweislaste*. Die beeldwerk word egter nie in sy geheel aanmekaar gelas nie, maar in drie dele (fig.) om vervoer na die terrein asook die plasing daarvan in die binnehof te vergemaklik. Sweiswerk moet voldoen aan SABS 0400. (Wegelin 1999: 59)
- Die afsonderlike dele word aan die gebou gebou. Dit laat toe vir die toekomstige verwydering van die beeldwerk - dit is goeie beleid om enige ingrypinge aan historiese gebou verwyderbaar te maak.
- Die twee lasse tussen die drie dele van die beeldwerk word met 'n kleefmiddel geheg - sodoende hoef geen galvanisering op terrein gedoen te word nie.

*Die Hinzert Museum in Duitsland (fig.) is 'n goeie voorbeeld waar 'n derglike struktuur suksesvol vervaardig is: eiesoortige Corten-staal driehoekplate is aanmekaar gesweis. (Hirsch & Lorch 2005: 1 - 4) Die plate is 12mm dik. Die plate is gesny deur 'n CNC [*computer numeric control*] masjien. Die struktuur is gedeeltelik in 'n werkswinkel vervaardig en volledig op terrein aanmekaar gesweis. Daarna is die staal gesandblaas (om enige roes te verwyder) en ge-oxideer.




FIG 57: *Hinzert Museum*. Duitsland. Vicente Guallart.
Hirsch & Lorch (2005: 1 – 4)




die beeldwerk oppad vanaf Durban na Pretoria.

FIG 58. *Beeldvervoer*.
(outeur, 2006)





detail van kleefmiddel las
nie volgens skaal








gemiddelde gewig van beeldwerk:

3,6m² X .003m dikte = 0.0108m³ staal
 daar is 43 driehoeke, dus
 0.0103 m³ X 43 = 0.4429 m³ staal
 staal weeg 7850kg/m³, dus
 0.4429 m³ X 7850kg = **3476kg (3.476 ton)**

FIG 59: hegpunte aan bestaande kolomstruktuur
 nie volgens skaal (outeur, 2006)



detail van beeldwerk aan gebou
verbinding 1:5



Die kafee wat uitleef op die skulpturale dek, vereis gedeeltelike beskutting van son en reën. Verskeie dakvorme is ondersoek wat óf by die beeldwerk se vorm aansluit, óf daarmee kontrasteer. **Laasgenoemde is as die beter oplossing gevind.** Daar is egter besluit om die dak nie ook van gevoude staalplate te maak nie, maar van 'n liggewig polyster doekmateriaal. Kables word gebruik om die materiaal mee te span en vind sodoende aansluiting by die 'groen gordyn.'

FIG 60: estetiese vergelyking van verskeie dakvorme (outeur, 2006)








FIG 61: collage voorstelling van restaurantdek
(outeur, 2006)




plan van dekstructuur
1:100



plan van houtdek-latte
1:100



detail van I-balk aan kolom
1: 5



detail van balkon en glas-ballustrade
1:10




FIG 62: model van beeldwerk
(outeur, 2006)

7.5.4 Behandeling van beeldwerk

Nadat die plate aanmekaar gesweis is, moet dit skoongemaak word van enige olies, ander vetterighede en vuilheid. Enige tekens van roes moet afgeskuur word. (Wegelin 1999: 59) Nadat alle sweiswerk voltooi is, moet die dele van die beeldwerk gegalvaniseer word. Die grootte van die dele noop dat galvanisering aangespuit word, in stede daarvan om die elemente in 'n bad te dompel. Galvanisering moet voldoen aan SABS 763. (*ibid.*)

Ten einde die gegalvaniseerde dele te verf, moet twee lae emulsie-dakverf aangewend word, voldoende aan SABS 940. (Wegelin 1999: 102) 'n Dowwe wit emalje verf word op die dele gespuit. Alle afwerkings moet reeds in die werkswinkel gedoen word.

[8] VLOERTAPYT

“Die grondvloer van die binnehof word nie veel in die winter benut nie, maar dien self as 'n tapyt, of skildersdoek vir die oë vanuit kantore en mense wat oor die restaurant se balkon leun.”

Die vloeroppervlakte van die oorspronklike ontwerp is hanteer soos 'n tapyt wat vanuit die kantore en restaurant sigbaar is. Voorbeelde hiervan is Burle Marx se bekende vloerpatrone aan die seefront van Rio de Janeiro wat vanuit hotelkamers sigbaar is, en meer onlangs Ken Smith se MoMA daktuin in New York. 'n Ondersoek is gedoen om 'n derglike vloer te skep in die binnehof deur gebruik te maak van algemene gebruikte vloermateriale in die Kerkplein omgewing (fig.). Die resultaat was egter onvoldoende om twee redes:

- 1) die materiale is meestal donker van kleur. In die bespreking oor daglig is gevind dat die vloeroppervlakte lig van kleur moet wees om lig opwaarts te reflekteer.
- 2) die 'groen gordyn' en 'vertikale landskap' vervul reeds die doel om as beeldwerke te troon en vereis eerder 'n eenvoudige as intrieke agtergrond; die mure van 'n kunsgalery moet nie kompeteer met die kunswerke self nie.

'n Oorsig van hedendaagse landskapprojekte in *Ultimate landscape design* (Asensio *et al* 2005) ondersteun laasgenoemde deurdat die hantering van die vloer meermale uiters eenvoudig is sonder om dood en tekstuurloos te heet. Robuuste materiale wat goed verouderd (soos klip) is altyd 'n gunsteling (figure dien as voorbeelde):

- witpoort sandsteen keistene (fig.) word gebruik vir oppervlakte waarvoor dikwels geloop gaan word
- beton trappe (fig.) om hoogte verskille tussen vertrekke in die gebou en binnehof te bewerkstellig
- houtdek vir koffiekroeg (fig.) ten einde 'n ewesoortige vloer oppervlak te skep vir die binne- en buiteruimtes van die koffiekroeg
- beton eenhede waartussen mos groei (fig.) vir die area buite die biblioteek






FIG 63: collage ondersoek na vloer materiale (outeur, 2006)







FIG 64: finale ontwerp van vloer oppervlakte (outeur, 2006)



plan van dekstruktuur
1: 100



detail van pompkamer-keermuur onder dek
(nie volgens skaal)

“'n koel-soos-oases ruimte met vloeiende water”

Ten einde 'n rustige leesatmosfeer te skep buite die biblioteek, is besluit op die voorsiening van 'n waterelement. Aangesien die binnehof reeds ruimtelik knap is, sou 'n waterelement in die vorm van 'n fontein (of iets dergelik) die ruimte onnodiglik vul. Hierop is besluit dat die waterelement 'n kanaal sal wees wat vertikaal teenaan die weste muur sal afloop en horisontaal tot in die middel van die binnehof. Die westemuur word met wit terazzo teëls bedek met sonderlinge swart teëls om 'n patroon te vorm (fig.)



FIG 65: Voorbeeld van 'n waterelement teenaan muur. (in Asensio 2002: 360)



FIG 66: collage voorstelling van muurpatroon. (outeur, 2006)

vloer word muur in sandklipmuurbekleding teen die weste en ooste mure




FIG 67: skets deursnit van watermuur en kanaal (outeur, 2006)





FIG 68: Sketsverduideliking van waterelement (outeur, 2006)



Totale volume van waterelement:

Kanaal teen muur: $l \times b \times h$
 $0,3m \times 0,4m \times 10m$
 $1,2m^3$


Uitvloei-pyp: $\pi \times r^2 \times \text{lengte van pyp}$
 $3,14 \times (0,075m)^2 \times 11m$
 $0,2m^3$

2 X Invloei-pype: $\pi \times r^2 \times \text{lengte van pyp}$
 $3,14 \times (0,05m)^2 \times 11m$
 $0,086m^3 (X 2)$
 $0,17m^3$

Totale volume = $1,2m^3 + 0,2m^3 + 0,17m^3$
 $= 1,57m^3$
 $= 1570 \text{ liter water}$


dus is 'n 2000 liter tenk voldoende as oorvloei tenk vir die waterelement

plante benodig 3942 liter water/ jaar (sien p. 9, Volume II vir berekening)
'n 4000 liter tenk is dus voldoende vir besproeiing



WATERVLOEI DIAGRAM
(nie volgens skaal)

[10]
SNITTE



STOORKAMER

TOILET

TOILET

TOILET

TOILET

TOILET

TOILET

TOILET

TOILET

BESTAANDE VESNTER
WORD TOEGEMESSEL

SAAG-GEKERFDE
SANDSTEENMUUR (DETAIL 7)

ALUMINIUM RAAM
VOLGENS VERVAARDIGER
SE SPESIFIKASIES

350 X 600 BETON
STROOKFONDAMENT
Ø 160 PLASTIEK
DREINERINGSPP
(SIEN DREINERINGSPLAN: 9)
100 X 100 X 100 WITPOORT
SANDSTEEN
KEISTENE

BEELDWERK VOOR OM DAK
TE VORM. ONDERKANT IS MET
MARINE LAAGHOUT AFGEWERK

KROEG

KROEG

KROEGDEK (PLANNE 17 & 18)

BALUSTRADE
(DETAIL 20)

VERTIKALE BEELDWERK
(SIEN DETAILS EN DIAGRAMME)

HEGPUNT AAN GEBOU
(DETAIL 16)

ALUMINIUMRAAM VOLGENS
VERVAARDIGERS SPESIFIKASIE

HOUTBEKLEDING
(DETAIL 21)

BALUSTRADE
(DETAIL 20)

VRYDRAER BALKON
(DETAIL 20)

KABEL AAN GEBOU
(DETAIL 3)

KABEL AAN KABEL
(DETAIL 2)

KABEL AAN GEBOU
(DETAIL 3)

RAADKAMER

KOFFIEKROEG

KOFFIEKROEG

KOFFIEKROEG

INGANG

BIBLIOTEK

BIBLIOTEK

BIBLIOTEK

560 X 100 X 500 WITPOORT
SANDSTEEN BLOK


100 GRUIS
100 X 100 X 100
WITPOORT
SANDSTEEN
KEISTENE
600 X 200 BETON
STROOKFONDAMENT
RHOICISSUS RHOMBOIDEA

Ø 160 PLASTIEK
DREINERINGSPP
(SIEN 9 & 14)

WATERMUUR (DETAIL 7)

BETONTRAP TEEN
HOUTDEK (DETAIL 13)

AANSIG/ SNIT VAN SUIDMUUR
(nie volgens skaal)



lag onder mekaar
ons verstaan
geen woord en
spring toe by die
vensterruit uit
en land toe in 'n
binnehof uit 'n
ander wêreld uit.

